

**ASPEKTE VAN NASIONALE EN KULTURELE  
IDENTITEIT IN 'N VERENIGENDE  
EUROPA SEDERT 1958 :  
ENKELE GEVALLESTUDIES**



TESIS INGELEWER TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE  
VEREISTES VIR DIE GRAAD MAGISTER IN DIE  
LETTERE EN WYSBEGEERTE (GESKIEDENIS) AAN DIE  
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

**STUDIELEIER : PROF A GRUNDLINGH**

**MAART 2003**

## **VERKLARING**

EK, DIE ONDERGETEKENDE, VERKLAAR HIERMEE DAT DIE WERK IN HIERDIE TESIS MY EIE OORSPRONKLIKE WERK IS EN DAT EK DIT NIE VANTEVORE, IN DIE GEHEEL OF GEDEELTELIK, BY ENIGE UNIVERSITEIT TER VERKRYGING VAN 'N GRAAD VOORGELÊ HET NIE.

T H M CARSTENS

## SAMEVATTING

In 'n globaliserende wêreld volg dit dat die identiteit van individue onder druk sal kom omdat die grense tussen state neig om te vervaag. Dit is juis as gevolg hiervan dat soveel mense ongemaklik voel met hulself en betrokke raak by 'n desperate soeke na nuwe punte van verwysing en nuwe waardestelsels.

Gedagtig hieraan word die geskiedenis ingespan om die problematiek te verken deur ondersoek in te stel na die verloop van omstandighede op 'n kontinent waar die kwessie inderdaad tans uiters aktueel is. Sekere aspekte van Europa, wat die spilpunt van die katastrofale Tweede Wêreld Oorlog was, maar terselfdertyd ook die bakermat van 'n Eurosentrisme wat geleidelik oor eeue ontluik het, word onder die vergrootglas geplaas ten einde te bepaal watter neigings te bespeur is. Hierdie ondersoek kon ook nie die val van die Sowjet-ryk en die opkomende nasiestate in Oos-Europa ignoreer nie, omdat dit 'n belangrike breuklyn in die Europese geskiedenis van die twintigste eeu verteenwoordig.

'n Verenigende Europa word vergestalt in verskeie organisasies wat sedert die Tweede Wêreld Oorlog ontstaan het enersyds vanweë pogings van Europeërs om hulself te orden, of andersyds, vanweë pogings van die Atlantiese bondgenote om 'n verenigende front jeens Sowjet-Rusland te vorm. Met die val van die Sowjet-Republiek in 1989, het die begrip 'n verdere verandering ondergaan toe Oos-Europese lande aangesluit het by institusionele strukture van 'n verenigende aard soos die Raad van Europa. Juis as gevolg hiervan het die identiteitskwessie sterker na vore getree. Die enigste realistiese en pragmatiese norm om dit te meet binne die gegewe tydsgewrig was aan die hand van die soewereiniteit van die nasiestate. Die meting gaan egter gepaard met die wete dat soewereiniteitsbeskerming of -verlies plaasvind op hoë politieke of konstitusionele vlakke waarby die algemene publiek selde betrek, maar inderdaad as uitvloeisel, geaffekteer word. Dit lei dus tot 'n gebrekkige demokratiseringsproses.

Gesien vanuit die oogpunt van die vroeër denkers van Europeanisering asook die VSA, was daar botsende menings oor die verlies of beskerming van soewereiniteit, maar 'n



erkenning dat groter eenheid tog tot 'n mate van soewereiniteitsverlies kon lei. Brittanje het inderdaad, sonder om dit openlik te erken, reeds met sy aansluiting in die 1970's afstand gedoen van 'n gedeelte van haar soewereiniteit deur die aanvaarding van die toetredingsvoorwaarde dat, waar Britse en Europese Ekonomiese Gemeenskap wetgewing bots, laasgenoemde sou oorheers. Gedagtig hieraan, is dit dus duidelik dat wat nasionale en kulturele identiteit betref, Brittanje reeds haarself begeef het in 'n nuwe verhouding. Die nuwe verhouding versterk deur Brittanje se onderskrywing van die beginsel van subsidiariteit, kom eintlik daarop neer dat 'n persoon terselfdertyd Brits en Europeër kan wees.

Dieselfde tendens is te bespeur in die institusionele reëlings en programme van die Raad van Europa asook die Europese Unie.

Wanneer die standpunte en rol van België as een van die stigterlande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap, maar terselfdertyd 'n kleinstaat, ondersoek word, kom die verskynsel ook sterk na vore, moontlik egter met nog meer beklemtoning van die streeksrolle van gebiede as gevolg van sterk identiteitsvormende invloede.

Ten laaste word dit dus duidelik dat 'n gelyktydige Europees-wees asook Brits-wees, of Vlaams-wees, nou aan die orde van die dag begin kom. Die Europees-wees is egter nog van 'n verbruikersgoedere aard. Dit omvat nog nie 'n lewenskragtige Europese identiteit nie veral as gevolg van die taalverskille wat belemmerend inwerk op die Europeanisering van nasionale en kulturele identiteite. Pogings om die probleem op te los deur slagspreuke soos "eenheid in diversiteit" werp nog nie die nodige vrugte af nie.



## ABSTRACT

In a globalizing world it follows that the identity of individuals will come under scrutiny as borders between states fade. It is exactly for this reason that so many people feel uncomfortable within themselves and become involved in a desperate search for new terms of reference and value systems.

By virtue of this, history is utilized to explore the problem by tracing circumstances on a continent where the issue is currently very topical. Certain facets of Europe, which was the axis of the catastrophic Second World War but simultaneously the cradle of an Eurocentrism which has evolved gradually over centuries, is carefully scrutinized in order to determine what tendencies are becoming noticeable. This investigation cannot ignore the demise of the Soviet Empire and the burgeoning nation states of Eastern Europe since it represents an important divide in the European history of the twentieth century.

A unifying Europe is embodied in various institutions which have sprung up since the Second World War, partially due to efforts of Europeans to organise themselves or alternatively, as a consequence of the Atlantic allies' attempts to present a united front to Soviet Russia. With the demise of the Soviet Republic in 1989, the concept underwent a further change when the Eastern European countries joined the institutional structures of a unifying nature such as the Council of Europe. It is exactly because of this that the identity issue came to the fore. The only realistic and pragmatic yardstick to measure national and cultural identity within the defined period is by employing the sovereignty of the nation state. Concurrently with this yardstick is the realisation that the protection or loss of sovereignty occurs within the upper constitutional or political levels where the public is seldom involved, but ultimately as a consequence affected. This reflects a democratic deficit.

Seen from the angle of the early protagonists of Eurocentrism as well as the USA, there were conflicting views on the protection or loss of sovereignty, but an admission that greater unity could lead to the loss of some sovereignty. Britain, without publicly

acknowledging it, had indeed surrendered some of its sovereignty during the 1970's when it became a member of the European Economic Community, by subjecting itself to the ruling that European Union legislation would be superior to that of Britain in the event of a conflict. Britain had thus, with regard to national and cultural identity, already proceeded to a new relationship. This new relationship was reinforced by Britain's under-writing of the principle of subsidiarity which ultimately promotes a dual identity of being British and European.

The same tendency was noticeable in the institutional arrangements and programmes of the Council of Europe and the European Union.

On investigating the viewpoints and role which Belgium, as one of the founder members of the European Economic Community, and simultaneously a small nation, this tendency also becomes very apparent, but possibly with greater emphasis of the regional role as a result of strong identity forming influences.

In conclusion, it is thus apparent that being a European, and British or Flemish simultaneously, is currently becoming the vogue. However, being European is currently of a consumer-goods nature. It does not embrace a vibrant European identity particularly as a consequence of the language difference which limit the Europeanisation of national and cultural identities. Attempts to resolve the problem through adages such as "unity in diversity" has not produced the expected results.



## BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende bedank:

- My Skepper, vir alles.
- My studieleier, Prof A Grundlingh, vir sy leiding en rigtingwysing op 'n baie moeilike tyd in die Departement. Baie dankie dat u bereid was om 'n ietwat esoteriese onderwerp op te neem en die nodige diplomatieuse insette te lewer op uiters gepaste tye.
- Aan my vrou, Annarina, en haar familie, vir hulle ondersteuning en aanmoediging gedurende my studiejare en in alles wat ek aanpak of aangepak het. Ook my kinders, skoonseun en kleinkinders vir hulle matelose geduld.
- Maureen Moolman, my persoonlike assistent van baie jare, vir die professionele wyse waarop sy alles van belang vir my, behartig.

Strand  
November 2002



# INHOUDSOPGAWE

	Bladsy No
<b>HOOFSTUK 1</b>	1
<b>INLEIDING EN VERKENNING VAN BEGRIPPE</b>	1
1.1 Die Omgewing	1
1.2 Die begrip “Verenigende Europa”	5
1.3 Die begrip “Nasionale Identiteit”	8
1.4 Die begrip “Kulturele Identiteit”	11
1.5 Soewereiniteit as maatstaf	12
1.6 Demokratiese tekortkoming	13
<b>HOOFSTUK 2</b>	15
<b>DIE MATE WAARTOE DIE BEGRIP “IDENTITEIT” IN DIE VROEË DENKE OOR EN PROSESSE VAN INTEGRASIE AANDAG GENIET HET</b>	15
2.1 Denke van vroeë voorstanders van unifikasie	15
2.2 Die rol van die VSA ten opsigte van die begrippe “Nasionale Identiteit” en “Kulturele Identiteit”	28
<b>HOOFSTUK 3</b>	38
<b>DIE BEGRIPPE “NASIONALE IDENTITEIT” EN “KULTURELE IDENTITEIT” EN DIE RAAD VAN EUROPA EN DIE EUROPESE UNIE</b>	38
3.1 Die Raad van Europa	38
3.1.1 Ontstaan en hoof funksies	38
3.1.2 Aktiwiteite op politieke gebied ten opsigte van identiteit	39
3.1.3 Aktiwiteite op kulturele terrein ten opsigte van identiteit	40
3.1.3.1 Kultuur as ‘n beleidsdomein	40

3.1.3.2	Kultuur in die Welsynstaat	41
3.1.3.3	Desentralisasie	43
3.1.3.4	Die sleutel tot kulturele beleid	43
3.1.3.5	Die bevordering van kulturele diversiteit	44
3.1.3.6	Europa: 'n kultuur van kulture	45
3.2	Die Europese Unie	47
3.2.1	Ontwikkelinge sedert die ontstaan van die Europese Unie	47
3.2.2	Hooffunksies	51
3.2.3	Aktiwiteite op politieke gebied ten opsigte van identiteit	51
3.2.4	Aktiwiteite op kulturele gebied ten opsigte van identiteit	59
<b>HOOFSTUK 4</b>		<b>63</b>
<b>ELEMENTE VAN “NASIONALE IDENTITEIT” EN “KULTURELE IDENTITEIT” IN BRITTANJE</b>		<b>63</b>
<b>HOOFSTUK 5</b>		<b>86</b>
<b>ELEMENTE VAN “NASIONALE IDENTITEIT” EN “KULTURELE IDENTITEIT” IN BELGIË</b>		<b>86</b>
<b>HOOFSTUK 6</b>		<b>95</b>
<b>‘N EUROPESE IDENTITEIT OF ‘N EUROPESE AKKOMMODERING?</b>		<b>95</b>
<b>BRONNELYS</b>		<b>109</b>

# **ASPEKTE VAN NASIONALE EN KULTURELE IDENTITEIT IN 'N VERENIGENDE EUROPA SEDERT 1958 : ENKELE GEVALLESTUDIES**

## **HOOFSTUK 1**

### **INLEIDING EN VERKENNING VAN BEGRIPPE**

#### **1.1 DIE OMGEWING:**

In 'n globaliserende wêreld volg dit dat die identiteit van individue onder druk sal kom omdat die grense tussen state neig om te vervaag. Gedagtig aan die inwerkingtreking van die bepalings van die Verdrag van Rome vanaf 1958 en wat sedertdien in Wes-Europa aan die gebeur was ten opsigte van die toenemende beweging tot ekonomiese integrasie, die aanhef tot die Verdrag van Rome wat spreek van 'n "ever closer union of peoples" asook die daaropvolgende indruk wat die Europese Gemeenskap laat, kan daar regtens besin word oor die aard van 'n individu se identiteit. Om hierdie rede word die verloop van die omstandighede wat 'n invloed gespeel het om die onderwerp op die voorgrond te plaas, ondersoek en gepoog om te bepaal of 'n Europese identiteit besig is om te ontstaan wat nasionale identiteit vervang of verdring. Alternatiewelik, of Europa besig is om 'n unieke wyse te ontwikkel om die saam- en naasbestaan van 'n Europese en 'n nasionale of streek- en volksidentiteit te hanteer.

Ten aanvang is dit egter wenslik om eers die omgewing oppervlakkig te skets waarbinne die omstandighede plaasgevind het sodat die ondersoek beter verstaan kan word.

Die oorsprong van die Europese eenheidsbeweging lê verder terug in die geskiedenis en het oor baie jare gestrek en baie rolspelers betrek, maar met die koms van die Tweede Wêreldoorlog en veral die geweldige skade wat Europa gely



het, het daar 'n erns ontstaan om die gebied eens en vir altyd te bevry van die vloek van selfvernietiging deur die herrysing van 'n verslane Duitsland te voorkom en toevallig ook die Europese eenheidsbeweging te bevorder. Hierdie inisiatief is hoofsaaklik deur Wes-Europa insluitend Brittanje gelei en dit is ook gesteun deur die Verenigde State van Amerika vanaf die begin tot die einde van die 1950's, waarna laasgenoemde se houding meer dubbelsinnig geword het. Die Verenigde State se hoofdoelwit was om Wes-Europa meer selfversorgend te maak.<sup>1</sup>

Vanuit Oos-Europa was daar ook 'n integrasie beweging na 1945, maar dit was op dwang gebaseer, en nie op 'n vrye keuse en populêre instemming soos in die Weste nie. Josef Stalin het grootliks die grense van sy ryk in Oos-Europa bepaal en die Sowjet invloed sfeer na die Elberivier gedruk.

Met die geleidelike uitkristallisering van die nuwe Sowjet-beleid na die Tweede Wêreldoorlog, het dit egter duidelik geword dat Europa nou een van die fokuspunte van die nuwe Sowjet-strategie geword het met die verdeelde Duitsland as hefboom en sagte teiken om die Weste binne te dring. Waar veral die Franse nog steeds behep was met die bekamping van 'n moontlike herrese Duitsland en Brittanje naarsstiglik gepoog het om haar grootmagstatus te behou deur aan die rokspante van die Verenigde State van Amerika en die Statebond vas te klou, het die Verenigde State van Amerika en sommige persone soos Winston Churchill begin beseef dat 'n herskikking van Europa nie net belangrik was vir die beheer van 'n herrese Duitsland nie, maar veral as bolwerk teen die strategiese inisiatief van Sowjet-Rusland. Die koms van die Ystergordyn het 'n erns op die noodsaaklikheid van Europese eenwording geplaas.

Met die koms van die Koue Oorlog in 1947 - 48, het integrasie 'n belangrike onderwerp geword van die praktiese politiek van Wes-Europese regerings.

---

<sup>1</sup> C. Wurm (red) : Western Europe and Germany (German Historical Perspectives 1 X ), p. 2.



Met die Marshall Plan wat die ekonomiese heropbou van Europa met behulp van die Verenigde State van Amerika ten doel gehad het, het Wes-Europa homself as 'n nuwe entiteit gevestig wat eerstens ekonomies en verder polities en militêr binne die groter raamwerk van die Weste georganiseer was. Die beperking van die integrasieproses tot Wes-Europa was kunsmatig en 'n produk van die magspolitiese en ideologiese omstandighede van daardie tyd. Dit was 'n gevolg liever as 'n oorsaak van die verdeling van Europa, selfs al het dit hierdie verdeling gestabiliseer en verskans.

Die basiese struktuur van vandag se Europese instellings is dus gevestig in die tweede helfte van die 1940's en in die 1950's deur die verdeling van Europa in twee antagonistiese blokke en die skep van twee verskillende integrasie-stelsels wat georganiseer is rondom die Europese Steenkool en Staal Gemeenskap (ESSG), die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG)<sup>2</sup> en die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) in die Weste, en die Raad vir Wedersydse Ekonomiese Bystand (COMECON) en die Warskou Verdrag in die Ooste.<sup>3</sup>

Na die armoede van die vroeë na-oorlogse jare was daar 'n periode van toenemende welvaart en sterk ekonomiese groei wat voortgeduur het tot die begin van die 1970's. Die lang ekonomiese opswaai was 'n basiese voorvereiste vir die stabilisasie van Wes-Europese gemeenskappe en demokrasieë. Die twee dekades na die oorlog was van kritieke belang vir Europese integrasie.

Die asemrowende gebeurtenisse van 1989 - 90 het die politieke kaart van Europa radikaal verander. Die Sowjet-Unie het gedisintegreer en tesame daarmee die

---

<sup>2</sup> C. Egges Mulder : Twee Maal Europa, p. 1.

<sup>3</sup> D. Urwin : The Community of Europe: A history of European integration since 1945, p. 22; C. Wurm (red) : Western Europe and Germany, The Beginnings of European Integration, 1945 - 1960, p. 2.

alliansie en integrasie-stelsel in Oos-Europa waaroor dit gewaak het. Die Warskou Verdrag en COMECON is vernietig. Die verdeling van Europa in twee vyandige blokke is beëindig. Duitsland is verenig.

Disintegrasie in Oos-Europa het gepaard gegaan met ambisieuse stappe ten gunste van integrasie in Wes-Europa. Die Europese Gemeenskap - amptelik die Europese Unie sedert die ratifikasie van die Maastricht Ooreenkoms - word steeds gesien as 'n anker van stabiliteit, asook as spilpunt en 'n agent van verandering in Europa.<sup>4</sup>

Sedert die historiese gebeure van 1989 - 90 en die einde van die Koue Oorlog in Europa, het die aksent weer eens begin val op die oorspronklike strewes na Europese integrasie waarby inbegrepe is die wegdoen van nasionalistiese tendense. Die ideologiese en sistemiese hindernisse jeens Europese strukture en oplossings het weggeval. Die kwessie van 'n Europese identiteit in 'n nuwe formaat het weer eens na vore gekom.

Die jare vanaf 1945 tot 1989 blyk nou 'n duidelike afgebakende periode te wees in die geskiedenis van Europa, en 1989 'n "caesura" (waterskeiding), dit wil sê 'n duidelike breuk met verreikende gevolge beide vir die toekoms en selfs vir die ontleding van verwickelinge en beleid sedert 1945.<sup>5</sup>

Alhoewel slegs ses state aanvanklik by die vorming van die Europese Gemeenskapsmark betrokke was, het hierdie belangegroep mettertyd uitgebrei tot 15 in 1996 en met die jongste besluit van die Europese Unie gaan die lidmaatskap teen 2004 tot 25 uitbrei.

Die huidige toedrag van sake is egter teenstellend en paradoksaal. Die

---

<sup>4</sup> C. Wurm (red) : Western Europe and Germany (German Historical Perspectives 1 X), p. 1.

<sup>5</sup> Ibid : p.3.



verwikkeling hou nuwe moontlikhede in, maar is vol van onsekerhede en risiko's; die euforie van die 1990's het getaan. Die Sentrale en Oos-Europese lande het vertrek op 'n moeilike en hoogs onsekere transformasieproses vanaf 'n sentraal-beheerde ekonomie onder enkel-party beheer na demokratiese en liberaal-kapitalistiese stelsels. Die verdeling van Europa vanuit ekonomiese en sosiale hoeke duur voort. 'n Herysing van plaaslike nasionalisme en opwelling van bloedige konflikte word weer eens ervaar. Ou probleme van grense en nasionaliteite is weer herontdek soos duidelik getipeer deur die Bosniese konflik. Die gevaar van 'n nuwe fragmentasie van die Europese kontinent is baie groot.

## 1.2 DIE BEGRIP “VERENIGENDE EUROPA”

Eerstens, moet ons Europa identifiseer. Volgens Armin Heinien<sup>6</sup> moet daar onderskei word tussen verskillende dimensies, naamlik Europa as 'n wetlike ruimte; as 'n veiligheidsone, as 'n ekonomiese unie, as 'n politieke institusionele reëling, as 'n gebied van bewustelike kulturele en politieke leerprosesse. In hierdie sin het Europa geen definitiewe ruimtelike uitbreiding nie, maar rafel uit op die rante en is inderdaad 'n mengelmoes van Europese leefwyses. Dit kontrasteer met die beeld van Europa van 'n veelvoud van nasiestate met duidelike grense en politieke-territoriale eenhede.

Gesien vanuit 'n ander hoek, is die byvoeglike naamwoord “Europese” gebaseer op die selfstandige naamwoord “Europa” as synde die geografiese gebied onder bespreking. Europa kan geografies gesproke gedefinieer word as 'n kontinent in die westelike deel van Eurasië, geskei van Asië deur die Oeralberge in die ooste en die Kaukassiese berge asook die Swart en Kaspiese Seë in die suid-ooste. Die Atlantiese Oseaan vorm natuurlik die grense van Europa in die weste en noorde.

---

<sup>6</sup> A. Heinien : “Towards a European Experience Space”, (Sharon Macdonald (red) : “Approaches to European Historical Consciousness: Reflections and Provocations”), p. 109



Indien 'n mens 'n nadere beskouing maak van hoe Europa reeds en steeds gedefinieer word as 'n geografiese term, sal ons nietemin 'n aantal definisies vind afhangend van wie die definiëring doen en waar dit gedoen word.<sup>7</sup>

Die woord "Europeër" is gevolglik ietwat kompleks afhangend van hoe die kaart van die westelike gedeelte van die Eurasiëse kontinent getrek word en dié kaart is dwarsdeur die geskiedenis beide 'n politieke en geografiese een.

Die kulturele konsep van Europa is op ras, taal en historiese ooreenkomste gebaseer. Die Europeërs het sekere gemeenskaplike rassekenmerke, die meeste van hulle tale behoort tot die Indo-Europese groep en hulle geskiedenis het 'n aantal gemeenskaplike kenmerke soos die invloed van die Christendom, die geleidelike ontwikkeling uit die klassieke beskawings van etniese, politieke, morele en estetiese waardes, idees en strukture, die ontwikkeling van die wetenskap en 'n duidelike onderskeibare ekonomiese sisteem.

Hierdie gemeenskaplikhede veronderstel nie 'n gedeelde politieke ervaring wat 'n verenigde staat tot gevolg gehad het soos wat die geval was in Noord-Amerika, Kanada en Australië en selfs Rusland en China nie. Daarom is die konsep van Europa tot die geografiese en kulturele beperk.

In die politieke sin is daar ten minste 5 Europas. Wes-Europa of die Ses soos hulle na 1957 bekend is, Sentraal-Europa wat voor die Tweede Wêreldoorlog 'n baie belangrike groepering was, Nordiese Europa, Middellandse See Europa en Oos-Europa.

In die dekade vanaf 1948 tot 1958 het 'n hele nuwe familie van instellings tot stand gekom. Die grootste en vir 'n tydjie die effektiëste was die Organisasie vir Europese Ekonomiese Samewerking wat 17 state omvat het en die hoofinstrument

---

<sup>7</sup> S. Lorentzen : "Key Aspects of European Historical Consciousness", (S. Macdonald (red): "Approaches to European Historical Consciousness: Reflections and Provocations"), pp. 32 - 33.



was vir die inwerkingstelling van die Marshall-hulp. Daarna was daar ook die Raad van Europa, Westelike Europese Unie, die Europese Betalingsunie, die Europese Verdedigingsgemeenskap, die Europese Atoom Gemeenskap, Europhema (wat vervoer gekoördineer het), die Steenkool en Staal Gemeenskap met sy eie ondersteunende raad en parlement en ten slotte, die Europese Ekonomiese Gemeenskap.<sup>8</sup>

Die oorspronklike Ses, nou 15 state vorm saam die Europese Gemeenskap. Die Europese Gemeenskap het oorspronklik uit 3 liggame bestaan, naamlik die Europese Gemeenskap vir Steenkool en Staal (E.S.S.G.), die Europese Ekonomiese Gemeenskap (E.E.G.) en Euratom.<sup>9</sup> Die Europese Gemeenskap vir Steenkool en Staal (Montaan-unie) het reeds 'n jaar na die Raad van Europa in Mei 1949 tot stand gekom en is vasgemaak met die ondertekening van die relevante verdrag op 18 April 1951. Twee verdere organe is met die Verdrae van Rome in 1957 in die lewe geroep, naamlik die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG) en die Europese Atoomgemeenskap (Euratom). Hierdie drie supranasionale liggame, is op 19 Junie 1967 saamgevoeg tot die Kommissie van die Europese Gemeenskappe.<sup>10</sup>

Hierdie Kommissie neem van daardie datum af die regte en pligte waar van die drie gemeenskappe. Vanaf 1 Julie 1967 is daar egter nie net 'n enkel Kommissie nie, maar ook net nog een Ministersraad. Juridies gesien, bestaan die drie gemeenskappe nogtans onveranderd voort. Die integrasie wat met die Raad van Europa nie bereik kon word nie, is in die samesluiting tot 'n groter geheel in die Europese Gemeenskappe voorlopig beperk tot die ekonomiese landboukundige

---

<sup>8</sup> A. Crawly: De Gaulle - A Biography, p. 315.

<sup>9</sup> C. Egges Mulder : Twee Maal Europa, p. 14.

<sup>10</sup> D. Urwin - Western Europe Since 1945, p. 250.



gebied.<sup>11</sup>

Sedert die sluiting van die Maastricht Ooreenkoms van die Europese Unie in 1993, wat ten doel gehad het om die onafgehandelde bepalings van die Wet op Europese Eenwording ten uitvoer te bring, is daar een Europese Gemeenskap wat al drie Ekonomiese Gemeenskappe omvat. Die drie gemeenskappe is nog steeds gebaseer op aparte verdrae, en 'n enkel instelling. Die Europese Gemeenskap as stelsel is een deel van die Europese Unie, terwyl die ander dele bestaan uit interregeringstrukture oor monetêre en buitelandse beleid, veiligheid, en wet en orde.<sup>12</sup>

Op sigself, alhoewel nie meer as 'n paar dekades oud nie, verteenwoordig die Europese Unie 'n geografiese gebied wat maklik definieerbaar is en politieke prioriteite verleen aan 'n aantal inisiatiewe wat ontwikkel is om 'n kollektiewe Europese geheue te ontwikkel.

Benewens hierdie Europese Gemeenskap is daar egter ook nog die Raad van Europa, 'n samevoeging van 41 state in Europa wat in 1949 met 10 lede in die lewe geroep is.<sup>13</sup> Die Raad van Europa se doelstellings en taak is om "die noue verbinding tussen sy lede ter beskerming en ter bevordering van die ideale en grondbeginsels wat hulle gemeenskaplike erfenis vorm, te bewerkstellig en hulle ekonomiese en sosiale vooruitgang te ondersteun." Dit geskied deur bespreking van vraagstukke van gemeenskaplike belang, deur die sluiting van ooreenkomste en deur gemeenskaplike optrede op ekonomiese, sosiale, kulturele en wetenskaplike gebied, op die gebied van die regsweese en die administrasie, asook

---

<sup>11</sup> A. Crawly : De Gaulle - A Biography, p. 13.

<sup>12</sup> F. Duchene : Jean Monnet : The First Statesman of Interdependence, p.109.

<sup>13</sup> C. Egges Mulder : Twee Maal Europa, p. 1.

deur die beskerming en ontwikkeling van menseregte en die basiese vryhede.<sup>14</sup>

### 1.3 DIE BEGRIP “NASIONALE IDENTITEIT”

Volgens Garth le Pere en Kate Lambrechts, twee navorsers, is die skepping van kollektiewe identiteit histories eng verbind met 'n spesifieke gebied of plek - selfs gemeenskappe wat gebaseer is op bloedverwantskap het hulle gemeenskaplikheid te danke aan 'n gedeelde vaderland. Die opkoms van die nasie-staat was 'n proses wat beide die oorsaak en gevolg was van die transformasie van kollektiewe identiteite na nuwer vorms van gemeenskappe geskep deur nuwe interaksie.

Die begrip nasionale identiteit het wye teoretiese aandag ontvang. Aan die eenkant het post-moderniste 'n sterk saak uitgemaak dat nasionale identiteit slegs 'n ander vorm van groeps-identiteit is wat beskikbaar is op die wye mark van identiteite. Fundamentaliste, aan die ander kant, redeneer dat hierdie vorm van kollektiewe identiteit gebaseer is op die deel van kollektiewe geheues, geskiedenis, mites, simbole en lojaliteit aan 'n gedeelde vaderland. Realiste neig om die nasie te beskou as die mees absolute van alle menslike assosiasies. Volgens Le Pere en Lambrechts verfyn Jan Aard Scholte,<sup>15</sup> 'n akademikus, hierdie siening deur te argumenteer dat nasies tydloos en natuurlik was slegs in die verbeelding van diegene wat daarop aandring, teen alle getuienis in teenstelling daarmee, om 'n onveranderlike primordiale gemeenskap te skep om hulle sin vir sekuriteit te bevredig in 'n moderne internasionale wêreld. Ander het die onderliggende, gemeenskaplike, openbare kultuur of tussensubjektiewe begrip oor hoe mense hulle lewens gesamentlik bestuur, wat die begrip nasionale identiteit ophelder, uitgewys.

---

<sup>14</sup> C. Egges Mulder : Twee Maal Europa, p. 3.

<sup>15</sup> G. Le Pere & K. Lambrechts : Globalisation and National Identity Construction : Nation Building in South Africa (S. Bekker & R. Prinsloo : Identity, Theory, Politics, History) p. 15.



Volgens Le Pere en Lambrechts bied Farrand,<sup>16</sup> 'n akademikus, 'n ander siening aan. Volgens hom is identiteitsvorme beide die resultaat en oorsaak van sosiale prosesse in moderne en tradisionele gemeenskappe. Hierdie identiteitsvorme kan partikuliere vorms van mag ondergrawe of wettig - hulle ageer as agente van sosiale kommunikasie en gee vorm aan sosiale en politieke verhoudings. Voorts, indien 'n mens aanvaar dat moderne nasionalisme parallel ontwikkel het met die ontluiking van die moderne nasiestaat begrip, sal veranderinge in die staat en staatsbestel identiteitspatrone en vorme herskep. Volgens Scholte, aldus Le Pere en Lambrechts, het geografies gebaseerde nasionale identiteit ontluik as gevolg van 'n ongehoorde verdigting van sosiale ruimte wat wêreldwyd plaasgevind het vanaf die middel van die 19de eeu en verder aan.

Dus was en is nasionale identiteit en eenheid tot 'n groot mate 'n produk van internasionale verhoudinge en die internasionale stelsel, wat gekenmerk word deur supranasionale instellings wie se lidmaatskap-kriteria gebaseer is op territoriale nasionaliteit en nie plaaslike of streekssolidariteite nie.

Hierdie proses van internasionalisering het 'n proses van nasionale self-definisie in werking gestel wat lei tot die gevolgtrekking dat baie nasionale groeperings geskep is net so veel van buite as van binne. Nasionaliteit bevat ook 'n mate van privilegie binne die wêreldbekende stelsel van "insiders" en "outsiders" wat baiekeer diskriminasie teen "outsiders" binne 'n territoriale gebied behels.

Volgens Le Pere en Lambrechts het Hobsbawm,<sup>17</sup> 'n akademikus, tot die gevolgtrekking gekom dat state nasies maak en dat staatsorgane nodig is om mites en beelde geskep deur die intelligentsia van 'n volk, te vorm en institusionaliseer.

---

<sup>16</sup> G. Le Pere & K. Lambrechts : Globalisation and National Identity Construction : Nation Building in South Africa (S. Bekker & R. Prinsloo : Identity, Theory, Politics, History) p. 16.

<sup>17</sup> Ibid : p. 17.

Die wyse waarop die staatkunde nasionale identiteit skep en herskep deur leidinggewende uitsprake, wys op die onweerlegbare geskepte aard van nasionale identiteit.

Indien die identiteit van die moderne nasie-staat 'n produk van kapitalistiese ekonomiese ontwikkeling is, dan verteenwoordig die fundamentele herstrukturering van kapitalisme 'n grootskaalse skuif in die begrip van die nasie-staat. Die kragte van globalisering het die territoriale gebaseerde begrip van kollektiewe identiteite ontwig.

Hierdie veranderinge het gelei tot die begrippe van "supranasionalisme" of selfs, "supraterritoriale, subnasionale en transnasionale" alliansies as kragte wat nasionaliteit uitdaag as 'n primêre identiteit. Dit het ook gelei tot die herbevestiging van plaaslike of regionale identiteite.

Die transformasie van industriële kapitalisme na kennis-gebaseerde kapitalisme wat gerat is vir "nis" vervaardiging vir verbruikers wat gedefinieer is in terme van lewenswyse liewer as klas, het gelei tot die ontluiking van 'n "imagined lifestyle groups of consumers"<sup>18</sup> langsaan nasionale groepe. Dus is die kragte van globalisering nie net besig om verskille tussen nasionale kulture te erodeer nie, maar ook om die verskille binne nasies te vermenigvuldig.

Desnieteenstaande kanselleer globalisering nie die begrip van nasionaliteit uit nie en globalisering beteken nie noodwendig die negering van landsgrense nie. Dog, die globale web van die kapitaalstroom het die vorme van nasionale identiteit wesentlik hervorm.<sup>19</sup>

---

<sup>18</sup> G. Le Pere & K. Lambrechts : Globalisation and National Identity Construction : Nation Building in South Africa (S. Bekker & R. Prinsloo : Identity, Theory, Politics, History) p. 17

<sup>19</sup> Ibid : p. 18.



#### **1.4 DIE BEGRIP “KULTURELE IDENTITEIT”**

In ‘n kontemporêre interpretasie deur ‘n span konstitusionele juriste in Suid-Afrika word gesê:

“Culture is understood as a source of identity. It is a means of drawing distinctions between groups of people on grounds of one or more of a number of characteristics such as their beliefs, knowledge, language, rules of kinship, methods of education, or forms of social relations.”<sup>20</sup>

In die woorde van die Verklaring van Mondiacult (Wêreld Konferensie oor Kulturele Beleid) wat georganiseer is onder die beskerming van Unesco in 1982 in Meksiko Stad “In its widest sense, culture may now be said to be the whole complex of distinctive spiritual, material, intellectual and emotional features that characterise a society or social group. It includes not only the arts and letters, but also modes of life; the fundamental rights of the human being, value systems, traditions and beliefs.” Hierdie totaliteit is, in T.S. Elliot se gevatte gesegde, die “whole life of the people.”<sup>21</sup>

#### **1.5 SOEWEREINITEIT AS MAATSTAF**

Gegewe dat dit ‘n moeilike taak is om ‘n meetbare maatstaf te vind waaraan nasionale identiteit en kulturele identiteit in hierdie ondersoek gemeet kan word, en inaggenome dat die moderne nasie-staat nog steeds voortbestaan hoewel sy aard deur eksterne verwickelinge be-invloed word, volg dit dat aan die hand van wat hierbo uiteengesit is, nasionale en kulturele identiteit in hoofstukke 2, 4 en 5 gemeet kan word aan die hand van die betrokke land se soewereine status gesien dat daar,

---

<sup>20</sup> S. Bekker & R. Prinsloo : Identity, Theory, Politics, History, p. 1.

<sup>21</sup> The European Task Force on Culture and Development : In From the Margins, p. 28.

op politieke vlak, 'n duidelike kontinuum tussen identiteit, ideologie en kultuur is.<sup>22</sup>

Ter verdere ondersteuning van hierdie standpunt, kan dit gemeld word dat soewereiniteit as sulks nie 'n feit is nie, maar 'n konsep, wat die mensdom toegepas het op die politieke mag wat uitgeoefen is. Die konsep of begrip is geformuleer toe omstandighede die inter-afhanklikheid tussen die politieke gemeenskap en die meer juiste fenomeen van sy regering beklemtoon het. Dit is die bron van die grootste pre-okkupasie en kontensie wanneer omstandighede snelle verandering in die omvang van regering teweeggebring het, óf in die aard van die gemeenskap óf beide, soos hier die geval is met die koms van die Europese Unie. In 'n neutredop kan dit gestel word dat die oorsprong en geskiedenis van die begrip van soewereiniteit baie nou geskakel is met die aard, oorsprong en geskiedenis van die staat.

In moderne politieke samelewings het die mensdom daarop aangedring dat soos soewereiniteit, die staat self slegs 'n begrip is. Selfs as ons daarmee saamstem dat daar geen ding is soos die mag van die staat nie, maar slegs die van die individu, bly dit nog steeds 'n gegewe dat die staat bestaan in die fenominele wêreld. Inaggenome dit, word dit beskou dat die term een van die is wat ons koppel aan een van die politieke instellings wat die gemeenskap ontwikkel.

Gedurende die laaste honderd jaar was die groei van die staat so geweldig dat dit feitlik alles oorheers het en inderdaad so ver ontwikkel het dat dit amper al die funksies van die gemeenskap geabsorbeer het en wel tot so 'n mate dat "state and society have become virtually interchangeable terms".<sup>23</sup>

## 1.6 DEMOKRATIESE TEKORTKOMING

---

<sup>22</sup> William Bloom: Personal Identity, National Identity, and International Relations, pp. 25 - 26.

<sup>23</sup> F.H. Hinsley : Sovereignty, pp. 1 - 3.



'n Faktor wat egter nooit uit die oog verloor moet word tydens die uiteensetting nie, is die sogenaamde demokratiese tekortkoming ofte wel "democratic deficit". Dit beteken inderdaad dat die bevolking van 'n land nooit eintlik in die beginjare en selfs baie later behoorlik ingelig is oor die implikasies van die hele verenigingstrewen en dat dit eintlik 'n onderwerp was wat op hoë politieke vlak afgespeel het. Vandaar die benadering om die ondersoek hoofsaaklik toe te spits op hoëvlak onderhandelinge of gebeurtenisse.<sup>24</sup>

Die literatuur waaruit standpunte geëkstrapoleer kon word, was van 'n diverse aard, maar daar is swaar gesteun op biografieë en outobiografieë aan die een kant, en akademiese geskrifte aan die ander kant.

Wat die vroeër jare betref, was daar weinig dokumentasie beskikbaar oor die onderwerp *per se* omdat die kwessie op grondvlak as sulks nog nie so 'n omvang aangeneem het nie. Enoch Powell se standpunte rakende die effek op die man-in-die-straat, was hier 'n stem roepende in die woestyn. In die latere jare, het die konsekwensies van die inisiatief egter sterker vorm begin aanneem totdat dit tans 'n aktuele onderwerp in Europa geword het. Gevolglik so ook die beskikbare literatuur.

---

<sup>24</sup> H. Kochler : Decision-Making Procedures of the European Institutions and Democratic Legitimacy, p. 11; C. Patten : Sovereignty and Democracy in the European Union, p. 4; R Miles & D. Thränhardt : Migration and European Integration, p. 43.

## **ASPEKTE VAN NASIONALE EN KULTURELE IDENTITEIT IN 'N VERENIGDE EUROPA SEDERT 1958 : ENKELE GEVALLESTUDIES**

### **HOOFSTUK 2**

#### **DIE MATE WAARTOE DIE BEGRIP "IDENTITEIT" IN DIE VROEË DENKE OOR EN PROSESSE VAN INTEGRASIE AANDAG GENIET HET**

##### **2.1 DENKE VAN VROEË VOORSTANDERS VAN UNIFIKASIE**

Aristide Briand (1862 - 1932) 'n baie aktiewe Franse staatsman op die terrein van Europese vrede en samewerking, het die vernaamste taak vir so 'n unie gesien in die ekonomiese sfeer. Dog het hy daarop aangedring dat vanuit die politieke of sosiale oogpunt gesien die federale band, sonder die aantasting van die soewereiniteit van enige van die volke wat deelneem aan so 'n assosiasie, voordelig kan wees.

Briand se plan vir 'n Europese Unie was vervat in 'n dokument bestaande uit 'n inleiding en vier dele. Die derde gedeelte opper drie beginsels, waarvan die tweede beginsel die aard van politieke samewerking aanspreek:

"A federation based on the idea of union and not of unity - that is to say a federation elastic enough to respect the independence and national sovereignty of each State while guaranteeing to all the benefits of collective solidarity in the settlement of political questions affecting the destiny of the European Commonwealth or that of one of its members."<sup>1</sup>

---

<sup>1</sup> D. Heater : The Idea of European Unity, p.135.



Die sentrale tema vir enige skema van politieke eenheid is dié van soewereiniteit. Enige doeltreffende Europese Unie sou tot 'n mate nasionale soewereiniteit ondermyn en enige ondermyning van nasionale soewereiniteit sou teenstand ontlok teen 'n effektiewe Europese Unie. Briand het nooit dié kwessie behoorlik aangespreek nie en probeer om die indruk te skep dat hy besig was om 'n "federal omelette" te maak sonder om die "sovereign eggs" te breek.<sup>2</sup>

Churchill se eerste poging om eenheid in Europa te bevorder, is so vroeg reeds as in Junie 1940 geloods. Churchill het die volgende aanbod (aan die Franse Eerste Minister, Reynard) gemaak: Brittanje en Frankryk moes verenig in 'n unie. Daar sou 'n gesamentlike parlement wees. Die bevolkings van albei lande sou volle burgerskap geniet.<sup>3</sup>

Churchill het gedurende die oorlogsjare 'n vurige federalis geword met sy eie visie vir 'n na-oorlogsjare Verenigde State van Europa wat Rusland sou uitsluit. Die embrio van die gedagte oor Europese samewerking by Churchill is dus gelê deur die toenemende aggressiewe optrede van Josef Stalin en die Sowjet-Unie en het sy uiting gevind in twee toesprake daaroor in Fulton, Missouri, VSA en Zurich, Switserland. As Europa verenig was, het Churchill gefilosofeer, sou daar geen einde gewees het aan geluk en voorspoed van ongeveer 300 - 400 miljoen mense nie.

So vroeg as 1942 het Churchill sy planne vir 'n Raad van Europa bekend gestel. Hierdie Raad moes oor effektiewe mag beskik. Die Raad moes gewapende magte tot sy beskikking hê om skikkings af te dwing. Churchill se voorstelle was goed op papier, maar geen land wat sou aansluit by hierdie struktuur sou sy eie nasionale identiteit vrywillig prysgee nie.

---

<sup>2</sup> D. Heater : The Idea of European Unity, p. 143.

<sup>3</sup> D. v. Z. Kotze: Winston S. Churchill: Sy Visie vir Europese Eenheid, p. 4.

Terloops, dit is opvallend dat Churchill se idee van 'n Verenigde State van Europa nie Brittanje spesifiek ingesluit het nie. Dit het met die stigting van die Raad van Europa in 1949 duidelik geword toe hy gesê het: "We are with Europe, but not of it. We are linked, but not compromised."<sup>4</sup>

Alhoewel hy die grootste eksponent van Europese eenheid was, was Churchill geanker in die jarelange ideologie van Brittanje se mag en aansien in die internasionale gemeenskap. Hy het veral ook nie die gedagtegang van 'n ten volle soewereine, supranasionale gesagstruktuur gesteun nie. Vanaf 1951, toe hy weer regeringsleier was, kon hy geen oplossing voorhou vir die dilemma waarin onafhanklike state hulle sou bevind het as hulle toegestem het tot supranasionalisme nie. Hy kon nie die verlies van onafhanklikheid en soewereiniteit regverdig nie.<sup>5</sup>

Met die totstandkoming van die Europese Steenkool en Staal Gemeenskap deur die Verdrag van Parys in 1951 was Brittanje (Churchill) negatief ingestel teenoor die gedagte en nie bereid om beheer te verloor oor die Britse steenkool en staalbedryf ten gunste van 'n supranasionale liggaam nie.<sup>6</sup>

Die Raad van Europa het vir Churchill bloot 'n forum vir debatte geword. Hy was nie bereid om die Raad verder te laat ontwikkel as die tradisionele inter-regeringstruktuur nie, met ander woorde, die supranasionalistiese tendens is telkemale deur Brittanje se houding geblokkeer.<sup>7</sup>

Churchill was ook baie versigtig om nie die Britse ekonomiese beheer af te staan

---

<sup>4</sup> D. v. Z. Kotze : Winston Churchill : Sy Visie vir Europese Eenheid, p. 53.

<sup>5</sup> Ibid : p. 72.

<sup>6</sup> Ibid : p. 76.

<sup>7</sup> Ibid : pp. 83 - 84.



aan Europese supranasionale ekonomiese organisasies wat nie gevoeligheid vir Brittanje se situasies en spesifieke behoeftes sou hê nie.

Jeanne Monnet, 'n Fransman en algemeen bekend as die leidende persoon in die Europese eenheidsbeweging, het die hoeksteen van vandag se Europese Unie gelê deur die Schuman-plan (die plan vir die Europese Steenkool en Staal Gemeenskap), wat die tradisionele vorm deur 'n "federal experiment"<sup>8</sup> gebreek het.

In Europa, het Monnet gesê, sal daar 'n "true yielding of sovereignty" aan "some kind of central authority" moet wees.<sup>9</sup> Daar sal 'n groot Europese mark sonder doeanehukke moet wees om die nasionalisme, wat die kruis van die nuwe wêreld is, te voorkom.

Die Schuman-plan se grootste verbreking van konvensionele wysheid was saamgevoeg met Monnet se derde breuk met die verlede, naamlik "supranasionaliteit." Dit was algemeen aanvaar dat geen samevoeging sou werk indien elke lid vry was om gesamentlike besluite te verwerp nie. Die Volkebond en die Raad van Europa was spesifieke voorbeelde. Die moeilikheid het eintlik gelê in die feit dat Frankryk, soos die ander, ook sy vryheid hierdeur sou verloor.

Monnet se benadering gedurende sy laaste jare, met die klem op rade van regeringshoofde, was hoofsaaklik kettters van aard uit 'n federalis se oogpunt. Skrywers het geglo dat Monnet nie eintlik 'n federalis was nie.<sup>10</sup>

Monnet se standpunt was nie voldoende vir so 'n definitiewe vorm nie. Dit was gesetel in twee behoeftes. Een was om die groep-sielkunde so te hervorm dat

---

<sup>8</sup> F. Duchene - Jeanne Monnet: The First Statesman of Interdependence, p. 181.

<sup>9</sup> Ibid : p. 183.

<sup>10</sup> Ibid : p. 367.

regerings kon skuif van eensydigheid na samewerking. Die ander was om te verseker dat koöperatiewe instellings die mag gehad het om besluite te neem, 'n mag wat ontbreek het in ontmande organisasies soos die Volkebond of Raad van Europa. Hierdie twee elemente sou twee primêre dele van 'n federale mosaïek gewees het. Maar op hulle eie het hulle nie federalisme uitgemaak nie. Hulle het slegs verseker dat kollektiewe liggame eintlik die werk kon verrig wat aan hulle toegewys is. Monnet se metode was eerder molekulêre federalisme as die veralgemene variëteit. Dit het minder belang gestel in perfekte konstitusionele bloudrukke as in die vorming van menslike patrone van reaksie om 'n veranderingsproses bekend te stel.<sup>11</sup>

Monnet was gereed om ten volle die Gemeenskapsspeletjie van die oppergesag van die reg, met geen diskriminasie en gelykheid, te speel. Hy was eenvoudig nie 'n nasionalis nie. Monnet was 'n Europeër met 'n Franse herkoms, maar 'n Europeër nietemin.

Walter Hallstein stel dit dat die Europese Gemeenskappe begin bekend staan het, met wetlike regverdiging, as "supranasionaal". Hierdie woord fokus wel die aandag op een van die Gemeenskap se belangrikste eienskappe, maar dit is ook ietwat misleidend in omvang. Dit kom slegs een keer in die drie Verdrae na vore en wel in artikel 9 van die Steenkool en Staal Gemeenskap se Verdrag, waarin 'n beroep gedoen word op die lede van die uitvoerende liggaam om "to abstain from all conduct incompatible with the supranational character of their functions and requires the member states to respect their obligation."<sup>12</sup>

Volgens Hallstein is die Hoë Owerheid (die beleidmakende en uitvoerende element van die Europese Steenkool en Staal Gemeenskap), totaal onafhanklik van die lidstate en word verbied om van laasgenoemde opdragte te soek of te aanvaar.

---

<sup>11</sup> F. Duchene : Jeanne Monnet : The First Statesman of Interdependence, p. 367.

<sup>12</sup> W. Hallstein : United Europe: Challenge and Opportunity, p. 19 .



Hulle verantwoordelikheid is aan die Gemeenskap as 'n geheel. Dieselfde is waar van die ander twee uitvoerende liggame, naamlik die Kommissie van Euratom en van die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Hy stel dit ook dat die Europese Ekonomiese Gemeenskap se uitvoerende bestuur se rol is om te help om ooreenkomste in die Raad van Ministers teweeg te bring, selfs al beteken dit 'n tydelike opoffering van suiwer nasionale belang.

Hy stel dit dat eenheid, soos die geskiedenis dit in Europa uitgewys het, nie iets is wat van bo af geforseer kan word nie; oplossings wat sleutelbelange ignoreer, is nie oplossings nie. Dit was nooit die bedoeling van die Schuman Plan of van die lande wat dit aanvaar het, om in Europa 'n afstand-beheerde tegnokratie te skep wat vanaf 'n supranasionale hoogte sou regeer nie. 'n Liggaam soos die Hoë Owerheid se enigste mandaat was om onpartydig op te tree in die uitvoering van besluite wat reeds deur state geneem was.

Dit was onmoontlik vir die ledestate om saam te stem oor alles gedurende die onderhandelinge. Al wat hulle kon doen, was om 'n soort grondwet tot stand te bring en die regeringstaak oor te laat aan die verskeie agentskappe, met die vertroue dat die lewenskragtigheid van die Gemeenskap se kollektiewe persona sou vergoed vir enige gebrek aan juistheid in die detail van sy mandaat.<sup>13</sup>

Die logika onderliggend aan die Gemeenskap se institusionele instellings dra duidelike tekens van 'n federasie van state; en hierdie analogie is in baie opsigte 'n handige metode om die gemeenskap te verstaan. Aangesien die Europese Gemeenskap sui generis is, 'n nuwe soort politieke dier, kon die analogie nie te ver geforseer word nie.<sup>14</sup>

---

<sup>13</sup> W. Hallstein : *United Europe : Challenge and Opportunity*, p. 22.

<sup>14</sup> *Ibid* : p. 28.



Tocqueville het hierdie dilemma, volgens Hallstein, oor die vraag of Europa federaal, konfederaal, supranasionaal of internasionaal is, verwag toe hy gesê het: "The human understanding more easily invents new things than new words, and we are thence constrained to employ a multitude of improper and inadequate expressions ... A form of government has been found out which is neither exactly national nor federal ... and the new word which will one day designate this novel invention does not yet exist."<sup>15</sup>

Volgens Hallstein is ekonomiese integrasie 'n reaksie op 'n politieke uitdaging, 'n politieke reaksie wat ook 'n politieke proses is. Die Europese Gemeenskap is dus nie net 'n nuwe ekonomiese entiteit nie, maar ook 'n nuwe politieke feit wat op sy beurt politieke gevolge het in die wyer wêreld.

Hallstein sê: "We are not integrating economics, we are integrating policies. We are not just sharing our furniture, we are jointly building a new house. Political integration is not too bold and too grandiose... a term to describe this process; in the long run, as I have suggested, its starting point, its goal, its methods, and its subject matter, all lie within the political domain."<sup>16</sup>

Wat Genl. Charles De Gaulle, voormalige generaal asook President van Frankryk, betref, het sy houding jeens Europa sedert 1940 gewissel tussen 'n Westerse blok en 'n gemeenskap wat gestrek het vanaf die Atlantiese Oseaan tot by die Oeralgebergtes, afhangend daarvan of hy die Sowjet-Unie gesteun of ge-opponeer het. Dog op een aspek was hy vas. Indien Europa as a entiteit sou bestaan, moet dit 'n Europa van nasies wees en nasionalisme moes nie daaraan onderwerp word nie. 'n Losse konfederasie met min, maar eenvoudige instellings waardeur die staatshoofde kon ontmoet en gemeenskaplike sake kon bespreek, die af-en-toe konsultasie oor groot sake van die volk by wyse van referendums, dit was sy ideaal.

---

<sup>15</sup> W. Hallstein : United Europe : Challenge and Opportunity, p. 28.

<sup>16</sup> Ibid : p. 66 - 67.



De Gaulle het dus elke fase van die ontwikkeling van 'n geïntegreerde Wes-Europese Gemeenskap ge-opponeer. Privaat het hy die Schumann Plan en die Steenkool en Staal Gemeenskap sowel as die Gemeenskapsmark teengestaan, omdat dit afgehang het van "supranasionale" instellings wat geadministreer word deur staatlose staatsamptenare.<sup>17</sup> Op 15 Mei 1962, tydens 'n perskonferensie het De Gaulle die idee van 'n supranasionale Europa verwerp ten gunste van 'n Europa van nasies. "I do not believe that Europe can be a living reality without France and her Frenchmen, Germany and her Germans, Italy and her Italians."<sup>18</sup>

Sover terug as 1958, na die ondertekening van die Verdrag van Rome, het de Gaulle al besluit om die Verdrag te laat verander of vernietig, asook die gedagte dat die nasies van Europa hulle nasionale soewereiniteit sou saamvoeg.<sup>19</sup>

Sy eerste mikpunt was NAVO. De Gaulle wou Frankryk daaruit onttrek sonder om haar beskerming deur die Amerikaanse kernsambreel te verloor, maar met die gedagte om die Franse soewereiniteit te hervestig sonder om die nuut-geskepte Gemeenskapsmark te verwurg.<sup>20</sup>

Tuis was de Gaulle meer reguit. Hy het gesê dat die verdediging van Frankryk, Franse verdediging moet wees. As 'n land soos Frankryk oorlog moet maak, moet dit haar oorlog wees en voorts het hy volgehou dat die stelsel bekend as integrasie reeds dood was.<sup>21</sup> Teen die einde van 1961 het de Gaulle Frankryk op 'n roete geplaas wat haar in minder as 'n dekade uit NAVO sou neem en amper uit die Alliansie as sulks.

---

<sup>17</sup> A. Crawley: De Gaulle - A Biography, p. 316.

<sup>18</sup> Ibid : p. 390.

<sup>19</sup> Ibid : p. 409.

<sup>20</sup> Ibid : p. 409.

<sup>21</sup> Ibid : p. 411.

Daarna het de Gaulle sy aandag gevestig op die Europese Gemeenskap. De Gaulle was van mening dat Frankryk haar identiteit sou verloor indien die Verdrag van Rome onveranderd bly en meerderheidstemming vanaf 1 Januarie 1966 sou toelaat. Hy het geglo dat die onderskeie ledelande die enigste entiteite was wat die reg gehad het om te beveel en die gesag het om op te tree. Daarom moes die vereniging van Europa in die vorm van 'n konfederasie van state wees en enige instelling wat kon inbreuk maak op die nasionale soewereiniteit, moes onderdruk of hervorm word.<sup>22</sup> Hy het dus via Konrad Adenauer aan die werk gespring om die ontwikkeling van Wes-Europa te hervorm. Die poging het egter misluk toe Adenauer en die ander leiers van die Ses op 17 April 1962 de Gaulle se eerste poging om sy eie weergawe van Wes-Europa te skep, verwerp het.<sup>23</sup>

Sonder om te blik of te bloos, het de Gaulle sy taktiek verander. Hy het begin om te probeer om Wes-Europa te verdeel deur Adenauer, die groot voorstander van integrasie<sup>24</sup>, tot so 'n mate te bearbei dat onderhandelinge na 'n Frans-Duitse Verdrag begin seek het. Weer eens het de Gaulle homself misreken, want die Federale Parlement van Wes-Duitsland wou nie die voorgestelde verdrag ratifiseer nie.

Dog was de Gaulle se meerderwaardigheid ondeurdringbaar. Hy het besef dat sy optrede onbepaald enige hoop op politieke unifikasie verydel het.<sup>25</sup> Hy het 'n voortgesette stryd gevoer teen enige ontwikkeling wat ingedring het op Franse soewereiniteit. So het hy op 21 Maart 1965, toe die Europese Kommissie gepoog het om enorme bykomende magte vir beide die Kommissie en die Europese

---

<sup>22</sup> A. Crawley : De Gaulle - A Biography, p. 415.

<sup>23</sup> Ibid : p. 417.

<sup>24</sup> Ibid : p. 415.

<sup>25</sup> Ibid : p. 423.



Parlement te bekom, die geleentheid gesien om die Verdrag van Rome te hersien. Dit was teen die wense van 3 van die 4 ander lede en gevolglik het hy op 9 September 1965 tydens 'n perskonferensie gesê dat niks van enige belang in die Europese Gemeenskap deur enigiets anders as die regerings van die Ses besluit kan word nie, andersins sou die ledelande hulle nasionale identiteite verloor, en regeer word deur 'n soort tegnokratiese liggaam van ouer staatlose mense wat geen verantwoordelikheid het jeens enigiemand nie. Die 5 het uiteindelik aan de Gaulle toegegee en die magte van die Kommissie drasties ingekort.<sup>26</sup>

Adenhauer, een van die groot voorstanders van Europese integrasie, stel dit in 'n brief van 31 Oktober 1945 dat "I am a German, but I am also, and always have been, an European and have always felt like an European".<sup>27</sup> Vanuit hierdie hoek spreek hy die mening toentertyd uit dat aangesien Brittanje en Frankryk die leidende magte in Europa is, dit in die werklike belang van beide die lande asook daardie gedeelte van Duitsland wat nie onder Russiese besetting is nie, om polities en ekonomies te verenig. Die ekonomiese integrasie van Wes-Duitsland, Frankryk, België, Luxembourg en Holland sou veel doen om die sekuriteitseise van Frankryk en België te besweer.<sup>28</sup> Sou Brittanje dan ook nog besluit om deel te neem, sal almal nader wees aan die doelwit van die unifikasie van die state van Wes-Europa. Of die unifikasie, op dié tydstip vanuit sy perspektief gesien, 'n algehele konstitusionele een was, kan bevraagteken word omdat hy praat van "The idea of international cooperation between peoples must succeed".<sup>29</sup>

Wat egter duidelik is, is dat die verenigingstrewes van Adenhauer aanvanklik as 'n

---

<sup>26</sup> A. Crawley : De Gaulle - A Biography, p. 444.

<sup>27</sup> K. Adenhauer : Memoirs 1945-53, p. 36; G. Craig : From Bismarck to Adenhauer, pp. 137 - 138.

<sup>28</sup> K. Adenhauer : Memoirs 1945 - 53, p. 36.

<sup>29</sup> Ibid : p. 37.



meganisme gebruik is om 'n verslane en verdeelde Duitsland uit sy ellende te lig.<sup>30</sup> Gedurende Mei 1948 is 'n Europese Kongres in Den Haag gehou onder die beskerming van 4 Europese organisasies. Na afloop van die Kongres, is 'n verklaring waarvan Wes-Duitsland onder Adenhauer 'n deelnemer was, uitgereik met die strekking "that the time has come when the European nations must transfer and merge some portion of their sovereign rights so as to secure common political and economic action ..."<sup>31</sup> Hierdie begeerte om Wes-Duitsland te inkorporeer in 'n groter staatkundige opset vanweë ekonomiese redes is verder aangevuur deur die opkoms van die Kommunistiese blok vanaf 1948 en Adenhauer stel dit dan ook dat "To preserve the traditions and the very existence of the countries of Europe, especially in the face of the big communist power bloc in the East, it was more necessary than ever to create a united Europe".<sup>32</sup>

Vanuit 'n partypolitieke oogpunt gesien, het Adenhauer se Christen Demokratiese Unie begeer dat die burgers van 'n nuwe Duitsland, Europeërs word om sodoende die Christelike en Westerse tradisies voort te sit. Na sy mening kon slegs dit vrede in Duitsland en in die res van die wêreld verseker.<sup>33</sup> Om dié rede het sy party die standpunte van die besettingsmagte wat vervat is in die Okkupasiewet en wat soos volg lui, sterk gesteun: "that a major objective of the three Allied governments is to encourage and facilitate the closest integration, on a mutually beneficial basis, of the German people under a democratic federal state within the framework of an European association".<sup>34</sup>

Toe die inisiatief vanaf Robert Schuman uitgegaan het om die Steenkool en Staal

---

<sup>30</sup> K. Adenhauer : *Memoirs 1945 - 53*, pp. 37, 107, 108, 109.

<sup>31</sup> K. Adenhauer : *Memoirs 1945 - 53*, p. 110; N. Davies : *A History of Europe*, p. 1066.

<sup>32</sup> *Ibid* : p. 166.

<sup>33</sup> *Ibid* : p. 169; N. Davies : *A History of Europe*, p. 1074.

<sup>34</sup> *Ibid* : p. 185.



Gemeenskap tot stand te bring, het Adenhauer dit onmiddellik gesteun omdat dit enersyds tot die behoud van vrede sou bydra en andersyds die Europese integrasieproses sou bevorder. Dit het ook gestrook met 'n voorstel wat hy en twee vriende reeds in 1925 aan die destydse Ryksregering voorgelê het.<sup>35</sup>

Voortspruitend hieruit, het hy die grondwetlike skryfproses van Duitsland so beïnvloed dat 'n klousule daarin vervat is met die strekking dat die Federale Republiek bemaagtig is om soewereine regte oor te dra aan supranasionale instellings en die inkorting van sy eie regte, mits so 'n inkorting "were calculated to construct a peaceful and lasting order in Europe and between the nations of the world".<sup>36</sup>

Met die totstandkoming van die Steenkool en Staal Gemeenskap, het Adenhauer gehoop dat die gedeeltelike oordrag van die lidlande se soewereiniteit op die terreine ook sou oorspoel na ander terreine en dat nasionalisme, wat hy beskou het as die kanker van Europa, 'n finale nekslag toegedien sou word.<sup>37</sup>

Paul-Henri Spaak, 'n uitstaande Belgiese staatsman wat 'n leidende rol in die Europese eenwordingsproses gespeel het, het in 'n nota in 1941 aan 'n Britse Parlements lid geskryf dat die gebeure van die laaste twintig maande getoon het dat die lande in Europa moes verenig omdat hulle afhanklik van mekaar is vir hulle sekuriteit.<sup>38</sup> Boonop, alhoewel elkeen hulle eie eienaardighede het, bestaan daar geen territoriale limiete wat hulle verdeel nie. Inteendeel, hulle deel hulle politieke, wetlike asook morele standarde tesame met 'n bree vergelykbare lewensstandaard. Al die dinge wat noodsaaklik is vir noue samewerking in 'n verenigde of federale

---

<sup>35</sup> K. Adenhauer : *Memoirs 1945 - 53*, p. 257 - 265; N. Davies : *A History of Europe*, p. 1084; G. Craig : *From Bismarck to Adenhauer*, p. 138.

<sup>36</sup> *Ibid* : p. 329; G. Craig : *From Bismarck to Adenhauer*, p. 138.

<sup>37</sup> *Ibid* : p. 331.

<sup>38</sup> Paul-Henri Spaak : *The Continuing Battle, Memoirs of an European, 1936 - 1966*, p. 76.

Westelike Europa.<sup>39</sup> In 1942 het hy sy siening, wat vir die volgende twintig jaar onderliggend aan sy strewes was, duideliker geformuleer. Hy het geglo dat nasionalisme voortaan versoen moes word met internasionalisme. Die beginsel van nasionale soewereiniteit moet gewysig word deur die totstandkoming van 'n nuwe institusionele struktuur wat superieur tot die individuele lede is. Om aan ou formules vas te klou sou niks vir Wes-Europa beteken nie en die bewyse daarvan het reeds gelê in voorbeelde soos die ou Volkebond waar nasionale soewereiniteit steeds die oorhand geniet het.<sup>40</sup> "Thus, in the middle of the war, long before the hour of decision had struck, I was thinking of the future, dreaming of a united or federated Europe ... I pleaded strongly against the absolute sovereignty of States, and for supra-nationalism."<sup>41</sup>

Hy was ook van mening dat 'n uitvloeisel van die Marshall-Plan was dat die deelnemende Europese volke gedwing was om hulle eie belange ondergeskik te stel aan 'n breë Europese voordeel en dit op sigself het gelei tot die eerste stappe tot Europese unifikasie deur die Steenkool en Staal Gemeenskap. Die metodiek om te beweeg na sy supranasionale ideaal was om stappie vir stappie deur al die voorgenome ooreenkomste so te vorder dat die klem altyd inhoudelik op die einddoel geplaas was.<sup>42</sup>

In 1951 het hy uitgevaar teen die traagheid van volke om te beweeg na die supranasionale konsep en dit gestel dat "we prefer to do nothing, as if history would wait for us, as if we had plenty of time to ... discard our national egoisms".<sup>43</sup>

---

<sup>39</sup> Paul-Henri Spaak : The Continuing Battle, Memoirs of an European, 1936 - 1966, p. 77.

<sup>40</sup> Ibid : pp. 77 - 78.

<sup>41</sup> Ibid : p. 77.

<sup>42</sup> Ibid : p. 214.

<sup>43</sup> Ibid : p. 223.



Na die sluit van die Verdrag van Rome het hy die aandag gevestig op sekere uitstaande kenmerke van die Verdrag waartoe hy persoonlik so baie bygedra het. Bowenal was daar die beginsel van supranasionaliteit, want dit, op sigself, het die verwerping van die absolute beginsel van soewereiniteit, geïmpliseer. Hierdie beginsel is versinnebeeld deur die vereiste dat alle besluite eenparig geneem moes word. Ingevolge die Verdrag is die beginsel van 'n meerderheidsbesluit in plaas van 'n eenparige besluit gevestig saam met 'n verdere beginsel van 'n "geweegde" stem. Dit, op sigself, was 'n groot stap vorentoe in die beweging weg van nasionale soewereiniteit.<sup>44</sup> Na sy mening het die ondertekening van die Verdrag van Rome op 25 Maart 1957, "symbolizes the triumphs of the spirit of cooperation over national selfishness".<sup>45</sup> De Gasperi, Minister van Buitelandse Sake van Italië, het dit duidelik gestel dat "Italy is ready to transfer wider powers to a European Community provided that it be democratically organized and give guarantees of life and development".<sup>46</sup>

## **2.2 DIE ROL VAN DIE VSA TEN OPSIGTE VAN DIE BEGRIPPE "NASIONALE IDENTITEIT" EN "KULTURELE IDENTITEIT"**

Vanuit die VSA se oogpunt gesien, was die Britse teenkanting teen die beginsel van supranasionalisme of federalisme somtyds as moreel verkeerd gesien. Enige skema wat sou lei na 'n "Verenigde State van Europa" was gewild by die Amerikaanse politici wie aanvaar het dat die VSA model elders gekopieer moet en kan word. So 'n skema sou baie makliker die finansiële steun van die Amerikaanse Kongres ontlok. So 'n skema sou ook 'n langdurige politieke stabiliteit in Europa in die hand werk.<sup>47</sup> Gelukkig vir die Britte, het die Amerikaners egter nie hulle gretigheid om

---

<sup>44</sup> Paul-Henri Spaak : *The Continuing Battle, Memoirs of an European, 1936 - 1966*, p.250.

<sup>45</sup> *Ibid* : p. 251.

<sup>46</sup> F. Roy Willis : *Italy chooses Europe*, p. 44.

<sup>47</sup> E. Barker : *Britain in a Divided Europe*, p. 92.



Brittanje in Europa in te kry, te ver geforseer nie.<sup>48</sup>

Volgens Schwabe het die Verenigde State homself verbind tot Europese integrasie, toe daar besluit is om die Marshall Plan van stapel te stuur.

Europese eenheid was beskou as 'n nuwe inspirerende ideaal wat belooft het om Europa se burgers te herstel vanuit die neerslagtigheid en die sinisme waaraan hulle blootgestel is weens die invloed van die na-oorlogse ontberinge. Eintlik het die Amerikaanse publiek gehoop dat 'n ekonomies gesonde Europa 'n krag beide sielkundig en ideologies sterk genoeg sal wees om die Sowjet propaganda te weerstaan.

Maar daar was tog nog 'n ander rede waarom die Amerikaanse publiek en regering Europese integrasie met toenemende ywer gepropageer het. Dit was omdat Duitsland se bydrae tot die herkonstruksie van Europa aan die een kant onontbeerlik was, terwyl, aan die ander kant, dit die beeld van 'n geïndustrialiseerde herrese Duitsland opgetower het wat weer sou poog om ekonomiese en uiteindelik politieke oorheersing in Europa te behou. Die enigste manier waarop dit vermy kon word, was om te poog om Duitsland se industriële vermoë in te span en te beheer binne 'n sterk Europese raamwerk. Hierdie siening is gedeel deur prominente lede van die Amerikaanse Kongres.<sup>49</sup>

Daar is gehoop dat Amerika se historiese ervaring op een of ander wyse herhaal kon word deur die oorlogsgeteisterde Europeërs. Sedert die vroeë 1947 het druk vanuit die geledere van die Kongres, om die Europeërs te oortuig om te integreer 'n politieke realiteit geword wat die Amerikaanse uitvoerende gesag mee rekening

---

<sup>48</sup> E. Barker : Britain in a Divided Europe, p. 93.

<sup>49</sup> K. Schwabe : The United States and European Integration: 1947 - 1957 (C. Wurm : Western Europe and Germany : The Beginnings of European Integration, 1945 - 1960), pp. 116 - 118; G. Ball : The Discipline of Power, p. 59.



moes hou. Die Truman Administrasie het homself verbind tot die doelstelling van Europese integrasie as 'n noodsaaklike onderdeel van die Marshall Plan. Selfs meer as die publiek, was die administrasie bewus van die behoefte vir integrasie wat as 'n onomstootlike voorvereiste vir die ekonomiese herkonstruksie van Duitsland beskou is. Die Departement van Buitelandse Sake (State Departement) het besef dat planne vir die herkonstruksie van Duitsland so ontwikkel moes word dat dit nie Duitsland se bure verder moes antagoniseer nie en voorts, dat dit moes inskakel met die vereistes van die herkonstruksie van die hele Europa. Die vraag het egter ontstaan wat die geval sou wees indien die Europeërs geweier het om te verenig op die wyse wat die VSA gepropageer het.<sup>50</sup>

Wat dit betref, het die Departement van Buitelandse Sake (State Departement) terughoudendheid aanbeveel insoverre dit die inmenging in die huishoudelike aangeleenthede van die ontvangers van die Marshall Hulp betref het. Dit was baie bewus van die gevare voortspruitend uit die afdwing van 'n vorm van eenheid op onwillige Europeërs. Dit was die Departement se ongetwyfelde geloof dat Europese integrasie, indien dit sou posvat en standhoudend is, ontwikkel moes word in Europa en nie in Washington nie. Al wat Amerika kon doen, was om vriendelike advies of raad aan te bied. Die Departement het getrou gebly aan die siening oor die jare.

Selfs in die vroeë 1947 toe Amerika se beleid met betrekking tot Europese unifikasie nog nie gematerialiseer het nie, was beleidmakers in die Departement van Buitelandse Sake bewus van die verskillende keuses wat die Europeërs gekonfronteer het in die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike organisasie. Daar was eerstens die alternatief wat sommige beplanners binne die Departement sou verkies, naamlik die skepping van 'n soort van supranasionalistiese organisasie wat in staat sou wees om Europese besluite af te dwing selfs in die aangesig van opposisie van

---

<sup>50</sup>

K. Schwabe : The United States and European Integration : 1947 - 1957(C. Wurm (red) : Western Europe and Germany : The Beginnings of European Integration, 1945 - 1960), p. 118.



een van sy eie konstituerende lede.<sup>51</sup>

'n Supranasionale struktuur sou 'n meerderheidsbesluit onder die Europeërs toelaat en die moontlikheid van 'n nasionale veto uitsluit. Dit alles sou inwerk, uiteraard, op die soewereiniteit van die lede. Aan die ander kant van die keuselys was daar 'n eenvoudige koöperatiewe opset waarin die lede-nasies bloot mekaar sou konsulteer, maar slegs sou optree wanneer eenparige konsensus bereik is. In hierdie geval sou die beginsel van nasionale sowereiniteit gehandhaaf gewees het.

Alhoewel die Departement van Buitelandse Sake in 1947 die supranasionale benadering in beginsel gesteun het, moet dit beklemtoon word dat die Departement eintlik met minder tevrede was - 'n lossere koöperatiewe reëling as die organisatoriese raamwerk vir Europese herkonstruksie. Dog het die Truman Administrasie stilswyend gehoop dat die proses van integrasie deur middel van die verkryging van sy eie momentum op die lang duur sou lei tot 'n sterk selfs 'n supranasionale, organisasie.<sup>52</sup>

Hierdie aanvanklike hoop het vervaag in die twee jaar wat gevolg het op Marshall se toespraak. Dit is waar dat met die hulp van 'n bietjie aanporring vanuit die Amerikaanse kant, die Europeërs daarin geslaag het om 'n reeks koöperatiewe organisasies op die been te bring. Al hierdie organisasies was egter konvensionele korporatiewe ondernemings wat op geen wyse die sowereine regte van hulle lede beperk het nie en nie naastenby van die innoverende supranasionale aard was wat die Amerikaners verkies het nie.

---

<sup>51</sup> K. Schwabe : *The United States and European Integration : 1947 - 1957*(C. Wurm (red) : *Western Europe and Germany : The Beginnings of European Integration, 1945 - 1960*), p. 119.

<sup>52</sup> K. Schwabe : *The United States and European Integration : 1947 - 1957*(C. Wurm (red) *Western Europe and Germany : The Beginnings of European Integration, 1945 - 1960*), p. 120; E. Barker : *Britain in a Divided Europe*, p. 92.



Amerikaanse beleidmakers was teleurgestel met hierdie karige resultate van hulle pogings om Europa te integreer.<sup>53</sup>

Die supranasionale integrasie waarna gehunker is, is geopponeer deur die neutrale lande asook Amerika se naaste bondgenoot gedurende die 20ste eeu, naamlik Groot-Brittanje. Om hierdie rede het Amerika 'n Britse voorstel aanvaar om George Kennan, 'n senior lid van die Beleidsbeplanningspersoneel in die Departement van Buitelandse Sake (State Department), na Londen te stuur gedurende die somer van 1949 ten einde gedagtes uit te ruil oor moontlike opsies vir een of ander Europese integrasie, veral opsies wat Britse leierskap in 'n geïntegreerde Europa sou bevorder. Die resultaat was 'n dokument wat verdere aandag geverg het.<sup>54</sup>

Terwyl Brittanje buite die proses sou bly, sou Europese kontinentale integrasie as sulks 'n belangrike doelwit bly, nie soseer vir ekonomiese as politieke redes nie. Die politieke redes het gesentreer rondom Duitsland en sy toekomstige rol.<sup>55</sup>

Met 'n fiksasie oor Duitsland, het Kennan en die Beleidsbeplanningspersoneel in die Departement van Buitelandse Sake (State Department) 'n bespoediging van die Europese supranasionale integrasie bepleit omdat 'n stywe en moontlike supranasionale organisasie 'n hefter Frans-Duitse verstandhouding sou bevorder, wat 'n sleutel doelwit was van Amerika se Europese beleid en Duitsland sou bind aan die Weste, en daardeur sou help om Duitsland te beheer en te keer dat dit weer 'n oorheersende krag in Europa sou word. Die Beleidsbeplanningspersoneel het dus twee stadia van Europese integrasie in die vooruitsig gestel: 'n korttermyn fase wat staatgemaak het op vordering in die ontwikkeling van supranasionale strukture in 'n

---

<sup>53</sup> K. Schwabe : The United States and European Integration : 1947 - 1957(C. Wurm (red) Western Europe and Germany : The Beginnings of European Integration, 1945 - 1960), p. 120.

<sup>54</sup> Ibid : p. 122.

<sup>55</sup> Ibid : p. 123.



Wes-Europese kontinentale Unie. 'n Tweede fase wat in die verre toekoms die samesmelting van Oos-Europa met die Wes-Europese kontinentale Unie in die vooruitsig gestel het met Brittanje nog steeds 'n buitestaander ofte wel 'n "derde mag" tussen die super moondhede.

Dit was 'n ietwat ingewikkelde skema wat Kennan aan die Franse en Britse amptenare aangebied het. Dit was onaanvaarbaar vir beide die Franse en die Britte.<sup>56</sup>

Intussen het die Minister van Buitelandse Sake, Dean Acheson, nog nie moed opgegee oor die gedagte van 'n geïntegreerde Europa volgens die supranasionale beginsel nie<sup>57</sup> en die Amerikaners het toe besluit dat dit dringender was om 'n hegte alhoewel kleiner supranasionale Europese organisasie tot stand te bring en wat in staat was om Duitsland te beheer liefs as om Britse toetrede tot so 'n organisasie te probeer kry in 'n poging om die basis te verbreed : strukturele eenheid het voortaan meer getel as breedte van lidmaatskap.

Wat verdere momentum verleen het aan hierdie verandering, was herhaalde pogings deur Acheson om die Franse regering se steun te verkry vir hierdie nuwe benadering.

Daar was 'n paar maande se vertraging totdat Frankryk bereid was om die rol te aanvaar wat die Verenigde State aangebied het. Gedeeltelik as gevolg van hulle eie motiewe, gedeeltelik met die herinnering van die Amerikaanse vertoë 'n paar maande tevore, het die Franse regering onder die invloed van Jean Monnet en Robert Schumann 'n sektorale samevoeging van die ekonomieë van Frankryk en Wes-Duitsland op 9 Mei 1950 voorgestel. Dit het beteken dat die steenkool en staal

---

<sup>56</sup> K. Schwabe : *The United States and European Integration : 1947 - 1957* (C. Wurm (red) *Western Europe and Germany : The Beginnings of European Integration , 1945 - 1960*), p. 124.

<sup>57</sup> *Ibid* : p. 125.



nywerhede van beide lande onder die beheer van 'n supranasionale liggaam sou kom wat onafhanklik was van die nasionale regerings van die twee lande. Enige Europese land wat kans gesien het om hierdie supranasionale struktuur te aanvaar, is genooi om aan te sluit. Ten spyte van 'n sluimerende vrees jeens Europese proteksionisme, het die Verenigde State nie gehuiwer om sy volle ondersteuning aan hierdie rewolusionêre voorstel te verleen nie. Politieke imperatiewe het ekonomiese belange oorheers. Die ondersteuning was nooit gemotiveer deur 'n enge geloof dat Europa slaafs die Amerikaanse model van federalisme moes navolg nie. Daar was 'n sterker rede, naamlik die nasionale belang. Amerika was vas oortuig dat 'n verenigde Europa, sterker en minder gevaarlik onstabiel asook 'n bron van oorlog, sou wees. Deur die samevoeging van die kragte en talente van 'n groot groep mense, kon Europa gedeeltelik self verantwoordelikheid aanvaar vir haar verdediging en welvaartskepping wat tot op daardie stadium deur Amerika gedra was. Hierdie belowende ontwikkeling is na slegs 8 weke benadeel weens die uitbreek van die Koreaanse Oorlog wat die klem verskuif het vanaf Europese integrasie na die herbewapening van Duitsland. Frankryk het die gedagte van die skepping van 'n nuwe Duitse weermag heftig verwerp. As alternatief het die Franse Minister van Verdediging, René Pleven, in Oktober 1950 'n sektorale integrasie van die militêre in Europa, voorgestel. Die Amerikaanse regering het geleidelik die gedagte begin steun. Die Franse Nasionale Vergadering het egter op 30 Augustus 1954 'n stokkie voor die gedagte gestee toe dit die konsep verwerp het. Dit het beteken dat die planne vir 'n politieke unie van Europa ook verval het. Amerika se beleid om Duitsland in Europa te integreer was 'n mislukking.<sup>58</sup>

In baie opsigte het dit gelyk of dit die einde van Amerika se integrasiepolitiek in Europa was. Die supranasionale ideaal is gediskrediteer : die Verenigde State het baie van sy vorige hefboomvermoë en prestige verloor, aangesien Europa nie langer afhanklik was van Amerikaanse ekonomiese bystand nie. Die Europese integrasie-

---

<sup>58</sup> K. Schwabe : *The United States and European Integration : 1947- 1957* (C. Wurm (red): *Western Europe and Germany : The Beginnings of European Integration, 1945 - 1960*), p. 128; G.W. Ball : *The Discipline of Power*, pp. 47 & 52.



inisiatiewe het nou die funksie van die Europese lande geword veral die Nederlande en Frankryk. In die finale fase het die herloodsing van Europa in 1955 - 1956 eintlik anti-Amerikaanse ondertone bevat.

Die Verenigde State het van sy kant af beide die Europese Ekonomiese Gemeenskap en Euratom heelhartig ondersteun. Weer het dit sy vrese vir Europese proteksionisme ondergeskik gestel aan sy hoop vir Europese integrasie deur middel van die gemeenskapsmark. Weer eens het dit Duitsland se deelname aan 'n gemeenskapsmark beskou as 'n toegif teen 'n opkomende Duitse nasionalisme.<sup>59</sup> Weer eens het dit 'n ekonomiese gemeenskap in Europa beskou as 'n eerste stap wat sou lei tot Europa se politieke unifikasie. Weer eens het dit 'n kleiner maar hegter Europese organisasie bo 'n groter maar swakker organisasie verkies. Dog hierdie keer het die Verenigde State Groot-Brittanje gekritiseer omdat laasgenoemde nie die Gemeenskap wou ondersteun nie. Tot watter mate Amerikaanse invloed 'n rol gespeel het in die onderhandelinge wat gelei het tot die Verdrag van Rome in Maart 1957, is 'n vraag wat nog nie behoorlik beantwoord kon word met die gebrek aan beskikbare inligting nie.

Hierdie jongste houding wat Amerika ingeneem het ter ondersteuning van die Gemeenskapsmark getuig van 'n besondere volhoubaarheid in Amerikaanse beleid met betrekking tot die struktuur van 'n Europese Unie. Sedert die loodsing van die Marshall Plan, was Amerika se beleidmakers konsekwent in hulle geloof dat Europa sy nasionale wedywing moes oorwin en 'n oorkoepelende supranasionale organisasie tot stand moes bring wat in die verre verskiet kon ontwikkel in 'n Europese Verenigde State.

Die Amerikaanse regering het heel bewustelik 'n meer geleidelike benadering gevolg met die aanvaarding van die feit dat Brittanje wou wegbly van die kern van Europa

---

<sup>59</sup>

K. Schwabe : *The United States and European Integration : 1947 - 1957* (C. Wurm : *Western Europe and Germany : The Beginnings of European Integration, 1945 - 1960*), p. 129.



asook met die verdragings in die proses van Europese integrasie. Hulle het gereken op 'n langtermyn sukses.<sup>60</sup>

Volgens Diebold<sup>61</sup> het Amerikaanse amptenare herhaaldelik Wes-Europa aangemoedig om te integreer. Die Schumann Plan was vir hulle die grootste stap wat geneem is tot totale integrasie. Dit is deur almal vanaf die Amerikaanse President verwelkom. Die geloof het bestaan dat die Amerikaners hulle vertroue en goedkeuring sou wou wys op 'n materiële manier en selfs iets ekstra sou wou doen "pour encourager les autres". Hierdie gedagte het sy verskyning gemaak in die Verdrag wat die Europese Steenkool en Staal Gemeenskap tot stand gebring het. Na die verlening van die bevoegdheid aan die Hoë Gesag om 'n heffing op die produksie te plaas en om te leen, eindig Artikel 49 af met die woorde "It may also receive grants."

Die Verenigde State het ontvanklik gelyk. Die Wedersydse Sekuriteitswet was in 1952 geadverteer om die Steenkool en Staal Gemeenskap as 'n moontlike ontvanger van bystand aan te wys. Die Kongres en die Administrasie het saamgestem oor die wenslikheid om Europese integrasie beide materieel en andersins, te steun.

In sy lewensbeskrywing<sup>62</sup> verduidelik George Ball wat vir baie jare betrokke was by die integrasieproses van Europa onder andere as Adjunk-Minister van Buitelandse Sake belas met Europese aangeleenthede, dat hy nooit geglo het dat daar 'n integrasie tot 'n Verenigde State van Europa sou plaasvind as dit geskoei moes wees op iets soos wat plaasgevind het in Amerika nie. Volgens hom was die mense

---

<sup>60</sup> K. Schwabe : The United States and European Integration : 1947 - 1957 (C. Wurm : Western Europe and Germany : The Beginnings of European Integration, 1945 - 1960), p. 130.

<sup>61</sup> W. Diebold (Jnr) : The Schumann Plan: A Study in Economic Cooperation, 1950 -1959, p. 320.

<sup>62</sup> G. W. Ball - The Past has Another Pattern - Memoirs, p 81.

van Europa te veel belas deur die geskiedenis, te veel kulturele en linguistiese diversiteit, 'n te intense etnosentrisiteit, en te veel eeue van doelbewuste kweking en verdediging van nasionale instellings om die drastiese verandering te maak wat deur 'n federasie of selfs 'n konfederasie, vereis word. Gedagtig hieraan is ook van belang om daarop te let dat Pres. John F. Kennedy persoonlik van mening was dat Europa op sy eie manier self sy eie heil sou uitwerk. Die aard van die heil het nie die konsep van nasionalisme heeltemal uitgesluit nie veral omdat hy by wyse van analogie geglo het dat Amerika nie maklik van sy eie soewereiniteit afstand sou doen nie. Dit het hom dus skepties gestem jeens die rigiede supranasionale instellings in Europa. In sy bekende toespraak by die Independence Hall in Philadelphia in Julie 1962, het hy veral klem gelê op die noodsaaklikheid dat Amerika die modern-gesinde Europeërs steun in hulle soeke na eenheid sonder om vir hulle voor te skryf hoe daardie eenheid vergestalt moet word.<sup>63</sup>

Desnieteenstaande het die Amerikaners vurig geglo in Monnet se doelwit van 'n verenigde Europa veral omdat hy geglo het dat Amerika baie kon baat deur die ontwikkeling van hulle eie Europese identiteit en instellings en sodoende die verantwoordelikheid vir die wêreld kon deel as 'n gelyke vennoot van die Verenigde State.<sup>64</sup>

---

<sup>63</sup> G.W. Ball : *The Past Has Another Pattern - Memoirs*, p. 82; A. M. Schlesinger : *A Thousand Days : John F. Kennedy*, pp. 729 - 730; G. Ball : *The Discipline of Power*, p. 59.

<sup>64</sup> G.W. Ball : *The Past Has Another Pattern - Memoirs*, p. 90.



## **ASPEKTE VAN NASIONALE EN KULTURELE IDENTITEIT IN 'N VERENIGENDE EUROPA SEDERT 1958 : ENKELE GEVALLESTUDIES**

### **HOOFSTUK 3**

#### **DIE BEGRIPPE “NASIONALE IDENTITEIT” EN “KULTURELE IDENTITEIT” EN DIE RAAD VAN EUROPA EN DIE EUROPESE UNIE**

##### **3.1 DIE RAAD VAN EUROPA**

###### **3.1.1 ONTSTAAN EN HOOFFUNKSIES:**

Die Statuut van die Raad van Europa wat deur tien Europese lande onderteken is, het op 3 Augustus 1949 in werking getree. Hierdie dokument omskrywe die doel van die Raad van Europa as synde die bereiking van groter politieke eenheid sodat die ideale en beginsels van die gemeenskaplike Europese erfenis kan realiseer en ekonomiese en sosiale vooruitgang bevorder kan word.<sup>1</sup>

Die Raad van Europa speel 'n belangrike rol in die versterking van die demokrasie, menseregte, die oppergesag van die reg en Europa se kulturele erfenis binne sy ledestate. Gedurende die eerste drie dekades was die Raad van Europa hoofsaaklik 'n internasionale organisasie wat saamgestel is uit Wes-Europese lede en besorg oor Wes-Europese onderwerpe, maar gedurende die 1980's en 1990's het die Raad van Europa 'n nuwe rol aanvaar met die demokratisering van Sentraal en Oos-Europa. Met die

---

<sup>1</sup> K. Adenauer : Memoirs 1945 -1953, p. 248.

aansluiting van die Russiese Federasie in 1996, het die Raad van Europa se belangrike rol in 'n vergrote Europa selfs belangriker geword.

Wat egter nooit uit die oog verloor moet word nie, is dat die Raad nie daarin kon slaag om eenheid te bevorder nie, want dit is steeds 'n interregeringsinstelling sonder oorhoofse supranasionale strukture en politieke slaankrag. Nietemin was dit die eerste Europese organisasie met 'n politieke kleur vanweë die aard van sy samestelling en die verteenwoordiging daarop, en het dit daarin geslaag om die meer tegniese-akademiese terreine soos die Europese Kulturele Konvensie (1954), die Europese Handves (1961) en die Europese Verklaring van Menseregte te betree.

### **3.1.2 AKTIWITEITE OP POLITIEKE GEBIED TEN OPSIGTE VAN IDENTITEIT**

Terwyl die Raad van Europa die politieke entiteite (state) van die hele Europa omvat en dus werklik verteenwoordigend is van Europa as 'n geografiese en kultuur-historiese eenheid, dit wil sê die Europese identiteit, aspireer dit nie om as 'n transnasionale eenheid gesien te word nie. In sy interregeringstruktuur kan dit beter vergelyk word met die Verenigde Nasies. Sy doel is om gemeenskaplike, wetlike en konstitusionele standaarde te definieer in 'n demokratiese staatsbestel in Europa en dit betrek nie-regeringsorganisasies, burgerlike bewegings en sosiale magte op 'n breë basis. In hierdie sin is dit 'n organisasie wat weer georiënteerd is na die visie van 'n "Europa vir die mense" en verteenwoordig dit nie 'n sfeer van transnasionale politiek en supranasionale soewereiniteit in Europa nie.<sup>2</sup>

Dus vervul dit nie 'n politieke rol in die sin dat dit pro-aktief inwerk op die identiteitskwessie nie.

---

<sup>2</sup>

Hans Kochler: Democratic Citizenship Europe, p. 3.



Nietemin het dit twee dokumente vir ondertekening deur belangstellende ledestate vrygestel wat tog 'n invloed het op die politieke identiteit van lede van dié state, naamlik die Traktaat oor Regionale of Minderheidstate van 1992 en die Raamwerk Konvensie vir die Beskerming van Nasionale Minderhede in 1995. Sodoende beïnvloed dit tog die kwessie van die politieke identiteit van nasionale burgers.<sup>3</sup>

### **3.1.3 AKTIWITEITE OP KULTURELE TERREIN TEN OPSIGTE VAN IDENTITEIT:**

#### **3.1.3.1 KULTUUR AS 'N BELEIDSDOMEIN**

Gedurende 1954 is 'n Europese Kulturele Konvensie deur 14 Europese lande onder aanmoediging van die Raad van Europa aangegaan en tot vandag toe bly dit die sleutelinstrument vir kulturele samewerking in groter Europa. Dit bied 'n praktiese en filosofiese raamwerk vir die nuwe demokrasieë van die ou Sowjetblok en 'n wetlike raamwerk vir menseregte in Europa. 'n Kulturele fonds is in 1958 geskep en 'n Raad vir Kulturele Samewerking is in 1962 in die lewe geroep.

Vanaf die aanvang van die Kulturele Konvensie tot die hede was daar verskeie fases, aldus Etienne Grosjean in sy oorsig van die Raad van Europa se werk op die gebied van kulturele samewerking, naamlik

- (a) Fase 1 - 'n Periode van rekonsiliasie waar die hoofdoelwit was om die Europeërs bewus te maak dat hulle aan 'n gemeenskaplike samelewing behoort veral om weer eens 'n opwelling van fanatieke

---

<sup>3</sup>

Council of Europe: European [Treaties@www.EUR.IND](http://www.EUR.IND).

nasionalisme te voorkom. Spesiale aandag is geskenk aan geskiedenis en aardrykskunde onderrig en die instel van Europees-wye hoër opvoedkundige kwalifikasies;

- (b) Fase 2 - Hierdie fase het gekonsentreer op wedersydse kennis en erkenning van mekaar;
- (c) Fase 3 - Hierdie fase het gefokus op die begrippe van gemeenskaplike ontwikkeling, volgehoue opvoeding, kulturele demokrasie en toetreevlakke in taalonderrig;
- (d) Fase 4 - Hierdie fase het saamgeval met 'n toenemende onsekerheid oor Europese kulturele identiteit en die toekomstige rol van die Raad van Europa in die lig van die toenemende belangrikheid van die Europese Gemeenskap.<sup>4</sup>

### **3.1.3.2 KULTUUR IN DIE WELSYNSTAAT**

Na 1945 het dit logies gelyk dat regerings hulle ondersteuning verleen aan die proses om hulle oorlogsgeteisterde lande te herbou. Die publiek in Wes-Europa was na jare van onderwerping aan die gesag van die staat asook die ondergeskikstelling daarvan aan die vereistes van die oorlog uitgehonger vir die kultuur. In Sentraal en Oos-Europa is een vorm van ideologies-gedrewe kultuur in die vorm van Nazisme verruil vir 'n ander minder gevaarlike dog ewe onaantreklike een, naamlik Kommunisme.

Die regerings dwarsoor die kontinent het op een of ander wyse gereageer op hierdie honger na die kunste. 'n Sleutel doelwit van regerings in Wes-

---

<sup>4</sup>

The European Task Force on Culture and Development : In From the Margins, pp. 35 - 36.



Europa was om die gehalte en verskeidenheid van die kulturele lewe te beskerm. Spesifieke kulturele maatreëls het ingeskakel met sosiale, opvoedkundige en stadsbeplanningswetgewing.

Die intervensie van die Staat gedurende die laaste 50 jaar kan ingedeel word in 'n aantal fases alhoewel hulle nie noodwendig gelyktydig dwarsoor die kontinent of in 'n sekvensie geïmplementeer is nie. In die algemeen het die regering hulle aandag eerstens gevestig op die behoud en bewaring van die herkoms. Hulle basiese motief, naamlik die ontwikkeling van 'n nasionale identiteit, kan nagespoor word tot die vroeë geskiedenis van die Europese kulturele beleid. Gemeenskappe wat nie nasiestate is nie het ook swaar belê in kultuur en herkoms ten einde 'n sterk sin van onderskeidende waardes wat gesetel is in 'n gemeenskaplike verlede, te beklemtoon.

Die bevordering van kulturele identiteit het 'n internasionale sowel as 'n plaaslike dimensie en baie lande het internasionale uitruiling aangemoedig. Hierdie amptelike inisiatiewe is toenemend oor die jare deur self geïnisieerde individue en kunstgroepe aangevul. Baie state het groot gedeeltes van hulle kulturele begrotings toegewy aan die bevordering van identiteit en in die besonder op die terreine van die geskiedenis van die literatuur, asook aspekte van teater en musiekproduksies. Wetgewing is gepromulgeer om die kulturele omgewing en herkoms te beskerm; om direkte finansiële ondersteuning te verleen, en om sulke instellings soos museums en argiewe te vestig en ontwikkel. Beplanningsvoorskrifte is voorgestel om die sloping van geboue en die oprigting van nuwes in gebiede van historiese belang te reël.

In die suide van Europa was die uitgawe op erfoegd buitengewoon hoog. Dit het 'n aansienlike druk geplaas op hierdie lande se kulturele begrotings in hulle strewe om die fisiese erfenisse te bewaar wat soveel inspirasie was vir

die intellektuele lewe.

Die tweede breë ontwikkeling was die voorsiening van 'n kontemporêre kulturele infrastruktuur soos nuwe teaters, konsertsale, museums, ens. Somtyds was die doel om slegs oorlog-beskadigde geboue te herbou en ander kere om kultuur te desentraliseer en demokratiseer tydens 'n tydperk van ekonomiese groei.<sup>5</sup>

### **3.1.3.3 DESENTRALISASIE**

Tot die mate wat die kunste 'n handige wyse was om nasionale identiteit te herbevestig, is dit nie verbasend dat state geneig het om beheer te hou oor hulle eie kulturele beleid nie.

Hierbenewens is daar ook 'n tradisie ingevolge waarvan die oormag van die staat teëgestaan word ten gunste van die plaaslike of regionale omdat daar geglo word dat kultuur van onder af ontstaan in stede om van bo-af afgedwing te word.<sup>6</sup>

### **3.1.3.4 DIE SLEUTEL TOT KULTURELE BELEID**

Uit die beskikbare data blyk dit dat daar vier breë doelwitte onderliggend is aan kulturele beleid in Europa, naamlik die bevordering van kulturele identiteit, kulturele diversifikasie, kreatiwiteit en deelname. Hierdie doelwitte het ook die Raad vir Kulturele Samewerking van die Raad van Europa se

---

<sup>5</sup> The European Task Force on Culture and Development : In From the Margins, pp. 38 - 39.

<sup>6</sup> Ibid : p. 42.



denke gerig oor die afgelope 25 jaar.<sup>7</sup>

### **3.1.3.5 DIE BEVORDERING VAN KULTURELE DIVERSITEIT**

Baie verskillende kulture het oor die eeue in Europa ontstaan en is gesmee uit uiteenlopende invloede soos die van 'n sosiale, ekonomiese en somtyds politiese, aard.

Europa se diversiteit is 'n lewensfeit alhoewel nie altyd erken deur die heersers van die nasiestate en ryke nie. Dog, gedurende die laaste 50 jaar het 'n teenstellende konsensus begin ontwikkel onder politici, naamlik dat die beskerming, selfs die bevordering van diversiteit, beide in terme van verskillende leefwyses sowel as artistiese uitdrukking, twee besondere en begeerlike doelwitte daarstel. Die eerste synde die erkenning van die reg om verskillend te wees. Kulture het hulle eie erfgoed, tradisies, tale en kontemporêre uitdrukkingsvorme en is gevolglik geregtig om op hulle eie terme te bestaan ongeag hulle geografiese belangrikheid of die grootte van hulle bevolking.

Die tweede het betrekking op die relevansie van kulturele diversiteit op ontwikkeling. Die siening bestaan dat die afdwing van 'n enkele kulturele model Europese ontwikkeling sal strem in plaas daarvan om dit te bevorder. 'n Pluralistiese benadering kweek 'n wisselwerking en interaksie tussen kulture. Die aanvaarding van verskeidenheid sal die kontinent verryk terwyl die onderdrukking van verskille, dit sal verarm.<sup>8</sup>

---

<sup>7</sup> The European Task Force on Culture and Development : In from the Margins, p. 45.

<sup>8</sup> Ibid : p. 46 - 47.

### 3.1.3.6 EUROPA : 'N KULTUUR VAN KULTURE:

Kulturele pluralisme is een van die beginsels wat die werk van die Raad van Europa onderskraag. Soos reeds bekend, is verskeidenheid nie 'n doel op sigself nie, maar 'n manier om 'n vry en gelyke uitruiling tussen kulture te bewerkstellig. Die probleem is hoe om dit in die praktyk te realiseer. Daar is die kwessie van algemene Europese relevansie, maar daar is nie 'n universele kuur nie. Verskillende gemeenskappe elk met hulle eie tradisies en instellings moet hulle eie oplossings bereik. Beleidmakers was stadig om die noodsaaklikheid vir die bevordering van kulturele pluralisme te besef. Inheemse minderhede in Wes-Europa is stadig besig om selfbeskikking asook 'n billike deel van die nasionale hulpbronne te verkry.<sup>9</sup>

'n Soortgelyke probleem bestaan op die pan-Europese vlak. Siende dat dit nóg moontlik nóg wenslik is om nasionale identiteite te versak, ontstaan die vraag hoe die idee van 'n oorhoofse Europese identiteit daarmee versoen kan word. Die vraag is of dit moontlik is om te behoort aan beide 'n land en 'n kontinent?<sup>10</sup>

Die Europa wat besig is om te ontvou, soos die vorige Ierse President, Mary Robinson opgemerk het "will not be a place of tidy assumptions or quiet acceptance. Instead it is a theater of concerns where diversity brings tensions and where tensions can lead to the enrichment of mutual understanding."<sup>11</sup>

Wat op die spel is hier, is dat mense se sin van hulself as gemeenskappe,

---

<sup>9</sup> The European Task Force on Culture and Development : In from the Margins, p. 61.

<sup>10</sup> Ibid : p. 67.

<sup>11</sup> Ibid : p. 71.



wat aan hulle hul kulturele identiteit gee, in 'n staat van verandering is. Nuwe lojaliteite kompeteer met oues. Kulturele selfbesef is 'n groot krag in Europa en het 'n besondere waarde verkry sedert die 1980's. Die state in die vorige Sowjet-blok het nou 'n hoë waarde geplaas op die aanspraak op onderskeidende identiteite en beskou die vryheid van kulturele uitdrukking as 'n baken tot sosiale hernuwing. In Wes-Europa glo streke en stede dat die onderskeidende kulturele eienskape van hulle gemeenskappe essensiële elemente is in hulle strewe vir outonomie van die nasionale regerings. Bykomstig het nasionale self ook beleid ontwikkel om nasionale kulture te identifiseer, bevorder en beskerm en in die besonder hul erfenis en tale. Sommige lande in Oos- en Sentraal Europa het begin besef dat daar geen kultuur sonder tradisie en geen tradisie sonder die draad van kontinuïteit is nie. Dit is hoekom hulle poog om hulle simbole, hulle kultuur en hulle mites te herwin.

Aan die ander kant was kultuurverskille die verskoning vir sosiale stryd om eintlik ekonomiese en politieke wedywering te vermom. Die herverskyning van linguïstiese, godsdienstige en etniese verskille, migrasies en bevolkingsgroei, stimuleer rassehaat en onverdraagsaamheid en lei tot die verwerping van gemengde identiteite in die naam van etniese suiwering. Dit op sigself is 'n oorlog teen kultuur.

In reaksie het state in Sentraal en Oos-Europa onder die aanmoediging van die Raad van Europa, 'n "Stabiliteitsverdrag" gesluit wat ontwikkel is om respek vir etniese minderhede en bestaande grense af te dwing.<sup>12</sup>

Die integrasie van die Europese beleide is tans 'n stadige en moeilike taak. Die bereiking van politieke unifikasie is nog 'n saak van groot wroeging. 'n Opname van nasionale Europese affiliasies en houdings jeens buitelanders

---

<sup>12</sup>

The European Task Force on Culture and Development : In from the Margins, p. 72.

in 1994 deur Eurobarometer 42, het getoon dat slegs 4% van diegene wat ondervra is hulself beskou as Europeërs in vergelyking met 47% wat hulself net as volksgenote beskou.

## **3.2 DIE EUROPESE UNIE**

### **3.2.1 ONTWIKKELINGE SEDERT DIE ONTSTAAN VAN DIE EUROPESE UNIE**

Die Messina Konferensie het aanleiding gegee tot die ondertekening van twee verdrae van Rome deur ses Europese lande in 1957 waarkragtens die E.E.G. en Euratom gestig is. Alhoewel die Euratom Gemeenskap (ooreenkoms) geldend was vir 50 jaar (artikel 97), is die Verdrae van Rome gesluit vir 'n onbepaalde tyd (artikel 240 van die E.E. Gemeenskap [ooreenkoms], en artikel 208 van die Euratom Gemeenskap [ooreenkoms]).<sup>13</sup>

Die drie Gemeenskappe, naamlik die E.S.S.G, die E.E.G. en Euratom het uiteindelik saamgesmelt en die ledetal het mettertyd vanaf die oorspronklike ses tot vyftien teen Desember 2000 aangegroei.

Op 8 April 1968 is die Verdrag vir die stigting van 'n enkele Raad en 'n enkele Kommissie van die Europese Gemeenskappe onderteken. Die samesmelting moes in twee fases geskied : 'n enkele Raad en Kommissie teen 1 Julie 1967 en die vereniging van die Gemeenskappe teen 1970. Hierdie samesmelting het egter nie die proses van Europese vereniging noemenswaardig verhaas nie.

In 1974 is op aandrang van die Franse President Valery Giscard d'Estaing

---

<sup>13</sup>

European Parliament Fact Sheets, 1.1.1. : The First Treaties, 19.01.2001.



daartoe oorgegaan om die ongereelde en ad hoc byeenkomste van Spitsberade te omskep in vaste en gereelde byeenkomste van regeringshoofde/staatshoofde onder die benaming Europese Raad. Hierdie liggaam sou steeds buite die formele raamwerk van die Europese Gemeenskapstrukture en die Verdrag van Rome staan. Die Europese Raad het tot 1987 drie keer per jaar vergader en daarna twee keer. Hoewel dit as struktuur die belange van die nasionale regerings verteenwoordig het en dus as 'n belangrike rem op die integrasie- of verenigingsproses kon dien, het die Europese Raad 'n belangrike rol gespeel om die integrasieproses te bevorder.

Die Europese Raad het op sy vergadering in Desember 1985 tot besluite gekom oor twee belangrike sake. Daar is besluit om die strukture en funksionering van Europese Politieke Samewerking en die wysigings van die Verdrag van Rome in te lyf in 'n Wet op Europese Eenwording.

Die Wet op Europese Eenwording het vir die Europese Gemeenskap 'n nuwe doel geformuleer. Die Gemeenskapsmark wat deur die Verdrag van Rome in die vooruitsig gestel is, moes teen 31 Desember 1992 volledig voltooi wees. Die Wet op Europese Eenwording is in 1986 aanvaar.

Op die Maastricht-vergadering van die Europese Raad in Desember 1991 is 'n verdere ooreenkoms beding. Die belangrikste bepalings van die ooreenkoms was, onder andere:

1. die verpligting van die lidlande om teen 1 Januarie 1994 'n Europese Monetêre Instituut te stig wat die voorloper sal wees van 'n Europese Sentrale Bank en teen einde 1994 gevestig moet wees. Die bank sal die uitreiker van die Europese Gemeenskap geldeenheid wees;

2. Europese gemeenskapsvergaderings sal voortaan op meerderheidsbesluit berus en nie meer op eenstemmigheid nie;
3. die rol van die Europese Parlement sal uitgebrei word;
4. die Europese Raad sou die hoogste gesag wees wat oor die toepassing van die Ooreenkoms en die Wet op Europese Eenwording toesig hou;
5. kultuur sou by wyse van Europese projekte aangemoedig en ontwikkel word.

Na aanleiding van die Maastricht Ooreenkoms het daar groot optimisme bestaan dat 'n nuwe momentum aan die 1992 doelwit gegee is. Die bekragtiging van die Ooreenkoms het teenspoed gekry. Dit is in 'n Deense referendum verwerp. In die Franse referendum op 19 September 1992 is die ooreenkoms met 'n skrale meerderheid gesteun. Brittanje het gesukkel om steun vir die ooreenkoms te werf. Ierland, Luxemburg, Griekeland, Nederland, België, Duitsland, Portugal en Spanje het die ooreenkoms goedgekeur.

Op die Europese Raad se vergadering in Edinburgh van 11-12 Desember 1992 is maatreëls getref om die Ooreenkoms te red waaronder die volgende van belang is:

1. Die totstandkoming van 'n sentrale bank is na 1997 uitgestel en die Ekonomiese en Monetêre Unie moes in 1999 in werking wees.
2. Die gesagsposisie van die Europese Raad is herbevestig.



3. 'n Besluit dat die Maastricht Ooreenkoms in 1996 weer hersien kon word.

Die gevolg was dat Denemarke in 'n tweede referendum ten gunste van die Maastricht Ooreenkoms gestem het en die Ooreenkoms het dus op 1 November 1993 in werking getree.

Gedurende 1994 het die Komitee vir die Streke wat ingevolge die Maastricht Ooreenkoms geskep was, sy stigtingsvergadering gehou.

Soos bepaal, is aanstales in 1996 gemaak om die Maastricht Ooreenkoms te hersien en tydens die Amsterdam vergadering van die Europese Raad is konsensus bereik oor 'n nuwe ooreenkoms synde die Ooreenkoms van Amsterdam. Die Ooreenkoms is aangegaan alvorens die verdere uitbreiding van die Unie oorweeg is. Dit het ten doel gehad om die Europese Unie 'n vars identiteit te verleen. Dit het elk van die drie pilare wat die fondasie van die Unie se werk uitgemaak het sedert die Maastricht Ooreenkoms, naamlik die Europese Gemeenskap (eerste pilaar), die gemeenskaplike buitelandse en sekuriteitsbeleid (tweede pilaar) en samewerking op die terrein van justisie en binnelandse sake (die derde pilaar) gekonsolideer en op 1 Mei 1999 in werking getree.

Gedurende Desember 2000 is die Ooreenkoms van Nice, onderworpe aan die goedkeuring van die Lidstate, aanvaar. Die Ooreenkoms het ten doel gehad om die Europese Unie te rig op die toekoms met die beoogde vergroting van 15 lede na ongeveer 30.

### **3.2.2 HOOFFUNKSIES**

Die Europese Unie se doelwit is om verhoudings tussen die Ledestate en

hulle mense op 'n sinvolle manier en op die basis van solidariteit te organiseer.

Die hoofdoelwitte is:

- om ekonomiese en sosiale vooruitgang te bevorder;
- om die identiteit van die Europese Unie op die internasionale arena te bevorder;
- om Europese burgerskap te bevorder en in werking te stel - dit vervang nie nasionale burgerskap nie, maar vul dit aan en vestig 'n aantal siviele en politieke regte op Europese burgers;
- om 'n gebied van vryheid, sekuriteit en geregtigheid te ontwikkel; en
- om Europese reg te vestig en daarop voort te bou.

### **3.2.3 AKTIWITEITE OP POLITIEKE GEBIED TEN OPSIGTE VAN IDENTITEIT**

Die begeerte om Europa te verlos van ewigduurende oorloë en tragedies en uiting te gee aan die drome van die intellektueles oor 'n verenigde Europa, het gelei tot die Verdrag van Rome wat dit ten doel gestel het om "(to) lay the foundations of an ever closer union among the peoples of Europe". Onbewustelik het dit die kwessie van identiteit onder die vergrootglas begin plaas, want dit het gelei tot die beweging weg van die plaaslike na die supranasionale.

Die Verdrag van Rome het primêr die ekonomiese stimulering van lidlande deur die afskaffing van sekere doeanemaatreëls en die promovering van die ekonomie van lidlande beoog, maar daar moet nooit uit die oog verloor word dat dié inisiatief inderdaad 'n ekonomiese omhulsel om 'n politieke doelwit was nie, naamlik die vereniging van Europese state. Die Europese Unie was



beskou as meer as 'n doeane-unie en 'n gemeenskaplike mark vir kapitaal en arbeid aangesien daar ook 'n bedoeling was om gemeenskaplike beleid te ontwikkel. Aangesien die gemeenskaplike beleid gesmee moes word in die konteks van inter-regeringsverhoudings en gevestigde nasionale identiteit, was dit onafwendbaar dat die proses gekenmerk sou wees deur politieke kompromie. Die houding van state jeens die Verdrag het gewissel tussen dié van volslae betrokkenheid soos Frankryk en Duitsland wat elk om hulle eie redes nouer samewerking wou bevorder, tot Brittanje wat baie huiwerig was om op die voorwaardes van die Unie toe te tree juis as gevolg van die moontlike inbreuk op die Britse soewereiniteit ofte wel nasionale identiteit. Die wyse waarop sodanige inbreuk gemaak kon word op ledestate was deur middel van:

1. Tussenkomende maatreëls:

Ingevolge hierdie maatreël kon die Kommissie ingryp in gevalle waar daar 'n botsing tussen die belange van State bestaan en selfs, indien nodig, 'n direktief uitvaardig om die inkonsekwentheid te regulariseer (artikel 101).<sup>14</sup>

2. Die skep van 'n diskrete eie identiteit:

Die Gemeenskap het deur middel van artikel 224 die reg op 'n eie identiteit verkry tot so 'n mate dat dit geregtig was op sekere maatreëls ter beskerming van sy aktiwiteite in 'n staat in omstandighede waar die betrokke staat as gevolg van interne wroeging of internasionale beskermingsverpligtinge eiesoortige

---

<sup>14</sup> Verdrag van Rome.

maatreëls moes tref ter uitvoering van sy beleid.<sup>15</sup>

3. Bo en behalwe voorgaande, was daar ook regulasies, direkteive en besluite wat bindend is op regerings en individue ter bereiking van die doelwitte van die Gemeenskap asook strukture soos byvoorbeeld die Europese Kommissie wat trou sweer aan die konsep van Europeanisme, en supranasionalisme indirek bevorder. Die Kommissie het magte van sy eie wat 'n direkte invloed op die inwoners van die lidlande het. Dit is gedeeltelik 'n uitvoerende en gedeeltelik 'n supranasionale liggaam.

As 'n mens egter die Verdrag in diepte bestudeer, is dit duidelik dat dit nie 'n federale konstitusionele struktuur geskep het nie en dat die supranasionalisme wat hieruit ontwikkel het, inderdaad 'n vermenging van die federale en interregeringstelsels was.

Teen 1960 kon daar duidelik meer perspektiewe onderskei word oor die soort Europa wat in die vooruitsig gestel is, naamlik

- (a) die federalistiese benadering;
- (b) die funksionalistiese benadering;
- (c) die interregeringsbenadering wat volle onafhanklikheid binne 'n losse vryhandelsooreenkoms voorgestaan het;
- (d) die konfederale model wat gevorderde integrasie ondersteun, maar met die magsbasis stewig in die nasionale regerings gevestig. Dit sou kragtens die Verdrag van Rome beteken dat die magsposisie van die Kommissie na die regeringshoofde en nie eens na die Raad van Ministers, verskuif nie. Dit was die visie van 'n "Europe of States" wat ten nouste geassosieer word met De Gaulle.

---

<sup>15</sup>

Verdrag van Rome.



Geen wonder dus dat veral De Gaulle deurgaans die aksent geplaas het op 'n Europa van state en nie 'n verenigde state van Europa nie. Hy het vas geglo in staatssoewereiniteit en die rol en funksie van die Staat as 'n uitdrukking van nasionale identiteit. Die Europese Gemeenskap moet nie toegelaat word om buite beheer van die nasionale regerings te ontwikkel nie en die nasionale state binne die gemeenskap moes versterk word. Sy standpunt is weer eens deur Margaret Thatcher in haar Bruges toespraak herbevestig toe sy gesê het "the willing and active cooperation between independent sovereign states is the best way to build a successful European Community".<sup>16</sup> Hierdie standpunt is opgevolg deur John Major wat gesê het "Defences of national culture are instincts rooted deep in the blood. They are not to be swept away by rhetoric about growth or slogans about unity."<sup>17</sup> Brittanje was gekant teen enige inset wat gesag van Londen na 'n ander Europese hoofstad sou verskuif.

Hierdie traagheid teen 'n verenigde Europa het dus veral vanaf 1960 die Gemeenskap weggetrek van watter supranasionale voorkeur daar was en hierdie tendens is deur die Europese Geregshof deur die 1970's en 1980's beskerm.

Die ommekeer in die proses het plaasgevind met die aanvaarding van die Wet op Europese Eenwording. Dié wet het vir die Europese Gemeenskap 'n nuwe doel geformuleer, naamlik dat die gemeenskapsmark wat deur die Verdrag van Rome in die vooruitsig gestel is, teen 31.12.1992 volledig voltooi moes wees sodat die sogenaamde vier basiese vryhede verwesentlik kon word, naamlik vryheid van beweging van goedere, vrye beweging van dienste, vrye beweging van kapitaal, vrye beweging van mense.

---

<sup>16</sup> M. Thatcher : The Downing Street Years, pp. 744 - 745.

<sup>17</sup> P. A. Kapp : M.A. Geskiedenis Voorlesings, Universiteit Stellenbosch, p. 77.



Dit het 279 maatreëls geïdentifiseer wat deurgevoer moes word. Sommige het op die gevoelige terrein van nasionale soewereiniteit betrekking gehad soos byvoorbeeld die kwessie van 'n monetêre unie wat die soewereiniteit van lidstate ernstig sou aantas omdat hulle nie meer langer die waarde van die wisselkoers sou kon bepaal nie. Thatcher het sterk standpunt teen monetêre eenheid ingeneem en beklemtoon dat Brittanje nie van sy soewereine beheer oor sy geldstelsel sou afstand doen nie, want "Sterling is the most powerful expression of sovereignty you can have."

In Januarie 1990, het die destydse Eerste Minister van Hongarye, Lajos Németh die Raad van Europa gevra of dit bereid was "to accept - both in our spirit and in our mind - that a period of European history has ended".<sup>18</sup> Die periode wat gedurende 1989-90 geëindig het, was een waarin Wes-Europa in staat was om te aanvaar dat daar geen enkel Europa was nie. Die Maastricht Ooreenkoms bepaal, onder andere, dat die Europese Unie die nasionale identiteite van sy lidstate wat op die beginsel van demokrasie gebaseer is, respekteer<sup>19</sup> en ooreenkomstig die beginsel van ondergeskiktheid (subsidiarity) erken die Europese Reg die wettigheid van ander kollektiewe identiteite soos dié van die streeks- en plaaslike liggame wat verteenwoordig word in die Europese Unie se Komitee oor Streke. Die Amsterdam Ooreenkoms het die Maastricht Ooreenkoms verbeter met die insluiting van die frase "citizenship of the Union shall complement and not replace national citizenship".<sup>20</sup>

---

<sup>18</sup> C. Church & G. Hendriks : Continuity and Change in Contemporary Europe, p. XV.

<sup>19</sup> E. U. Petersman : The Moral Foundations of the European Union's Foreign Policy Constitution, p. 9.

<sup>20</sup> J.J.H. Weiler : To be a European Citizen - Eros and Civilization (Journal of European Public Policy, Biblio Europe), p. 31.



Die bekendstelling van die konsep van Europese burgerskap binne die staatkundige begrip wat die staat, die nasie en die mensdom omvat, by wyse van die Maastricht Ooreenkoms is in direkte konflik met die oorspronklike bedoeling van die Verdrag van Rome. Dié Verdrag het altyd gepraat van “laying the foundations of an ever closer union among the peoples of Europe”. Nie die skepping van een mensdom nie, maar die vereniging van baie mense. Die bekendstelling van burgerskap binne sy klassieke betekenis kan dan ‘n verandering van die werklike onderliggende filosofie van Europese integrasie beteken van ‘n unie tussen “die mense van Europa” na “mense van Europa”. So sal ‘n proses van die afskaffing van die tradisionele identiteit ten gunste van ‘n Europese identiteit begin word.<sup>21</sup>

As nasionalisme gesien word as ‘n produk van tyd en omstandighede, volg dit makliker om te erken dat die uitbreiding van kapitalisme en kommunikasie in die elektroniese eeu groter politieke entiteite moontlik maak. Dit is nie om die supranasionale versus nasionale debat in die Europese identiteitskonteks vooraf te beoordeel nie, maar eenvoudig om voor te stel dat net soos monarge en ryke nie meer politieke eindpunte is nie, so kan nasiestate moontlik ook nie die einde van die geskiedenis wees nie.

Wat soewereiniteit betref, het die woord sy historiese betekenis verloor vir alle lede van die Europese gemeenskap. Daar is nog aparte state, met aparte verkose regerings, maar groot gedeeltes van hulle nasionale lewe is nie langer heeltemal onder hulle beheer nie.

Sedert 1989 het dit onmoontlik geword om die sentrale en oostelike Europa as “far off places of which we know little” soos Neville Chamberlain dit gestel het, te beskou. Die opstande in die Oosbloklande het daartoe gelei dat baie

---

<sup>21</sup>

J.J.H. Weiler :To be a European Citizen - Eros and Civilization (Journal of European Public Policy, Biblio Europe), pp. 31 - 34.



lande poog om hulself te herskep op die politieke en ekonomiese patrone van die Weste sodat die begrip van Wes-Europa as 'n unieke area met 'n eie patroon van pluralisme nou meer algemeen toegepas word. Dit beteken dus dat Europa wes van die Oeralgebergtes as 'n enkel kontinent met gedeelde en verdeelde eienskappe en belange beskou word.

Wat die tweede kwessie betref, het daar twee hofuitsprake gekom wat substansieel ingewerk het op die identiteitskwessie in die sin dat daar 'n beperking geplaas is op die soewereiniteit van die Lidstate. Volgens die "Van Gend en Loos" uitspraak, het die Europese Raad van Justisie gespesifiseer dat die Gemeenskap 'n nuwe wetlike orde daarstel ingevolge waarvan die Lidstate ingestem het om 'n beperking op hulle soewereiniteit te plaas, en Costa/ENEL uitspraak dat die Gemeenskap se wette die van die lidstate oorheers.

Die Europese Unie het geleidelik nuwe regte begin toeken aan mense wat in stand gehou sal word deur die nasionale howe asook die Europese Raad van Justisie. Hierdie regte wat altyd beskou is deur die Hof van Justisie as algemene beginsels waaraan die Europese instellings gebonde geag is, is ingeskryf in die Ooreenkomste by verskillende geleenthede soos die Unie ontwikkel het. Die Verdrag van Rome het begin met die onwettig verklaring van diskriminasie gebaseer op nasionaliteit in sake van die vrye beweging van werkers. Daarna het drie ander instrumente, naamlik die Wet op Europese Eenwording, die Maastricht Ooreenkoms en die Ooreenkoms van Amsterdam, verdere regte toegeken wat in drie kategorieë ingedeel kan word naamlik fundamentele regte, regte inherent in vrye beweging, individuele demokratiese regte.

Aanvullend tot hierdie regte, moet dit bygevoeg word dat die Amsterdam Ooreenkoms by implikasie erken het dat Europeërs geregtig is om te verwag



dat die Unie sal optree in sake wat hulle raak.<sup>22</sup>

Met betrekking tot demokratiese burgerskap, het die Maastricht Ooreenkoms, soos gewysig deur die Amsterdam Ooreenkoms, hoë verwagtings geskep wat nie kon realiseer as gevolg van die realiteite van die voorskrifte van die gewysigde weergawes van die Verdrae wat die Europese Gemeenskappe tot stand bring nie. Die Maastricht Ooreenkoms verplig die kontrakterende partye in artikel 1 om besluite te neem so na as moontlik aan die burger. Dit verbind verder die Unie in artikel 2 om die beskerming van die regte en belange van die burgers van sy Ledestate deur die bekendstelling van burgerskap van die Unie. Dit is in ooreenstemming met die oorspronklike artikel 8 van die Verdrag van Rome. Aanvullend tot die formulering van die Verdrag van Rome, verklaar die Amsterdam Ooreenkoms in artikel 17(1) dat burgerskap van die Unie bykomstig tot nasionale burgerskap sal wees en dit nie vervang nie. Die Amsterdam Ooreenkoms verbind verder die Lidstate (in artikel 2) om die Unie te onderhou en ontwikkel as 'n gebied van vryheid, sekuriteit en geregtigheid. Nieteenstaande die gebrek aan 'n duidelike verbintenis tot 'n soort supranasionale Europese burgerskap *sui generis*, stipuleer hierdie formulering die skepping van 'n transnasionale demokrasie in Europa.

Bykomstig hiertoe vorm die beginsel van subsidiariteit waarvoor voorsiening gemaak word in artikel 5 van die Verdrag van Rome en artikel 2 van die Maastricht Ooreenkoms, een van die riglyne vir die bereiking van die doelwitte van die Europese Unie. Dit maak dit gebiedend dat die Unie slegs mag optree as en indien die doelwitte van die voorgestelde aksie nie bevredigend bereik kon word deur die Ledestate nie (artikel 5 van die Verdrag van Rome). Indien dit stiptelik nagekom sou word, sou dit waarborg

---

<sup>22</sup>

The ABC of the European Union - Citizenship, p.1 & 2 @[HTTP://EUROPA.EU.INT/ABC-EN-htm](http://EUROPA.EU.INT/ABC-EN-htm)



dat die burgers meer aktief deelneem in besluite op nasionale, regionale en plaaslike vlak waar hulle belange direk geaffekteer word. In werklikheid was en is die regte wat deur Europese burgerskap toegeken word baie beperk en die ruimte vir demokratiese aksie onvermydelik beperk vanweë die rudimentêre vorm van die transnasionale Europese konsep van burgerskap. Die basiese kenmerke van burgerskap, selfs in die era van die Amsterdam Ooreenkoms was nog steeds beperk tot die vlak van nasionale besluitnemende prosedures. Europese burgerskap het aan die burger die basiese demokratiese regte op die plaaslike en nasionale vlak verleen, maar nie op die Europese vlak nie.

Op die transnasionale vlak was Europese burgers steeds min of meer gekompartementaliseer langs nasionale lyne, terwyl die magtige ekonomiese drukgroepe hulself georganiseer het op die transnasionale vlak. 'n Burgerlike demokrasie is verplaas deur 'n de facto demokrasie van georganiseerde belange, drukgroepe en verteenwoordigers van organisasies. Regte demokrasie in die sin van burgerlike betrokkenheid in openbare sake vereis 'n soort openbare ruimte wat tans slegs bestaan op die vlak van die nasiestaat wie se nasionale identiteit die Maastricht Ooreenkoms spesifiek onderneem om te respekteer. Die nasiestate bly die soewereine akteurs in die Europese Unie.<sup>23</sup>

### **3.2.4 AKTIWITEITE OP KULTURELE GEBIED TEN OPSIGTE VAN IDENTITEIT**

Die Europese Unie het eers kultuur binne sy bevoegdhede ingesluit as 'n terrein in sy eie reg met die Maastricht Ooreenkoms in 1992. Tot op daardie

---

<sup>23</sup>

Hans Kochler: Decision-Making Procedures of the European Institutions and Democratic Legitimacy, pp. 3, 6 - 11.



tydstip was die Unie hoofsaaklik beskou as van 'n ekonomiese aard.

Die ontwikkeling van die Europese Unie se betrokkenheid in kulturele beleid was 'n stadige proses. In 1977 het die Kommissie 'n kommunikasie aan die Raad vrygestel wat voorgestel het dat die Europese Gemeenskap betrokke moet raak in die ekonomiese en sosiale aspekte van kultuur. Gedurende 1982-86 was daar 'n groter betrokkenheid van die Europese Unie se instellings in kulturele aangeleenthede met die totstandkoming in 1984 van die Addino Komitee oor "n Mens-georiënteerde Europa" om te kyk na 'n aantal maatreëls om die Europese Gemeenskap se identiteit en beeld tussen sy burgers en die res van die wêreld te versterk. Dit het die aanvaarding van inisiatiewe wat 'n Europese Gemeenskaps-paspoort, bestuurderslisensie, noodhulpkaart, grenstekens en vlag ingesluit asook 'n TV kanaal om die "Europese boodskap" te bevorder.

Die Maastricht Ooreenkoms wat in 1993 in werking getree het, het aan die Europese Unie se instellings, bevoegdhede verleen op die terreine van kultuur en kulturele beleid en het in artikel 128 onder Hoofstuk IX bepaal dat die Gemeenskap 'n bydrae moet lewer tot die uitbou van die kulture van lidstate inaggenome die respektering van elk se nasionale en regionale diversiteit, maar gedagtig daaraan om die gemeenskaplikhede daarin ook na vore te bring. Samewerking tussen die lidstate asook die onderskraging van hul aktiwiteite deur die Gemeenskap sou voorrang geniet veral op die terreine van kultuur, veral die kunste en geskiedenis van die Europese volkere. Daar is ook bepaal dat die Gemeenskap en die lidstate samewerking met derde lande en veral die Raad van Europa moet bevorder. Kulturele aspekte moes altyd in aanmerking geneem word in ander aktiwiteite van die Gemeenskap ingevolge die ooreenkoms.

Die motivering agter die pogings om 'n gemeenskaplike Europese Unie of



Europese kultuur te skep, het die begeerte ingesluit om 'n nuwe "Imagined Community" te skep. Die konsep was besonder geskik vir 'n Europese Unie wie se grense van tyd tot tyd skuif om nuwe gebiede en nasionale identiteite in te sluit. Die skep van so 'n "veronderstelde gemeenskap" sou vir die Europese Unie se gemeenskaplike instellings inaggenome die politieke realiteit van 'n hoë mate van beheer deur die Europese Unie se sleutel-ledestate, naamlik Duitsland en Frankryk, 'n legitimiteit verleen waaraan hulle aanhoudend te kort skiet. Die gebrek het tot gevolg dat daar onvoldoende populêre steun vir verdere politieke integrasie en 'n oordrag van mag is.

Waar Europese integrasie, histories gesproke, heelyd behep was met ekonomiese en kommersiële voordele, was die doel om dit verder te neem deur die basis te verbreed deur die Europese burgers tot 'n groter mate te betrek en die geval van betrokkenheid by die Europese Unie aan te moedig, terwyl die nodige respek vir die diversiteit van nasionale en regionale tradisies en kulture getoon word.

Hierdie standpunt is gereflekteer in die Maastricht Ooreenkoms wat op 7 Februarie 1992 geteken is en nuwe terreine van Gemeenskaps-verantwoordelikhede waarby kultuur inbegrepe is, afgebaken het.

Artikel 3 van die Ooreenkoms het bepaal dat een van die doelwitte van Gemeenskapsoptrede is om 'n bydrae tot gehalte opvoeding en opleiding te maak, asook die blom van die kulture van die Ledestate.

Hoofstuk XII, artikel 151, dek alle aspekte van kultuur en stel 'n breë spektrum van aktiwiteite bloot aan Gemeenskapoptredes. Aan die ander kant is daar beperking op die soort optredes wat gespesifiseer is, die beskikbare middele, en die prosedure wat gevolg moet word. So bepaal sub-artikel 1 dat die kulturele diversiteit van die ledestate erken, maar



terselfdertyd die gemeenskaplikhede bevorder word. Sub-artikel 2 definieer die terreine waar intervensie moet plaasvind ingevolge die raamwerkprogram vir die jare 2000-2004 en omvat, onder andere, die opskerpings en verspreiding van kennis van die onderskeie kulture en geskiedenis van die Europese volkere, die bewaring daarvan, die aanmoediging van artistieke en literêre skeppings, en laastens die uitbou van samewerking met ander internasionale liggame. Die prosedure om sodanige intervensie te bewerkstellig is die finansiële instrument bekend as die Kultuur 2000 program wat, onder andere, poog om ad hoc Europese kulturele samewerkingsaktiwiteite te promoveer, om breë, multinasionale samewerkingsprojekte in die vorm van netwerke en vennootskappe wat die verskillende rolspelers op die terrein van kultuur verbind, aan te moedig en om simboliese kulturele inisiatiewe te steun. Sub-artikel 4 vereis dat die Gemeenskap kulturele aspekte in aanmerking neem in aktiwiteite ingevolge ander artikels van die Ooreenkoms en om kulturele diversiteit te bevorder, en veral wanneer aktiwiteite en beleid gedefinieer word. Wat die besluitnemende proses betref, bepaal sub-artikel 5 dat die aanvaarding van voorstelle rakende kulturele aangeleenthede wat voorgelê is deur die Kommissie aan die Europese Parlement en die Raad ingevolge Artikel 151(5) ressorteer onder die Raad-Parlement se gesamentlike besluitnemingsprosedure wat in Artikel 251 van die Maastricht Ooreenkoms omskryf word. Eenstemmigheid in die Raad word vereis gedurende alle fases van die voorgeskrewe prosedure waarna verwys word in Artikel 151. Die Komitee van Streke moet ook geraadpleeg word.<sup>24</sup>

## **ASPEKTE VAN NASIONALE EN KULTURELE IDENTITEIT IN 'N VERENIGENDE EUROPA SEDERT 1958 : ENKELE GEVALLESTUDIES**

### **HOOFSTUK 4**

#### **ELEMENTE VAN “NASIONALE IDENTITEIT” EN “KULTURELE IDENTITEIT” IN BRITTANJE**

'n Ernstige idee van Engelsskap (Englishness) het begin ontwikkel in die 18de eeu naas die ontwikkeling van nasionalisme.<sup>1</sup> In die bestek van 'n paar dekades gedurende die laaste gedeelte van die 18de eeu, het Engeland as 'n idee begin vorm aanneem en daardeur bygedra tot die skep van een van die wêreld se sterkste identiteite in die era van nasionalisme. Meer nog het dit bygedra tot die vorm en karakter van die identiteit. Die kultuur wat hieruit ontstaan het, het nie net die eilande waar dit gebore is, kultureel gedomineer nie, maar ook hulle politiek, ekonomie en sosiale ontwikkeling.<sup>2</sup> Die ideologie van Engelsskap was nie gebaseer op universele reëls nie, maar inderdaad partikulier. Desnieteenstaande, was dit 'n ideologie en net so sterk in sy tyd soos Liberalisme, Sosialisme en Fascisme.<sup>3</sup>

Hierdie “nie-ideologiese” ideologie was bestem om die amptelike ideologie van 'n nuwe nasiestaat te word. Hierdie nasiestaat was nie Engeland nie, maar Brittanje wat geskep was deur die Wet op Uniewording van 1707.<sup>4</sup> “Brits (British)” was 'n baie ongemaklike term om mee te werk omdat dit verbonde is aan spesifieke historiese epogte liewer as die van tydlose tradisie. Dit is 'n politieke identiteit wat sy legitimiteit verwerf van die nasiestaat.

---

<sup>1</sup> S. Haseler : The English Tribe: Identity, Nation and Europe, p. 11.

<sup>2</sup> Ibid : p. 17.

<sup>3</sup> Ibid : p. 22.

<sup>4</sup> Ibid : p. 22.



Dog laat dit 'n meer pluralistiese begrip van die nasie toe omdat dit laasgenoemde sien as 'n burgery en nie as 'n volk nie.<sup>5</sup> Hierdie nasionale kultuur van Engelsskap was bestem om 'n definitiewe imperiale karakter te toon tot diep in die 20ste eeu.<sup>6</sup>

Na die Tweede Wêreldoorlog was dit duidelik dat Brittanje nie meer die oorheersende nywerheidsreus in die wêreld was nie. Dog was die posisie van Brittanje, beide as 'n industriële en politieke mag, nog steeds heelwat magtiger as enige ander kapitalistiese staat, uitgesonderd Amerika.

Op politieke en militêre terreine het Brittanje voortgegaan om in globale terme te dink omdat dit homself gesien het as 'n wêreldmag met globale verantwoordelikhede. Hierdie oriëntasie was opgesom deur Churchill in die gedagte dat Brittanje in die middel gestaan het van drie oorvleuelende invloedsefers : die Atlantiese verhouding, die Britse Ryk en Statebond, en Europa. Hierdie leerstelling het deel geword van die Britse na-oorlogse beleidskonsensus. Britse beleidmakers het ook die gewoonte gekweek om te dink in terme van die hele globale stelsel, liewer as in terme van 'n eng gedefinieerde nasionale selfbelang. In die res van Europa het die globale gewoonte nooit tot dieselfde mate ontwikkel nie, omdat geen kontinentale Europese mag ooit daarin geslaag het om die hegemoniese status te bereik soos Brittanje nie.<sup>7</sup>

Toe die Arbeiderregering van Clement Atlee verklaar het dat dit nie bereid was om te help met die skep van 'n federale Europa nie, het die federaliste hulself getroos met die argument dat die Konserwatiewes gou weer tot die regering van Brittanje sou terugkeer en dat Churchill dié standpunt sou omkeer. Dit is interessant om die onderliggende redes te ondersoek waarom die Arbeidersregering geweier het om aan te sluit by samesprekings

---

<sup>5</sup> R. Samuel (red) : Patriotism : The Making and Unmaking of British National Identity, p. XII.

<sup>6</sup> Ibid : p. 52.

<sup>7</sup> S. George : Britain and European Integration Since 1945, pp. 34 - 35.



van die Europese Steenkool en Staal Gemeenskap. Eerstens het hulle nog steeds gedink aan die Britse posisie in terme van die 1920's en 1930's, gedurende die tydperk toe die nasiestaat ontwikkel het. Terwyl die Europese lande aanbeweeg het vanaf die nasiestaat omdat dit na hulle mening ongeskik was om te voldoen aan moderne vereistes, het die Britte nog steeds gedink in terme van die gesag wat hulle tevore uitgeoefen het.<sup>8</sup> In November 1951 het die Konserwatiewes wel die verkiesing gewen. Die terugkeer van Churchill was aangegryp dwarsdeur Europa en Amerika as synde die geleentheid om 'n nuwe benadering tot Europese eenheid te loods.<sup>9</sup> Maar Sir David Maxwell Fyfe, die Minister van Binnelandse Sake, en 'n welbekende pro-Europeër, het alle hoop verydel toe hy die Raad van Europa meegedeel het dat Brittanje nie kon saamgaan met die skemas wat gepropageer word om die Raad om te skep in 'n Europese regering nie.<sup>10</sup>

Volgens Harold MacMillan<sup>11</sup> was Churchill gekonfronteer met 'n aantal probleme wat die besluit afgedwing het. Die eerste was die verdeeldheid in die Britse Kabinet oor die Europese kwessie. Sommige onder leiding van Churchill was voorstanders van die Europese beweging. Eden, Salisbury, en andere was lou oor die saak aangesien hulle meer bewus was van die nadele as die voordele. Hierdie skeptici het gewonder hoe die groot turksvy van die verbintenis met die Britse Statebond en Koloniale Ryk wat tot 'n groot mate nog onder die beheer van Brittanje was, versoen kon word met Europa op die basis van 'n nuwe grondwet of supranasionale owerheid. Hier het die kern van die probleem gesetel gelê. Dog het die ander voorstanders so sterk gevoel oor die begeerte om 'n oplossing te beding, dat die mening gehuldig is dat sou die inisiatief aangegryp word, 'n aanvaarbare kompromie beding kon word.<sup>12</sup>

---

<sup>8</sup> E. Heath : Old World, New Horizons, p. 19.

<sup>9</sup> H. MacMillan : Tides of Fortune, 1945 - 1955, p. 461.

<sup>10</sup> S. George : Britain and European Integration since 1945, p. 3.

<sup>11</sup> H. MacMillan : Tides of Fortune, p. 461.

<sup>12</sup> Ibid : p. 463.



MacMillan stel dit dat hy geskok was om uit te vind dat die Departement van Buitelandse Sake van mening was dat die algehele unifikasie van die Schumann Plan lande nie as skadelik op die korttermyn vir Groot Brittanje beskou was nie en slegs gevaarlik kon word as Duitsland ontluik het as die oorheersende vennoot en haar posisie sou benut tot nadeel van Brittanje op die politieke en ekonomiese terrein. Die argument wat egter die grootste kommer gewek het, was naamlik die stelling dat Brittanje, in haar hoedanigheid as 'n wêreldmag, nie kon aansluit by 'n beweging tot integrasie nie, maar dit slegs op 'n fatsoenlike wyse kon ondersteun.<sup>13</sup>

Toe MacMillan oorgeneem het as Minister van Buitelandse Sake in 1955, was hy bewus van verskeie moontlikhede om eenheid in Europa te bewerkstellig sonder om Britse identiteit in die gevaar te stel.<sup>14</sup> Die standpunt was gebaseer op die besef dat Europa met sy uiteenlopende geskiedenis, tale en tradisies, monargieë en republieke, nie op dieselfde manier as die Verenigde State van Amerika kon verenig nie. Daar moes liewer gesoek word na 'n konfederale oplossing waarin organe ontwikkel kon word waaraan oorkoepelende bevoegdhede vir spesifieke doeleindes gegee kon word. Indien dit 'n supranasionale karakter sou verkry, sou dit plaasvind as gevolg van 'n ooreenkoms ingevolge waarvan sekere elemente van soewereiniteit in sekere sferes van regering oorgedra word aan 'n partikuliere orgaan wat 'n partikuliere behoefte sou bevredig.<sup>15</sup>

Volgens MacMillan het Churchill en gevolglik ook die meeste Britte geglo dat Brittanje se posisie haar geregtig gemaak het op spesiale behandeling. Daar was 'n noue verbintenis as gevolg van haar taal, regspleging, tradisie en samewerking in twee oorloë, met die Verenigde State. Sy was die hoof van 'n assosiasie van vry volke wat bekend gestaan het as die Gemenebes van Nasies. Sy was 'n Europese land en deel van Europa. Desnieteenstaande het Brittanje tot op hierdie stadium nooit uitgewerk hoe die verskillende

---

<sup>13</sup> H. MacMillan : *Tides of Fortune*, p. 468.

<sup>14</sup> H. MacMillan : *Riding the Storm*, p. 64.

<sup>15</sup> *Ibid* : p. 62.



begrippe versoen kon word nie. Inderdaad was daar onsekerheid in die gemoed van al die groot Britse politieke partye asook die Britse volk oor 'n nuwe deelname in Europa wat onversoenbaar met al die ander bande kon wees.<sup>16</sup> Nogtans, was Brittanje tog bereid om die gedagte van 'n konfederasie te steun.<sup>17</sup>

Toe die Messina-onderhandelinge, wat gelei het tot die Verdrag van Rome 'n aanvang geneem het, het Brittanje maar bra skepties daarteenoor gestaan. Die skep van 'n supranasionale liggaam om 'n goed georganiseerde gemeenskap van state op ekonomiese gebied te reguleer, was met skeptisisme begroet.<sup>18</sup> Die Britse volk, al die partye en die Pers, was gekant teen deelname as 'n volle lid in 'n Gemeenskapsmark, veral as dit georganiseer was op 'n inwaartse liewer as op 'n uitwaartse basis.<sup>19</sup> MacMillan persoonlik het egter nie gehou van die gedagte dat die wêreld verdeel sou word in 'n Russiese sfeer, Amerikaanse sfeer, en 'n verenigde Europa waarvan Brittanje nie 'n deel sou wees nie.<sup>20</sup> Ten spyte van pleidooie uit Europa,<sup>21</sup> wou Brittanje as hoof van die Sterling area en die Gemenebes en inaggenome haar tradisies en stryd van die verlede, nie die inisiatief in Europa neem nie.<sup>22</sup>

Hierdie terughoudendheid het egter vir Brittanje laat besef dat sy iets op die ekonomiese terrein moes doen om isolasie te vermy en gevolglik het sy gepoog om deur middel van die vryhandelsgebied-konsep 'n teenvoeter daar te stel vir die debatte oor die Gemeenskapsmark. Desnieteenstaande het die ses Europese nasies konsensus bereik sonder Brittanje en die Verdrag van Rome onderteken wat op 1 Januarie 1958 in werking

---

<sup>16</sup> H. MacMillan : *Riding the Storm*, p. 65.

<sup>17</sup> *Ibid* : p. 66.

<sup>18</sup> *Ibid* : p. 69.

<sup>19</sup> *Ibid* : p. 72.

<sup>20</sup> *Ibid* : p. 74.

<sup>21</sup> *Ibid* : p. 76.

<sup>22</sup> *Ibid* : p. 81.



sou tree. Hierdie Verdrag sou die hele aansien van Europa vorentoe verander.<sup>23</sup> Brittanje het deurgaans egter 'n institusionele afkeur gehad van 'n ambisieuse instelling soos 'n voorgestelde supranasionale liggaam wat onder die toesig van 'n Kommissie sou werk.<sup>24</sup>

Gegewe voorvermelde gebeurtenisse was dit aanvaar dat die Gemeenskapsmark vir 'n geruime tyd staande sou bly en daar moes dus versigtig besin word oor die wyse waarop dit hanteer moes word. Daar is erken dat die Gemeenskapsmark sekere voordele het en dat 'n wyse bedink moes word om dit ekonomies te benut en om die politieke effek wat dit mag hê in rigtings te stuur wat skadeloos vir Brittanje was.<sup>25</sup> Brittanje het vir homself 'n eerste verdedigingslinie deur middel van die Vrye Handelsgebied opgerig, maar dit was maar wankelig, en gevolglik was die groot uitdaging om te bepaal hoe om Europa polities te hanteer.<sup>26</sup> Met die sluiting van die Ooreenkoms vir 'n Vryhandelsgebied op 20 November 1959 het die Britse pers en publiek gespekuleer oor die bedoeling van die metodiek en veral of dit maar 'n werkswyse was om by die Gemeenskapsmark uit te kom.<sup>27</sup> Teen hierdie tyd het Brittanje bewus begin raak van 'n onrustigheid by Amerika oor die houding van Brittanje omdat dit besig was om Europa binne die Koue Oorlog-fase te verdeel.<sup>28</sup> Richard Neustadt, 'n geskiedkundige wat gepriviligeerde toegang tot die relevante dokumente gehad het, het gesê dat Amerika nie alleen wou hê dat Brittanje moet aansluit nie, maar moes ingaan en dit domineer namens die Brits-Amerikaanse belange.

Tot 'n groot mate is dit wat die Konserwatiewe regering van MacMillan op 31 Julie 1961 besluit het om te doen<sup>29</sup> toe MacMillan aangekondig het dat die Britse regering aansoek

---

<sup>23</sup> H. MacMillan : *Riding the Storm*, pp. 295 - 434.

<sup>24</sup> H. MacMillan : *Pointing the Way: 1959 - 1961*, p. 49.

<sup>25</sup> *Ibid* : p. 55.

<sup>26</sup> *Ibid* : p. 55.

<sup>27</sup> *Ibid* : p. 58.

<sup>28</sup> *Ibid* : p. 58.

<sup>29</sup> S. George : *Britain and European Integration Since 1945*, p. 43.



sou doen om lidmaatskap. Die optrede van MacMillan moet dus as 'n taktiese stap in die lig van voormelde beskou word.<sup>30</sup>

Vanuit die Konserwatiewe Party se punt gesien, het MacMillan geen gedagte gehad om die sterk gevoel vir die nasionale identiteit wat steeds bestaan het in Brittanje met 'n alternatiewe sin van 'n Europese identiteit te vervang nie. Geen Britse Eerste Minister sou dit waag om die voordele van 'n federale Europa te verkondig op 'n tydstip toe nasionalisme 'n onderliggende deel van die politieke konsensus gevorm het nie.<sup>31</sup> Op 2 Augustus 1961 het MacMillan in die Parlement gesê dat die mate van soewereiniteit wat gedelegeer sou word met die nakoming van die Verdrag van Rome, klein sou wees. Die leier van die Arbeidersparty, Hugh Gaitskell, het die aspek beklemtoon. Daar was geen kwessie dat Brittanje toe 'n federale Europa sou betree nie. Die Britse mening was eenvoudig net nie gereed daarvoor nie.<sup>32</sup> Die benadering van MacMillan was eerder dit wat in die nasionale belang was.<sup>33</sup>

Terselfdertyd het die gedagte in Brittanje posgevat dat dit miskien beter sou wees om deel te word van die Europese beweging, maar nie in die vorm van 'n politieke eenheids- of federale staat nie, maar liefs op 'n monetêre of ekonomiese wyse.<sup>34</sup>

Die Britse Arbeidersparty was ook verdeeld oor die Europese Gemeenskap. Die meeste, alhoewel nie alle, lede van die linkervleuel van die party het die gedagte van aansluiting geopponeer op ideologiese gronde, aangesien hulle die Gemeenskap as 'n rykman se klub gesien het. Andere soos Douglas Jay het dit op ekonomiese gronde geopponeer terwyl die jong intellektueles soos Ray Jenkins sterk ten gunste daarvan was beide op

---

<sup>30</sup> S. George : Britain and European Integration Since 1945, p. 44.

<sup>31</sup> Ibid : p. 68 - 69.

<sup>32</sup> E. Barker : Britain in a Divided Europe: 1945 - 70, p. 173.

<sup>33</sup> Ibid : p. 69.

<sup>34</sup> Ibid : p. 324.



ekonomiese en politieke terreine.

Gaitskell, die leier van die Arbeiders, het eers meer geneig na die Gemeenskap se kant en die Regering se inisiatief gesteun mits die Regering se drie voorwaardes, naamlik bevredigende terme vir die Britse Gemenebes, Britse landbou en die Vryhandelsgebied asook twee verdere Arbeidersvoorwaardes, naamlik onafhanklikheid vir Brittanje in buitelandse beleid en ekonomiese beplanning, beding kon word.

Die opponente van die gedagte van toetrede het in April 1962 'n pamflet deur William Pickles, 'n gerespekteerde politieke wetenskaplike van die "London School of Economics" die lig laat sien waarin die Verdrag van Rome, die "ondemokratiese" instellings van die Europese Ekonomiese Gemeenskap en die wantroue tussen die lede van die Gemeenskap uitgelig is. Hy het geredeneer dat die Verdrag, indien dit op Brittanje van toepassing gemaak sou word, die soewereiniteit van die Parlement sou wegneem en dit was iets waarvoor daar oor baie eeue lank teen arbitrêre heersers geveg was. Hy het die mening gehuldig dat Brittanje hom liefste moes hou by die Gemenebes van Nasies. Hierdie standpunt wat geredelik gesteun was deur die meerderheidslede van die Arbeidersparty, is veral ook bevorder deur Gaitskell se "Britsheid" en lojaliteit jeens die Gemenebes. Die tekens was ook daar dat die openbare mening in 1962 in dieselfde rigting begin beweeg het.<sup>35</sup>

Die onderhandelinge tussen die Britse Regering en die Gemeenskapsmark was te ingewikkeld vir die algemene publiek om in detail te volg. Dit het ook stadig beweeg wat dit dus moeilik gemaak het om te volg.

MacMillan het gedink dat hy vir De Gaulle kon oorreed om Brittanje te steun in sy aansoek, deur 'n alliansie met hom te sluit teen die federaliste en supranasionaliste wat vorentoe na 'n politieke unifikasie van 'n eie aard wou beweeg. In die debat van 2.8.1961 het hy

---

<sup>35</sup>

E. Barker : Britain in a Divided Europe : 1945 - 70, pp. 175 - 176.



goedgunstiglik gepraat van De Gaulle se “Europe des patries”, “this seems to me a concept more in line with the national tradition of the European countries, and in particular, with our aim.”<sup>36</sup>

In die Laerhuis het Harold Wilson, ‘n toenmalige leier van die Britse Arbeidersparty asook eerste minister, op 31 Januarie 1963 kwaai gepraat oor die Konserwatiewe Regering se mislukte onderhandelinge met die Gemeenskapsmark.<sup>37</sup>

Toe die nuwe Parlement in April 1964 byeengekom het, het die Arbeidersparty se vordering na die Gemeenskapsmark momentum verkry.

Desnieteenstaande, was daar binne die Parlementêre Arbeidersparty ‘n sterk gevoel teen die Gemeenskapsmark en Wilson het vroeg in 1967 ‘n spesiale poging aangewend om die onsekeres oor te wen, of hulle ten minste stil te hou. In die land as ‘n geheel was die Gemeenskapsmark nie ‘n gewilde of aantreklike saak in die middel 1960's nie.

Toe Wilson deur ‘n Konserwatiewe lid in die Laerhuis op 2 Mei 1967 gevra is hoekom hy sy mening verander het omtrent die Gemeenskapsmark, het hy as rede aangevoer dat sy ervaring van die werkende Gemeenskap die vrese wat hy gehad het ongedaan gemaak het en veral nadat hy ook die Verdrag van Rome inhoudelik bestudeer het.<sup>38</sup>

Miskien was die beslissende faktor egter vir Wilson die feit dat hy, intellektueel gesproke, oortuig geraak het deur die argumente wat bewys het dat Brittanje op een of ander tyd ‘n vars poging sou moes loods om aan te sluit by die Gemeenskapsmark, ten einde te voorkom dat dit beide ekonomies en polities gesproke homself op die buitewyke van die Wes-Europese aangeleenthede bevind het met ‘n statiese lewenstandaard terwyl

---

<sup>36</sup> E. Barker : Britain in a Divided Europe : 1945 - 70, p. 179.

<sup>37</sup> Ibid : p. 217.

<sup>38</sup> Ibid : p. 218.



standaarde in die Gemeenskapslande besig was om snel te styg.<sup>39</sup>

Vroeg in 1967 het Wilson Rome, Parys, Brussels, Bonn, Den Haag en Luxemburg besoek en terselfdertyd partygeledere probeer bymekaar hou omdat sommige Arbeiderlede slegs sou instem om die beweging na die Gemeenskapsmark te steun "if essential British ... interests were safeguarded."<sup>40</sup>

Op 2 Mei 1967 het Wilson in die Laerhuis aangekondig dat die Regering besluit het om 'n formele aansoek in te dien vir volle lidmaatskap van die Gemeenskapsmark. Daar was 'n debat oor die onderwerp vanaf 8 tot 10 Mei. Oor die politieke kwessie het Wilson, nes Gaitskell 5 jaar tevore, gesê dat die Britse openbare mening nog nie gereed was om 'n snelle beweging na 'n federale Europa te steun nie. Bykomend hiertoe, het hy bygevoeg, het die federale momentum na 'n supranasionale Europa waar sake van buitelandse aard asook verdediging besluit sou word met 'n meerderheidsbesluit, ook vervaag. Terselfdertyd sou 'n sterk en onafhanklike Europa meer druk uitoefen in wêreldsake as ooit tevore. Die regering se besluit is met 488 stemme teen 62 goedgekeur. Dog op 27 November 1967 het De Gaulle die Arbeidersparty se inisiatief gekelder<sup>41</sup> deur 'n veto die tweede keer te vel. Wilson het geweier om dit as die einde te aanvaar en toe hy op 18 Junie 1970 'n verkiesing uitroep, was almal bewus van 'n openbare apatie en selfs teenstand teen die Gemeenskapsmark en gevolglik is min daarvoor tydens die verkiesingskampanje gesê.<sup>42</sup>

Toe Edward Heath van die Britse Konserwatiewe Party die verkiesing wen, is dit in Parys en ander Gemeenskapsmark hoofstede waar hy onthou is as 'n goeie Europeër,

---

<sup>39</sup> E. Barker : Britain in a Divided Europe : 1945 - 70, p. 219.

<sup>40</sup> Ibid : p. 225.

<sup>41</sup> Ibid : p. 230.

<sup>42</sup> Ibid : p. 243.

verwelkom.<sup>43</sup>

Teen 1970 het Heath egter gemeen dat die mening in Brittanje verander het en dat daar geen twyfel bestaan dat die geloof in interafhanklikheid en die feit dat Brittanje haar doelwitte die beste kon bereik in die moderne wêreld as 'n lid van 'n groter groepering, die steun het van die meerderheid Britte nie.<sup>44</sup> Volgens hom was die ouer gees van nasionalisme aan die verdwyn en mense was besig om, bykomstig tot hulle Britskap, te dink in terme van hulle Europeeskap.<sup>45</sup> Volgens hom het die argument oor soewereiniteit en veral die kwessie van federalisme of konfederalisme 'n steriele debat geword. Inaggenome dat die rolspelers nasiestate is met lang tradisies, hoop en aspirasies, volg dit dat soos dié state op ekonomiese terreine saamwerk, ander instellings geleidelik daaruit sal groei, wat nodig is om gestalte te gee aan die Europese samewerking en slegs dan sal 'n oordeel gevel kon word oor die aard van die struktuur.<sup>46</sup> Heath was vasberade om die 1963 veto ongedaan te maak en hy het erkenning verleen aan 'n aantal belangrike redes waarom Gemeenskapsmark-lidmaatskap belangrik vir Brittanje was. Die verkryging van lidmaatskap het nie beteken dat die historiese Britse belange laat vaar sou word nie, maar, intendeel, sou dit toelaat dat die belange verdedig kon word in 'n nuwe konteks. Wanneer Brittanje binne die Gemeenskap was, kon sy beleid beïnvloed wat in haar eie belang sou wees.<sup>47</sup>

Aan die politieke kant het hy gehoop vir 'n Europa wat polities as een optree in die wêreld met 'n gemeenskaplike buitelandse en verdedigingsbeleid en hy het vir Brittanje in Europa gesien as 'n weg om weer 'n Groot Mag te word.

---

<sup>43</sup> E. Barker : Britain in a Divided Europe : 1945 - 70, p. 244.

<sup>44</sup> E. Heath : Old World, New Horizons, p. 19.

<sup>45</sup> Ibid : p. 36.

<sup>46</sup> Ibid : p. 56.

<sup>47</sup> S. Ball & A. Seldon (reds) : The Heath Government 1970 - 1974, p. 260.



Dit is nodeloos om te verneem of Heath se entoesiasme in die Gemeenskapsmark steun vir Europese federalisme beteken het. Soos die meeste van sy landgenote, was hy ook pragmaties en het hy gehoop dat die Gemeenskap geleidelik sou ontwikkel soos Brittanje se eie ongeskrewe grondwet.<sup>48</sup>

Die Konserwatiewe Party was baie meer verenig as die Arbeidersparty oor die vraagstuk van aansluiting alhoewel daar 'n mate van kritiek was by die Party Konferensie in 1969 onder leiding van Enoch Powell.<sup>49</sup> Powell se standpunt was dat aansluiting die nasionale soewereiniteit sou erodeer. Sy teenstand was eerder pro-imperialisties as anti-Europees van aard.<sup>50</sup> Dit word geïllustreer deur sy stelling "We have a meaning in this place only in so far as in our time and generation we represent great principles, great elements in national being ... It is because I believe that in a sense, for a brief moment I represent and speak for an indispensable element in the British Constitution and in British life that I have spoken".<sup>51</sup> Bykomend het Powell 'n onblusbare geloof in Britse identiteit gehad. Nie die van 'n superieure aard nie, maar van 'n eiesoortigheid. Dit was op sigself die fokus van sy teenkating en diegene wat hom gesteun het, en daar was baie van diegene onder die lede van die publiek. Min het Powell besef dat alhoewel MacMillan slegs die ekonomiese voordele bepleit het, hy inderdaad heimlik groter idees van uiteindelijke politieke eenwording gekoester het wat baie versigting van die publiek weggehou moes word.<sup>52</sup>

Volgens Powell was dit duidelik dat die Europese Gemeenskap uiteindelik iets heeltemal anders sou wees as wat oorspronklik in die vooruitsig gestel is, naamlik 'n vry handelsgebied, en iets waaraan Brittanje nie kon behoort nie.<sup>53</sup> Hierdie iets sou neerkom

---

<sup>48</sup> S. Ball & A. Seldon (reds) : The Heath Government 1970 - 1974, p. 261.

<sup>49</sup> Ibid : p. 262.

<sup>50</sup> P. Cosgrave : The Lives of Enoch Powell, p. 116.

<sup>51</sup> Ibid : p. 129.

<sup>52</sup> Ibid : p. 178.

<sup>53</sup> Ibid : p. 266.



op die verlies van die soewereiniteit van Brittanje en die uitwissing van die Brittanje wat hy ken, ten gunste van 'n eksterne liggaam.<sup>54</sup> In reaksie op Powell se standpunte het weinig politici gereageer oor die kwessie van politieke unifikasie omdat hulle besorg was dat hulle openbare vyandigheid vanuit die kieserspubliek sou ontketen.<sup>55</sup> Intussen het meningsopnames getoon dat tussen sestig (60%) tot vyf-en-sestig (65%) persent van die bevolking gekant was teen lidmaatskap. Gedurende Maart 1971 het die "Opinion Research Centre" in 'n opsomming aangedui dat die volk glo dat daar 'n groot sameswering tussen die drie groot politieke partye, media-eienaars en besigheid is, om slegs die inligting wat gunstig is vir aansluiting by die Europese Gemeenskap te verstrek "before the public has had the chance to approve the pros and cons or to know precisely what is happening".<sup>56</sup>

Desnieteenstaande en alhoewel baie kiesafdelings en kiesers gekant was teen aansluiting, het Heath eenvoudig voortgegaan om die besluit van MacMillan in 1961 te implementeer,<sup>57</sup> veral omdat die vrees oor die verlies van soewereiniteit in 1966 versag is deur De Gaulle se verkryging van die Luxemburgse kompromie ingevolge waarvan lede besluite kon veto wat belangrike nasionale belange bedreig.<sup>58</sup> Tog was die openbare mening swaar gelaai teen aansluiting.<sup>59</sup>

Toe dit blyk dat Brittanje wel toegang sou verkry, het die Britse regering op 7 Julie 1970 'n Witskrif die lig laat sien waarin daar gepraat word van 'n "sharing and an enlarging of individual national sovereignty in the E.C." en dit het Heath se siening dat 'n enge definisie van soewereiniteit as synde die vermoë van 'n land om finale seggenskap oor sy eie

---

<sup>54</sup> P. Cosgrave : The Lives of Enoch Powell, p. 284.

<sup>55</sup> Ibid : p. 307.

<sup>56</sup> Ibid : pp. 311 - 312.

<sup>57</sup> Ibid : p. 263.

<sup>58</sup> Ibid : p. 264.

<sup>59</sup> Ibid : p. 268.



toekoms te hê, onmoontlik was in 'n toenemende inter-afhanklike wêreld, verteenwoordig. Dog, die dokument het terselfdertyd die mening gehuldig dat met die mag van die veto in elke lid se hand, daar geen erodering van die noodsaaklike nasionale soewereiniteit sou wees nie. In die geheel gesien het hierdie dokument eintlik die onderwerp van groter supranasionalisme in die Gemeenskap in die toekoms, versuiker en terselfdertyd, terwyl dit gepoog het om die verkryging van lidmaatskap as 'n groot geleentheid uit te beeld het, het dit die impak hiervan verdoesel deur te redeneer dat Brittanje nie geforseer sou word om bestaande beleid te wysig nie.

Teen die begin van 1971 het die openbare meningsopnames getoon dat slegs 'n kwart van alle Britte toetrede gesteun het. Daar was nooit 'n duidelike meerderheid nie, maar teen die einde van die jaar was voorstanders en teenstanders rofweg eweredig verdeel.<sup>60</sup> Die "European Communities Act" is goedgekeur op 17 Oktober 1972 en Britse lidmaatskap het van krag geword op 1 Januarie 1973.<sup>61</sup>

Na die aansluiting was dit nog steeds duidelik dat die Britse publiek en veral die ouer garde, minder gretig was as diegene in die oorspronklike Ses om algemene Gemeenskapsbeleid te aanvaar en groter bevoegdhede aan die Gemeenskapsinstellings te gee.<sup>62</sup>

Een gebrek in die regering se benadering was die begeerte om die Europese Gemeenskap op 'n evolusionêre wyse te laat ontwikkel en sodoende Britse beheer oor sy eie toekoms te behou.<sup>63</sup>

Dit is wat die praktiese Britse benadering op dié tydstip omvat het. Heath het die Europese

---

<sup>60</sup> P. Cosgrave : The Lives of Enoch Powell, p. 274.

<sup>61</sup> Ibid : p. 278; S. Haseler : The English Tribe, p. 5.

<sup>62</sup> Ibid : p. 281.

<sup>63</sup> Ibid : p. 283.

ideaal baie sterk gesteun, maar toe hy deur Thatcher vervang is, het dit duidelik geword dat sy aktief Britse nasionale belang sou verdedig teen die gedagte van supranasionalisme.<sup>64</sup> Hierdie standpunt het sy gebaseer op 'n les wat sy vanuit die Tweede Wêreldoorlog geleer het en wat verskil het van die vyandiggesinde houding jeens die nasiestaat van sommige na-oorlogse Europese staatsmanne. Haar siening was dat 'n effektiewe internasionalisme slegs gebou kon word deur sterk nasies wat hulself kon beroep op die lojaliteit van hulle burgers om hulself te verdedig en beskaafde internasionale gedragsreëls af te dwing. 'n Internasionalisme wat poog om die nasiestaat te oorheers, sal vinnig wegwyn as gevolg van die realiteit dat baie min mense bereid is om daadwerklike opofferings daarvoor te maak.<sup>65</sup> Gevolglik het sy in die loop van haar verkiesingskampanje haar siening van die Europese Gemeenskap as 'n krag vir vryheid soos volg beskryf:

"We believe in a free Europe, not a standardized Europe. Diminish that variety with the member states, and you impoverish the whole Community."<sup>66</sup> Tog het sy, desnieteenstaande, 'n teenstellende tendens in die Gemeenskap gevind, naamlik dié van "interventionist, protectionist, and ultimately, federalist."<sup>67</sup> Toe die "Solemn Declaration on European Union" deur die Europese Raad uitgereik is, het sy beklemtoon dat sy glad nie glo in 'n gefedereerde Europa nie en dat die verklaring as sulks nie magte oorgedra het aan 'n gesentraliseerde Europa soos die geval sou wees met die Maastricht Ooreenkoms nie.<sup>68</sup>

Nietemin het sy gedurende haar termyn gevoel dat die druk vanuit die Europese geledere ten gunste van integrasie hetsy dit state of the media was, toenemend sterker geword het.

---

<sup>64</sup> P. Cosgrave : The Lives of Enoch Powell, pp. 70 & 267.

<sup>65</sup> M. Thatcher : The Downing Street Years, p. 11.

<sup>66</sup> Ibid : p. 60.

<sup>67</sup> Ibid : p. 61.

<sup>68</sup> Ibid : p. 314.



Sy was van mening dat die tipe integrasie wat sy bereid was om te steun die tipe was wat in die oorspronklike Verdrag van Rome in die vooruitsig gestel is, naamlik 'n mag ten gunste van vrye handel, nie proteksionisme nie.<sup>69</sup> Om so 'n enkele Gemeenskapsmark te bereik sou Brittanje 'n prys moes betaal, naamlik om in ruil meer meerderheidstemming in die Gemeenskap toe te laat. Dit het ook meer mag aan die Europese Kommissie geïmpliseer, maar dié mag moes op so 'n wyse benut word dat dit lei tot 'n Enkele Mark liefs as om ander doelwitte na te streef. As gevolg van hierdie standpunt het sy geweet dat sy kwaai standpunt sou moes inneem ter behoud van Britse beheer oor gebiede van uiters nasionale belang.<sup>70</sup> Sy was tevrede met die uitslag na die promulgering van die "Single European Act" en wat Brittanje daarmee bereik het, want almal was nou op koers na die Enkele Mark wat teen 1992 bereik sou word. Sy het geglo dat sy geen Britse belange versaak het nie.<sup>71</sup> Desnieteenstaande het sy haar misgis met die siening van die Britse publiek oor die kwessie van Europese en politieke unifikasie.<sup>72</sup>

Sy en haar regering het haar teenstand teen die subtiele beweging vir integrasie voortgesit toe die verdere stappe om 'n ekonomiese en monetêre eenheid te bewerkstellig, geloods is, omdat sy geglo het dat ekonomiese en monetêre eenheid niks anders impliseer as Europese regering in 'n federale vorm nie, ofte wel die Verenigde State van Europa.<sup>73</sup> Sy het ook geglo dat die Britse mening haar standpunt steun.<sup>74</sup> Voortspruitend uit 'n ondersoek wat sy laat loods het, het sy tot die gevolgtrekking gekom dat Britse demokrasie, parlementêre soewereiniteit, die gemene reg, die tradisionele Britse manier van dinge doen, onderwerp sou word aan die eise van 'n verafgeleë Europese burokrasie wat op ander tradisies gevestig is. Gebaseer hierop, het sy haar bekende Bruges

---

<sup>69</sup> M. Thatcher : The Downing Street Years, p. 548.

<sup>70</sup> Ibid : p. 553.

<sup>71</sup> Ibid : p. 555.

<sup>72</sup> Ibid : pp. 556 - 557; S. Haseler : The English Tribe, p. 138.

<sup>73</sup> Ibid : pp. 691 & 728.

<sup>74</sup> Ibid : p. 742.



toespraak gelewer waarin klem geplaas is op die behoud van Britse soewereiniteit.<sup>75</sup> Die steun in Brittanje vir haar standpunt, volgens haar, was groot.<sup>76</sup> Die druk om politieke unie het vanaf 1990 vanuit Europese geledere verder toegeneem en gevolglik moes sy weer in Dublin tydens 'n Europese Raadsvergadering uitspel wat volgens haar regering, politieke unie nie was nie. Sy het dit gestel dat sy nie glo dat die politieke unie waarna verwys word in die Europese terminologie, die verlies van nasionale identiteit, groter sentralisering van mag ten koste van nasionale parlemente en regerings, die verswakking van NAVO en 'n poging om buitelandse beleid te beheer, is nie.<sup>77</sup>

Toe John Major op 28 November 1990 oorgeneem het as Konserwatiewe Party leier en Eerste Minister,<sup>78</sup> het hy dit gedoen met 'n nuwe, vriendeliker benadering jeens Europa.<sup>79</sup>

Desnieteenstaande het die Maastricht Ooreenkoms oor hom gehang vanaf die oomblik toe hy Eerste Minister geword het. Die agenda vir die bereiking van ekonomiese en monetêre unie (EMU) is reeds in 1989 geskep deur die Delors Verslag, met politieke eenwording bygevoeg as 'n gevolg van 'n ooreenkoms bereik tussen Helmut Kohl, Kanselier van Duitsland en Francois Mitterand, President van Frankryk. Die spitsberaad het gedreig om 'n verdelende effek te hê beide binne die Konserwatiewe Party asook die Gemeenskapsvennote. Major was ontevrede dat 'n nuwe ooreenkoms nog steeds op die agenda was. Die Wet op Europese Eenwording van 1986 het 'n enkel mark vir goedere en dienste oor Europa geskep. Dit was 'n voertuig vir toenemende integrasie en dit het die aptyt vir verdere integrasie geprik.<sup>80</sup> Die ambisie van sommige was 'n probleem vir

---

<sup>75</sup> M. Thatcher : The Downing Street Years, pp. 744 - 745; N. Davies : A History of Europe, p. 1119.

<sup>76</sup> Ibid : p. 746.

<sup>77</sup> Ibid : p. 762.

<sup>78</sup> Peter Riddel : The Thatcher Era and its Legacy, p. 250.

<sup>79</sup> John Major : John Major, The Autobiography, p. 219.

<sup>80</sup> Ibid : p. 264.



Brittanje. Enige ooreenkoms wat meer bevoegdheid en invloed beoog het vir die Gemeenskap, sou onaanvaarbaar wees vir die Verenigde Koninkryk.<sup>81</sup> Volgens Major het hy 'n afkeur gehad in die moontlikheid van 'n federale Europa en tot die Verenigde Koninkryk se voordeel kon hulle vetomag aangewend word om onwelkome beleid wat hul nasionale belang sou raak, te veto.<sup>82</sup> Major was ook nie 'n voorstander van 'n enkel geldeenheid nie vanweë politieke en ekonomiese redes.<sup>83</sup> 'n Enkel geldeenheid en sentrale bank sou sleutel ekonomiese beleidskeuses wegneem van die regering en die Parlement. Dit sou ook lei tot groter inmenging in die "nooks and crannies" van die Britse lewenswyse. Die Parlement sou swakker wees en die demokrasie swakker bedeed. Die vertrekpunt was dus duidelik: potensiële langtermyn ekonomiese voordele moes opgeweeg word teen 'n verswakking van Brittanje se eie soewereine verantwoordelikhede ten opsigte van huishoudelike besluite.<sup>84</sup>

'n Debat oor die keuses vir Brittanje by Maastricht is op 20 November 1991 in die Parlement gehou ten einde beslag te gee aan die onderhandelingsstrategie. Die doelwitte is duidelik uitgespel, naamlik geen federalisme, geen onderneming vir 'n enkele geldeenheid. Wat gesoek was, was meer bevoegdheid aan die Europese Parlement om die Europese Kommissie te beheer en om korrupsie te ondersoek. 'n Erkenning van die beginsel van "subsidiarity" (aanvullendheid) - ofte wel die beginsel dat Europa slegs dit moet doen wat die nasiestate nie ewe goed kan doen nie.<sup>85</sup> Steun is vir dié benadering verleen en by die daaropvolgende Spitsberaad is Brittanje se standpunt ook aanvaar.<sup>86</sup> Die steun in die Britse Pers vir dié erkenning van die Britse standpunt was oorweldigend.<sup>87</sup>

---

<sup>81</sup> J. Major : John Major, *The Autobiography*, p. 265.

<sup>82</sup> *Ibid* : p. 266; R. Cohen : *Frontiers of Identity*, p. 31.

<sup>83</sup> *Ibid* : p. 271.

<sup>84</sup> *Ibid* : p. 272.

<sup>85</sup> *Ibid* : p. 274; N. Davies : *A History of Europe*, p. 1119.

<sup>86</sup> *Ibid* : p. 288.

<sup>87</sup> *Ibid* : p. 288.



Die Ooreenkoms is in Februarie 1992 onderteken. Euro-skeptisisme het egter binne die Konserwatiewe Party toegeneem en is aangevuur deur eensydige optredes deur die Duitse Bundesbank wat 'n ongewenste invloed gehad het op Britse rentekoerse deur middel van 'n Gemeenskaps monetêre meganisme waarvolgens heersende rentekoerse in lidlande gehaak is aan die stand van die Duitse mark. Die teenstand het amper tot die val van die Konserwatiewe regering gelei. Daarna het die stryd egter voortgeduur om die wetgewing wat uit die Ooreenkoms voortgespruit het, te passeer. Teenstanders teen die beoogde wetgewing het die oud-premier Thatcher ingesluit,<sup>88</sup> amper al die media wat die Konserwatiewe Party gesteun het asook die eienaars van mediagroepes soos Rupert Murdoch en Conrad Black, al was hulle nie Britse burgers nie.<sup>89</sup> Desnieteenstaande het die wetgewing op 20 Julie 1993 die Koninklike Goedkeuring ontvang.<sup>90</sup>

Die groot probleem binne die Konserwatiewe Party was dat sommige lede nog steeds 'n alliansie met Noord-Amerika sou vorm eerder as met Europa. Die Verenigde State was egter nog steeds nie ten gunste daarvan nie en wou eerder sien dat Brittanje 'n leidende rol in Europa speel veral omdat die geografie en gemeenskaplike waardes asook ekonomiese gemeenskaplikhede so iets bevorder het.<sup>91</sup>

Volgens Major was die stand van sake teen die einde van die Konserwatiewe Party se heerskappy in 1997, gesien vanuit die hoek van die Britse publiek, dat voordeel getrek moes word uit die Europese Gemeenskap waar daar konsensus was, gedeelde soewereiniteit waar die behoefte deur logika bevestig is, maar veranderinge wat die prerogatief van die Britse Parlement verminder het, was nie aanvaarbaar nie. Die Europese Unie was meer as 'n handelsverbond, maar beslis nie 'n federasie nie.<sup>92</sup>

---

<sup>88</sup> J. Major : John Major, The Autobiography, p. 319 - 344.

<sup>89</sup> Ibid : p. 358.

<sup>90</sup> Ibid : p. 377.

<sup>91</sup> Ibid : p. 579.

<sup>92</sup> Ibid : p. 581.



Na sy mening, was die Arbeidersparty egter bereid om toe te laat dat Brittanje ingesluk word in 'n federale Europa.<sup>93</sup>

Met die algemene verkiesing in 1997 egter het dit duidelik geword dat die Arbeidersparty met sy gematigde benadering jeens Europa, gesteun deur 'n Liberale Demokratiese Party, die steun van die Britse publiek verkry het, terwyl diegene in die Konserwatiewe Party wat as Euro-skeptici bekend gestaan het, nie die paal gehaal het nie. Die Anti-Europa Referendum Party het ook 'n volstreekte nederlaag gelei.<sup>94</sup> Die Britse volk het duidelik aangedui dat hulle nie angsvol is oor die Europese kwessie nie.

Interessantheidshalwe kan dit gemeld word dat daar teen die einde van 1989 tekens van 'n houdingsverandering by die kieserspubliek ten gunste van 'n Europese identiteit, begin verskyn het.

Vanuit die Arbeidersparty se oogpunt gesien, was dit duidelik dat daar 'n dubbelsinnigheid of twyfelagtigheid bestaan het oor kontinentale Europa. In die tussen-oorlog jare was daar diegene wat geredeneer het ten gunste van 'n vorm van eenheid van Europese state. Dit het egter nie goed afgegaan by ander Arbeidersparty-lede wat geredeneer het dat dié tipe internasionalisme nie dié soort was wat hulle in gedagte gehad het nie. Daar was ook ander wat geen verbintenis wou hê met buitelanders nie.<sup>95</sup>

Die sluit van die Verdrag van Rome sonder die betrokkenheid van Brittanje het voormelde voor-oorlogse standpunte binne die Party bevestig toe daar geredeneer is oor die voor- en nadele van deelname.<sup>96</sup> Die Statebond is ook voorgehou as 'n aanvullende rede

---

<sup>93</sup> J. Major : John Major, The Autobiography, p. 695.

<sup>94</sup> Ibid : p. 697; R. Cohen : Frontiers of Identity, p. 35.

<sup>95</sup> Andrew Thorpe : A History of the British Labour Party, pp. 127 - 128.

<sup>96</sup> Ibid : p. 128.

waarom daar nie tot deelname oorgegaan moes word nie.<sup>97</sup>

Die aanval van Gaitskell op MacMillan toe dié Brittanje in die Gemeenskapsmark wou inneem, het baie Arbeiderlede verbaas, maar die linksgesindes in die Party was ondersteunend omdat deelname aan 'n organisasie met beperkte lidmaatskap teenstrydig was met die Party se begrip van internasionalisme wat 'n groter omvang in die vooruitsig gestel het.<sup>98</sup> Gedurende die verkiesing van 1966 is daar gesorg dat Europa nie onder bespreking kom nie. Desnieteenstaande, kon die kwessie van moontlike deelname nie geignoreer word nie en het Wilson, om politieke redes, welwetend dat De Gaulle Brittanje se aansoek om lidmaatskap sou veto, dit nogtans ingedien. Die uitslag was voor die hand liggend. Voorstanders binne die Party soos Brown en Jenkins was tevrede gestel dat 'n poging tot lidmaatskap aangewend is, en die teenstanders wat in die meerderheid was, ook.<sup>99</sup>

Teen 1970 was dit egter duidelik binne die Arbeidersparty dat lidmaatskap van die Europese Gemeenskap 'n antwoord kon wees op die lae ekonomiese groei van Brittanje. Dit het egter die teenstand van die vakunies en 'n groot deel van die Party ontlok.<sup>100</sup>

Toe Brittanje toetree het tot die Gemeenskapsmark in 1973, het die Arbeidersparty besluit om die toetree-voorwaardes te herbeding, sou die Party aan bewind kom, welwetend dat die debat oor lidmaatskap al dan nie, nou futiel was. Dit het weer eens 'n party-probleem tydelik opgelos, maar daar was toenemende tekens van steun vir die Europese beweging om ekonomiese redes binne die Party.<sup>101</sup>

---

<sup>97</sup> A. Thorpe : A History of the British Labour Party, p. 128.

<sup>98</sup> Ibid : p. 152.

<sup>99</sup> Ibid : p. 170.

<sup>100</sup> Ibid : p. 180.

<sup>101</sup> Ibid : p. 183.



Nadat die Arbeidersparty in 1974 weer tot die regering toetree het, is daar oorweging verleen aan die heropening van onderhandelinge oor die lidmaatskap-voorwaardes van Brittanje. Dit was egter duidelik dat dié Party as 'n geheel diep verdeeld was oor die kwessie en gevolglik is daar besluit om 'n 1932-reëling van die Party betreffende 'n "vrye stem" toe te laat. Die regering het amptelik volgehoue lidmaatskap propageer. In 'n referendum is volgehoue lidmaatskap met 'n  $\frac{2}{3}$  meerderheid gesteun.<sup>102</sup>

Namate die jare gevorder het en Thatcher se aanvalle op die vakunies, wat lede van die Arbeidersparty was, se ledetalle gedaal het, het die steun vir groter betrokkenheid by die Europese beweging toegeneem, omdat daar binne Arbeidergeledere geglo is dat uitgebreide lidmaatskap die werkers se regte weer sou bevorder. Iets wat onder Thatcher begin kwyn het.<sup>103</sup>

Dit was, intendeel, die benadering van die party onder leiding van Gaitskell toe MacMillan die einste aansoek om toelating ingedien het. Gaitskell soos die meeste politici van sy tyd was op een of ander manier by die gees van nasionalisme betrokke.<sup>104</sup>

Wilson, Gaitskell se opvolger, het die tradisie geërf en onderneem om die vraag oor toetrede aan die volk te stel as hy in regering was.

Dit het toe by wyse van 'n referendum gebeur en voortgesette lidmaatskap is met 'n  $\frac{2}{3}$  meerderheid verseker.

Opsommenderwys, vanuit 'n party-politieke oogpunt gesien, was Europese integrasie 'n belangrike aangeleentheid in die huishoudelike Britse politiek. In Brittanje is die term "Europese integrasie" gewoonlik vertolk as 'n verwysing na die integrasie van nasionale

---

<sup>102</sup> A. Thorpe : A History of the British Labour Party, p. 187.

<sup>103</sup> Ibid : p. 215.

<sup>104</sup> S. George : Britain and European Integration since 1945, p. 74.

ekonomieë. Dit is inderdaad so dat dit op die terrein van die ekonomie is dat integrasie die grootste vooruitgang gemaak het in na-oorlogse Europa. Dog vir baie Europeërs buite Brittanje is ekonomiese integrasie slegs een aspek van 'n breër proses wat uiteindelik die integrasie van nasionale politieke stelsels sal behels. Die ekonomie mag tans die proses lei, maar die proses van Europese integrasie kan wel lei na 'n Europa verenig op federale beginsels met 'n duidelike skeiding van verantwoordelikheid tussen die state en die sentrale federale owerheid tesame met 'n federale distrikstelsel wat langsaan, maar apart van, nasionale state bestaan.<sup>105</sup>

In teenstelling met die kontinentale Wes-Europa se ervaring dat nasionalisme deur die Tweede Wêreldoorlog ondermyn is, het die teenoorgestelde in Brittanje gebeur en 'n reeds sterk sin van nasionale identiteit verder versterk.

In die Ses oorspronklike ledestate van die Europese Unie, het politici die deelname in die proses van Europese integrasie aan die kiesers aangebied as 'n metodiek om die mag van nasionalisme en die risiko van 'n toekomstige oorlog uit te skakel. In Brittanje was daar geensins so 'n ideologiese rede nie : lidmaatskap is aangebied aan die kiesers as iets wat noodsaaklik was vir die ekonomiese welvaart van die land.<sup>106</sup>

---

<sup>105</sup> S. George : Britain and European Integration since 1945, p. 1.

<sup>106</sup> Ibid : p. 66.



## **ASPEKTE VAN NASIONALE EN KULTURELE IDENTITEIT IN 'N VERENIGENDE EUROPA SEDERT 1958 : ENKELE GEVALLESTUDIES**

### **HOOFSTUK 5**

#### **ELEMENTE VAN “NASIONALE IDENTITEIT” EN “KULTURELE IDENTITEIT” IN BELGIË**

Volgens Jean Stengers<sup>1</sup> word die moderne België baie keer beskou as 'n kunsmatige staat met geen ware nasionale identiteit nie. Dog meen hy dat vanuit 'n geskiedkundige se oogpunt, dit 'n wanopvatting is, omdat dit gebaseer is op die veronderstelling dat België nie 'n nasionale lewe voor die negentiende eeu gehad het nie. Hy gaan voort om bewyse voor te lê om die teendeel te staaf.<sup>2</sup> Hierdie standpunt word verder onderskryf deur andere wat beweer dat die onsekerheid en gevolglike debat toe te skryf is aan 'n swak sin van nasionale trots en selfvertroue omdat die land gebuk gaan onder skeptisisme jeens die regering en gesag, interne linguistieke verdeling en die feit dat die land te klein was om aan ambisieuse internasionale ondernemings deel te neem. Nietemin bestaan daar 'n subtiële nasionale identiteit.<sup>3</sup>

Met voorgaande as 'n gegewe, is dit dus makliker om die ondersoek verder te voer. Identiteit as 'n faktor in België hang nou saam met die politieke verwickelinge in 'n klein land wat op die kruispad van die Germaanse en Romaanse tale gesetel is. Dit is 'n wisselende faktor wat uiteindelik gelei het tot die afname in die belangrikheid van die Belgiese identiteit vanaf 1830 tot die hede sodat dit slegs 'n oorkoepelende rol vervul en

---

<sup>1</sup> J. Stengers : Belgian National Sentiment (R. Bryssinck, M. Boudart, M. Boudart : Modern Belgium), p. 87.

<sup>2</sup> Ibid : pp. 87 - 94.

<sup>3</sup> F. Heylighen - Belgium : Society, Character and Culture - an Essay on the Belgian identity, pp. 3 - 4.



inderdaad in kompetisie is met die nuwe streekslojaliteite. Die Belgiese nasionale identiteit is bevestig na die verkryging van onafhanklikheid in 1830. Geleidelik het 'n Vlaamse subnasionale egter begin ontstaan en so ook 'n identiteit. Naby die einde van die 19de eeu, het die Waalse Beweging ontluik, hoofsaaklik as 'n politieke beweging ter verdediging van die Fransgesindes se belange in Vlaandere en Brussel. Mettertyd het die Waalse Beweging sy aktiwiteite verskuif vanaf Brussel na Wallonie en sodoende is die eerste saad van 'n Waalse identiteit gesaai. Die na-oorlogse periode toon 'n al groter wordende gaping tussen Vlame en Wale / Fransgesindes. In die middel 1950's het 'n nuwe Vlaamse nasionale party op die politieke toneel verskyn, naamlik die Volksunie en die beginsel van Federalisme sterk bevorder. Gedurende 1960-61 is die Waalse nasionaal-gesinde party die "Rassemblement Wallon" (RW) gevorm en dié het ook Federalisme voorgestaan. Franse Brusselaars het in 1961/2 in reaksie die "Front Democratique des Francophones" (FDF) gevorm. Vanaf 1968 het die onderskeie partye ook nog opgebreek in kleiner entiteite en dit op sigself het bygedra tot die hedendaagse afwesigheid van nasionale partye binne die nasionale identiteitskonteks.<sup>4</sup>

Aan die einde van die 1960's, het die politieke elite tot die gevolgtrekking gekom dat die unitêre struktuur uitgedien is. Devolusie van mag aan verteenwoordigende instellings van beide streeksnasionale identiteite het die aantreklikste opsie blyk te wees. Vier konstitusionele hervormings het gevolg, naamlik in 1970, 1980, 1988, en 1993. Die resultaat hiervan was dat 'n eienaardige mengsel van Federale en Konfederale elemente in die grondwet vervat is met die behoud, terselfdertyd, van sekere swaar gesubsidieerde gesentraliseerde ministeries en administrasies wat behoue gebly het.<sup>5</sup> Brussel het erkenning gekry as 'n streek en nie as deel van die groter Gemeenskap nie, maar tog ook met 'n eie identiteit.<sup>6</sup> Interessantheidshalwe was die onderliggende rede vir hierdie hervormings die begeerte

---

<sup>4</sup> K. Deprez & L. Vos : Nationalism in Belgium - Shifting Identities - 1780 - 1995, pp. 7, 8, 10, 11, 12, 13.

<sup>5</sup> Ibid : p. 15.

<sup>6</sup> Ibid : p. 16.



om 'n balans te bewerkstellig tussen die erkenning van diversiteit terwyl daar terselfdertyd gebou word aan nasionale eenheid en die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike patriotisme.<sup>7</sup> Tydens hierdie prosesse het België nooit weg beweeg van sy frontlinie standpunt ten gunste van die integrasie van die Wes-Europese nasies nie.

Hierdie standpunt was gebaseer op België se ambisie om 'n leidende rol te speel in die bevordering van die verhegting van die Unie. Die ambisie lê diep gesetel in België se na-Tweede Wêreldoorlogse rol. Daar loop 'n direkte lyn vanaf Paul-Henri Spaak wat by die Messina Konferensie as voorsitter die leiding geneem het in die konseptualisering van die Europese Ekonomiese Gemeenskap en Europese Atoomkommissie Verdrae na Davignon by die geboorte van die Europese Politieke Samewerking, na Eurofederalis Leo Tindemans se verslag (1976) wat 'n uiteensetting voorstel vir die toekoms van die integrasieproses asook die dringende noodsaaklikheid om Europese instellings te hervorm na De Haene se bydrae tot die Drie Wyse manne, naamlik Barend Biesheuvel, Edward Dell en Robert Marjolin se verslag oor die verbetering van die gemeenskappe se institusionele instellings en tot by die Helsinki spitsberaad in 1999. Daar was nog nooit 'n afwyking in die regering, die elite en die bevolking se erns met die integrasieproses nie. As een van die stigterslede van die Europese Ekonomiese Gemeenskap tussen 1958 en Desember 2001, het België die Presidentskap van die Raad van Ministers al elf keer beklee en vyf keer vanaf die institusionalisering van die Europese Spitsberade (1977, 1982, 1987, 1993 en 2001).

Gevolgtik het België 'n goeie rekord in terme van beleidsleiding op die terrein van Europese integrasie.

Onderliggend hieraan is die feit dat Europese aangeleenthede 'n beleidsektor verteenwoordig waarvoor die hoofelites tradisioneel dwarsdeur die 20ste eeu saamgestem het. Belgiese politieke elites het oor die algemeen 'n pro-integrasie houding in die begin, meer om instrumentele as teleologiese verknogting aan federale beginsels, gesteun. Die

---

<sup>7</sup> B. de Villiers, F. Delmartino, A. Allen : Institutional Development in Divided Societies, p. 5.



elite het, eerstens, saamgestem dat die voor-Tweede Wêreld Oorlogse neutraliteit misluk het. Om te voorkom dat België weer eens die slagveld word van die stryd tussen sy groot bure, Frankryk en Duitsland, moes daar 'n beleid van toegeeflikheid deur internasionale samewerking, gevolg word. Alhoewel Spaak die groot bevorderaar van die voor-oorlogse neutraliteitsbeginsel was, het hy gou die beleid van Europeanisme en Atlantisisme na die oorlog aangegryp.

Tweedens was die Europese Ekonomiese Gemeenskap gedurende die 1950's hoofsaaklik beskou as 'n multi-laterale handelstelsel. Daar was so 'n bietjie aanvanklike opposisie vanuit die linkerflank, dit wil sê die sosialistiese partye en die vakunies sowel as vanaf die regse flank, dit wil sê werknemers wat openbare intervensie in die ekonomie gevrees het. Dog, in resente tye word Europa gesien as 'n instrument om die toenemende oop ekonomie van die land aan te pas by globalisering terwyl sekere elemente van die Europese sosio-ekonomiese model bewaar bly. Die belangrikheid om die vrye handel in die land se uitvoer-gedrewe ekonomie te institutionaliseer, word ook aanvaar. België was en is nog steeds die voorloper ten opsigte van openheid in die Europese nasionale ekonomieë (met 'n gemiddelde invoer en uitvoer wat 74% van die Bruto Nasionale Produk beloop.)<sup>8</sup> 'n Supranasionale federale Europa word ook deur die Belgiese elites beskou as 'n wyse om tot 'n mate die belange van klein lande teen die hegemonie van groot state, te beskerm.<sup>9</sup>

Alle rolspelers insluitend die gewone burgers was in staat om hulle land se instellings so aan te pas dat dit die oorgang na 'n Europese identiteit vergemaklik omdat dit in die nasionale belang is.<sup>10</sup>

---

<sup>8</sup> L. De Winter & H. Tursän : The Belgian Presidency 2001, pp. 2 - 11.

<sup>9</sup> Ibid : p. 13.

<sup>10</sup> E. Davignon, H. Pamen, P. Noterdaeme : Belgium and the European Community (R. Bryssinck , M. Boudart, M. Boudart : Modern Belgium), pp. 128 - 129.



Tradisionele party-elites (Sosialiste, Christen-Demokrate en Liberale) het vir baie jare gepleit vir die oordrag van meer bevoegdhede aan die Europese Unie, 'n sterker rol vir die Kommissie en Parlement en meer gebruik van die gekwalifiseerde meerderheidsbesluit meganisme. Dog, sedert die aanvaarding van federalisme as 'n model in die herorganisasie van die Belgiese staat, het federalisme ook 'n sterker tema geword in die Belgiese benadering jeens Europese integrasie. Die Belgiese politieke elites het gewoonlik 'n inkrementele en pragmatiese strategie gevolg ten einde die verdieping van integrasie binne 'n federale Europa te verseker selfs wanneer vordering baie stadig was. Vir België het gemeenskaps-instellings en -beleid tot die hede gedien as 'n vermenigvuldiger van die invloed uitgeoefen deur sy buitelandse beleid. Dit is egter iets wat mag afneem met die voortdurende vergroting van die Gemeenskap.

Dit is makliker vir België om sy nasionale belang opsy te sit. Afgesien daarvan dat dit 'n klein land is, is die interne koste om nasionalisme te versak laag. Daarom is dit minder verknog aan oud-modieuse begrippe van soewereiniteit, nasie-staat, nasionale identiteit, bydraes tot die beskawing, ens. Weinige teenstand jeens die oordrag van mag na die Europese vlak, gaan gevolglik gepaard met die erodering van mag van die Belgiese staat van onder af. Belgiese partye is min bekommerd oor die behoud van 'n sterk Belgiese staat asook nasionale identiteit aangesien dit as 'n fundamentele probleem beskou word deur die Belgiese elite. Dit is nie noodwendig die geval met die hele bevolking nie. Volgens die Eurobarometer opnames van 1999, toon dit dat wat nasionale gehegtheid betref, 77% van alle Belge nie veel daarvoor voel nie. Wat nasionale trots betref, toon dit dat 66% nie veel gevoel daaroor het gedurende die periode 1982-2000, nie.

Die politieke partye plaas die belange van hulle eie streke voor België se gemeenskaplike belange. Aangesien die Belgiese staat te klein is vir sekere take en te groot vir ander, word dit maklik gestroop van onnodige verouderde prerogatiwe. Gevolglik word die beginsel van subsidiariteit sterk op- en afwaarts aangepas tot so 'n mate dat die middelvlak



ontbondel word.<sup>11</sup> Desnieteenstaande, is daar groot eenstemmigheid tussen politieke partye oor Europese aangeleenthede. 'n Federale Europese politieke unie is die einddoel van al die partye.<sup>12</sup>

Daar is sekere noord-suid verskille wat die omvang van die Europese, nasionale en streeksvlakke betref. Vir sommige Vlaamse partye kon Europese integrasie 'n beslissende invloed hê op die behoud van die Belgiese identiteit. Andere verdedig weer 'n drie-vlak regeringstelsel met 'n Belgiese vlak wat verswak word van bo en van onder, en wat uiteindelik sal lei tot die verdwyning van die Belgiese staat. Hierdie vooruitsig van die verdwyning van die Belgiese staat pas sommige Vlaamse partye wat Vlaamse onafhanklikheid kan verdedig sonder om afskeiding te bepleit. Alle Fransgesinde partye stem saam oor die versterking van die Europese Unie sowel as regionale vermoëns, maar wil egter vir België behoue sien as 'n relevante regeringsvlak en 'n noodsaaklike deel van hulle nasionale identiteit. Hierdeur word die bevordering van beide Europese asook regionale identiteite, gesteun.

Hierdie sterk konsensus was gereflekteer in die partye se stemgedrag oor basiese Europese Unie-onderwerpe. Die Wet op Europese Eenwording van 1986 was aanvaar deur alle partye ten spyte daarvan dat 'n aantal groepe ontevrede was dat die vlak van integrasie nie hoër was nie. Hierdie goedkeuring het gepaard gegaan met oproepe vir meer supranasionalisme.

Onder die hoof belangegroepes is daar eweveel pro-Europese steun as die geval is met die politieke partye. Hulle is baie krities oor die Europese Raad se té sterk fokus op nasionale belange.

Wat die staatsamptenare betref, is dié van België die sterkste voorstanders van

---

<sup>11</sup> L. De Winter & H. Tursán : The Belgian Presidency 2001, pp. 11 - 12.

<sup>12</sup> Ibid : p. 20.



supranasionalisme.

Wat integrasie inisiatiewe betref, is daar 'n groot gaping tussen die politieke en sosio-ekonomiese elite aan die een kant en die publiek aan die ander kant. Terwyl die Belgiese elite van die grootste voorstanders van integrasie is van al die ledestate, toon die gaping met die openbare mening ook die skreiende verskil van mening. Tot 1995 het meer as die helfte van die Belgiese burgers gevoel dat Europese Unie lidmaatskap 'n goeie ding was. In die 1995 - 1999 periode het die steun egter skerp gedaal en onder die Europese Unie gemiddelde gestaan. Die gemiddelde synde die vlakke waarop Euro-skeptiese lande soos Brittanje tradisioneel lê. Resente data (1998) toon egter dat die Belgiese vlakke egter weer besig is om terug te keer na 'n hoë vlak van steun.<sup>13</sup>

Empiriese navorsing in Vlaandere en Wallonie het getoon dat Belgiese nasionale gevoel nog steeds wydverspreid is. Negentig persent van die Vlaamse bevolking verwerp die idee van 'n afsonderlike Vlaamse nasie terwyl daar in Wallonie amper geen ondersteuners vir afskeiding is nie. Desnieteenstaande het hierdie Belgies-gesinde burgers minder invloed op beleidsformulering omdat hulle nie veel waarde heg aan die nasionalistiese kwessie nie.

Gesien vanuit die hoek van die Vlaamse regering en die Vlaamse Parlement wat vir die eerste keer direk verkies is in 1995, is daar sterk druk vir Vlaamse outonomie. Vanuit die Waalse oogpunt weer gesien, is die Waalse Parlement se strewe om 'n Waalse identiteit te skep wat slegs die eienskappe van 'n nasionale identiteit het, maar sonder die nasionalistiese manie.<sup>14</sup> Gedagtig aan die feite asook die verlies van 'n gemeenskaplike taal, Frans, is daar nie veel oor van die Belgiese nasie nie.<sup>15</sup>

Met bostaande as agtergrond, kom die faktor van die Europese Unie ook nog in die

---

<sup>13</sup> L. De Winter & H. Tursán : The Belgian Presidency 2001, pp. 20, 28, 30, 33 & 34.

<sup>14</sup> K. Deprez & L. Vos : Nationalism in Belgium - Shifting identities, p. 17.

<sup>15</sup> Ibid : p. 19.



prentjie. Amptelik meng Europa nie in op die interne aangeleenthede van 'n lidstaat nie. Dog, de facto bevorder lidmaatskap van die Europese Unie diversiteit in die Belgiese konteks. Die feit dat streke hul belange kan verdedig in die Europese Raad van Ministers (art.146 van die Maastricht Ooreenkoms) kan as 'n voorsmaak dien van hulle moontlike aanvaarding as 'n klein, maar volle lidmaat van die Unie. Die Belgiese Gemeenskappe en streke is reeds betrokke op die internasionale terrein, beide ingevolge hulle bevoegdhede om ooreenkomste aan te gaan wat gewaarborg is deur die Belgiese grondwet, asook deur hulle teenwoordigheid in beleidmakende strukture.

Paradoksaal kan lidmaatskap van die Europese Unie ook 'n motief wees om te fungeer binne die Belgiese soewereiniteit. Kortliks, 'n nuwe vorm van deelnemende federalisme in België is bevorder deur die Europese Unie.<sup>16</sup>

Gedurende die laaste drie dekades het België 'n erodering van die outonomie van die sentrale regering ervaar ten gunste van die individuele federale en streeksstrukture as gevolg van die toenemende kragte uitgeoefen deur Europese integrasie. Die land se rol in die Europese Unie-inisiatief asook sy klein en oop ekonomie, het dit baie meer sensitief gemaak vir daardie faktore wat inwerk op die outonomie van die sentrale staat.<sup>17</sup>

Die invloed van die Europese Unie op die streeks ekonomiese beleidsbestuur het betekenisvol toegeneem sedert die einde van die 1980's. Geen voorsiening is gemaak vir enige streeksgemeenskapsbeleid toe die Europese gemeenskap in 1957 gestig is nie. Die doktrine waarop die Verdrag van Rome gesteun het, was gebaseer op die veronderstelling dat markkragte die verantwoordelikheid sou aanvaar vir die vermindering van die verskille tussen streke tesame met die voltooiing van die Enkel Mark. Hierdie proses is egter versnel met die totstandkoming van die Streeks Ontwikkelings Fonds wat in 1975 geskep en

---

<sup>16</sup> B. de Villiers, F. Delmartino, A. Allen : Institutional Development in divided societies, p. 31.

<sup>17</sup> Ibid : p. 254.



gedurende 1979, 1984, 1988 en 1993 verder ontwikkel is. Die aanvaarding van die Wet op Europese Eenwording in 1986 en die verdere groot wysigings daarna, het tot gevolg gehad dat die vennootskap-beginsel bekend gestel is wat verder daartoe bygedra het dat die streke ook deelneem en dit het tot 'n groter mobilisering van die streke in België gelei.<sup>18</sup>

'n Verdere stimulant vir die verdere ontlouing van 'n nuwe regionalisme is veroorsaak deur die verdieping van die Europese integrasie wat deur praktiese steun vir streke 'n nuwe streeks entoesiasme geskep het.<sup>19</sup> Die effek hiervan op België was dat die sentrale regering aansienlike ekonomiese bevoegdhede op sub-nasionale vlak toegeken het. Gevolglik het die Belgiese streke besef dat om effektief te kompeteer in die Europese Mark, hulle hul bronne moes koördineer en gevolglik het hulle institusionele veranderinge teweeggebring wat 'n netwerk van streeksakteurs daargestel het. 'n Uitvloeisel van hierdie nuwe regionalisme was die skepping en benutting van 'n duidelike regionale identiteit. 'n Identiteit van 'n sekulêre en pragmatiese aard wat nie so eksklusief is dat dit sekeres daaruit hou nie.<sup>20</sup>

---

<sup>18</sup> B. de Villiers, F. Delmartino, A. Allen : Institutional Development in divided societies, pp. 272, 274.

<sup>19</sup> Ibid : pp. 279, 280.

<sup>20</sup> Ibid : pp. 281, 284.

## **ASPEKTE VAN NASIONALE EN KULTURELE IDENTITEIT IN 'N VERENIGENDE EUROPA SEDERT 1958 : ENKELE GEVALLESTUDIES**

### **HOOFSTUK 6**

#### **'N EUROPESE IDENTITEIT OF 'N EUROPESE AKKOMMODERING?**

**(EVALUERING VAN DIE VRAAG OF DAAR 'N EUROPESE IDENTITEIT IS WAT  
NASIONALE IDENTITEIT VERVANG OF VERDRING, EN OF EUROPA BESIG IS OM 'N  
UNIEKE WYSE TE ONTWIKKEL OM DIE SAAM- EN NAASBESTAAN VAN 'N  
EUROPESE EN 'N NASIONALE OF STREEK- EN VOLKSIDENTITEIT TE HANTEER)**

Nasionale identiteite is 'n warm onderwerp in Europa.<sup>1</sup> Dit is juis omdat soveel mense ongemaklik voel met hulself dat hulle betrokke raak by 'n desperate soeke na nuwe punte van verwysing en nuwe waardestelsels. In Oos- en Sentraal Europa was die oorgang na demokrasie baie meer pynlik as wat verwag is en 'n nasionalistiese angstigheid het baie keer die ou utopiese sekerhede van kommunisme vervang omdat hier 'n groter ekonomiese, politieke en kulturele breuklyn ontstaan het hoofsaaklik as gevolg van die juxtaposisie van Wes- Europa, Rusland en die Ottomaanse-Bisantynse herkoms.<sup>2</sup> In Wes-Europa word gemeenskappe gefragmenteer deur, onder andere, die krisis van die welsynstaat, werkloosheid, en 'n gebrek aan 'n patriotiese gemeenskapsgees omdat daar nie meer 'n eksterne politieke bedreiging is om dit te laat opflikker nie en groeiende regionale verskille in 'n noord-suid lyn as gevolg van die ongelyke ontwikkeling van

---

<sup>1</sup> G. Hofsteede : The Nation State as a source of common mental programming : Similarities and differences across Eastern and Western Europe (S. Gustavson & L. Lewin (reds) : The Future of the Nation-State), p. 43.

<sup>2</sup> G. Delanty : Inventing Europe - Idea, identity, reality, p. 147.



kapitalisme.<sup>3</sup> Aanvullend hiertoe word die aanpassingsvermoë van mense, groepe en nasies getoets deur die versnelde oorrumpeling van veranderinge teweeggebring deur die nuwe tegnologieë en ekonomiese globalisering. Hoe kan 'n individu getrou aan homself bly waar elke landmerk besig is om te verskuif of uit die sig te verdwyn.

Een van die doelwitte van die soeke is om die herontdekking of herdefiniëring van identiteite te bevorder. 'n Selfvoldane sin van belang versterk die waardes en sekerhede wat 'n gemeenskap opmaak. Dit moedig 'n openheid jeens die res van die wêreld aan.<sup>4</sup> Terloops, in die herontdekkingstog is Europa besig om homself los te wikkels van die breër begrip van die Weste wat oorheers het vanaf die Oktober Rewolusie van 1917. Europa is nie meer die oostelike grens van die Verenigde State van Amerika nie, maar is besig om in 'n nuwe ontluikende wêreldorde, 'n nuwe mega-mag te word.<sup>5</sup>

Omdat die Europese Unie 'n ekonomiese realiteit en 'n lewensfeit is, word daar dus ten koste van ander amorfes instellings, hoofsaaklik op die Europese aktiwiteite binne hierdie konteks gefokus.<sup>6</sup>

Met die koms van die Maastricht Ooreenkoms in 1992 het verskeie aspekte in plek geval.<sup>7</sup>

Die eerste was die openbare reaksie. Vir vier dekades is Europese politici bederf deur die steun van 'n politieke klas wat hoofsaaklik ondersteunend was en 'n algemene bevolking wat gerieflikheidshalwe traak-my-nie-agtig was. Die openbare mening in alle lidstate was nie meer bereid om die ortodoksie van Europese integrasie stilswyend te aanvaar net omdat dit 'n politieke imperatief was nie. Die debat wat hieruit voortgespruit

---

<sup>3</sup> G. Delanty : *Inventing Europe - Idea, identity, reality*, p. 147.

<sup>4</sup> The European Task Force on Culture and Development : In *From The Margins*, pp. 45 - 46.

<sup>5</sup> G. Delanty : *Inventing Europe - Idea, identity, reality*, p. 147.

<sup>6</sup> R. Miles & D. Thränhardt (red) : *Migration and European Integration*, p. 6.

<sup>7</sup> J.J.H. Weiler : *The Constitution of Europe*, p. 3.



het, het tot groter legitimiteit gelei. Dit beteken dus, onder andere, die ontluiking van Europese Reg as 'n staatkundige "hoër reg" met onmiddellike effek binne die "regsruimte" van die Gemeenskap. Opperheerskappy, direkte effek, en die beskerming van fundamentele regte is almal aanvaar as deel van die sogenaamde "acquis" van die Gemeenskap. Daar is 'n eenvoudiger verduideliking: binne die alom-toenemende sfeer van aktiwiteite, vervang enige bevel van die Unie enige botsende nasionale wetgewing. Hierdie toedrag van sake is teweeggebring met die volle samewerking van alle nasionale regerings en parlements asook nasionale howe. Dit was inderdaad reeds die geval voor Maastricht. Die gevolg is dus 'n staatkundige wetlike orde waarvan die konstitusionele teorie nog nie uitgewerk is nie en veral die langtermyn oorkoepelende waardes nog nie behoorlik verduidelik is nie.<sup>8</sup>

In 'n onlangse saak, het die Europese Hof in die verbygaan gepraat van die Maastricht Ooreenkoms as die "basic constitutional charter" van die Gemeenskap. Gebaseer op hierdie interpretasie, is die Verdrae "gekonstitusioneel" en die Gemeenskap het dus 'n entiteit geword wat naastenby ooreenstem met 'n nie-unitêre federale staat. Die teenstelling van Gemeenskap teenoor Lidstaat is egter problematies. Die begrip van die Gemeenskap is een van beide een en baie. In 'n sekere mate is die Gemeenskap die individuele Lidstate, dog, in 'n ander sin, apart van hulle. Gedagtig hieraan is daar 'n denkskool wat argumenteer dat die groei en ontwikkeling van die Gemeenskap 'n voortdurende verlies van soewereiniteit behels.<sup>9</sup> 'n Ander denkskool argumenteer dat die Lidstate nog altyd die sentrale rol vervul in die evolusie van die Gemeenskap en dat die meeste ontwikkelings self op die kritieke terrein van die staatkunde gesteun het en ter ondersteuning was van die Lidstate.<sup>10</sup>

---

<sup>8</sup> J.J.H. Weiler : The Constitution of Europe, p. 12; C. Shore : Building Europe, p. 208; S. Haseler : The English Tribe : Identity, Nation and Europe, p. 137.

<sup>9</sup> J.J.H. Weiler : The Constitution of Europe, p. 96; H. Kochler : Decision-Making Procedures of the European Institutions, pp. 12 - 13.

<sup>10</sup> J.J.H. Weiler : The Constitution of Europe, p. 97.



Gedagtig egter daaraan dat die Gemeenskap die somtotaal van sy Lidstate en hulle burgers is, maar ook 'n outonome identiteit het, verskaf dit ook 'n interessante tentatiewe gedagte oor die breër onderwerp van multi-kulturisme. In Europese menseregte debatte word die veelvuldige identiteite van 'n individu erken. As voorbeeld word voorgehou dat die "ek" nie 'n Fransman is wat in Europa woon nie, maar die "ek" inderdaad 'n Fransman en 'n Europeër is.<sup>11</sup>

Wat egter nooit uit die oog verloor moet word nie, is die oprigtingsdoelwit van die Europese inisiatief om nie die nasionale staat te elimineer nie, maar om nasionale belang te tem met 'n nuwe dissipline<sup>12</sup> en dit is hier waar supranasionalisme na vore kom. Die supranasionalisme-begrip erken dat op 'n tussengroep vlak, nasionalisme 'n uitdrukking van kulturele (politieke of anders) eiesoortigheid is wat differensiasie ofte wel die uniekheid van een groep jeens 'n ander, ondersteun. Dog, nasionaliteit is nie iets op sy eie nie. Dit is onvermydelik gekakel met burgerskap, en burgerskap is deel van 'n pakkie van wetlike regte en pligte en van sosiale gedrag. Supranasionalisme probeer op die gemeenskaps- en individuele vlak die belang van die staatkundige aspek van nasionaliteite verminder.

Met die erkenning van die verskil tussen die Gemeenskap en die Lidstaat soos hierbo uiteengesit, het daar egter 'n kompleksiteit ingesluit met die Maastricht Ooreenkoms toe die titel "Europese burger" aan lede van die nasionale state toegeken is. Dit is egter duidelik dat Europese burgerskap nie dit beteken wat dit in die Lidstate individueel beteken nie<sup>13</sup> en dit word bevestig deur die aanhef tot die Verdrag van Rome wat dit duidelik gestel het dat dit by die Gemeenskap en die Unie gegaan het oor die "laying the foundations of an ever-closer union among the peoples of Europe". Nie die skep van een volk nie, maar die vereniging van baie.<sup>14</sup> Daarom word Europese burgerskap wat deel is van die politieke

---

<sup>11</sup> J.J.H. Weiler : The Constitution of Europe, p. 118.

<sup>12</sup> Ibid: pp. 251 & 8.

<sup>13</sup> Ibid : p. 326.

<sup>14</sup> Ibid : p. 327.



unifikasie proses, nie gesien as 'n groot doelwit in die skepping van 'n meer geïntegreerde Europa nie. Politieke unifikasie en Europese burgerskap word slegs vereis tot die mate dat hulle as noodsaaklik beskou word vir 'n meer effektiewe voltooiing en funksionering van die interne mark. Wanneer aspekte van suiwer internasionale politiek te voorskyn kom, toon die meeste Europese state nog steeds die neiging om te kleef aan hulle outonomie en om individuele posisies in te neem. Dit is die groot swakheid van die politieke unifikasieproses sedert die ondertekening van die Maastricht Ooreenkoms.<sup>15</sup>

Die instelling van Europese burgerskap soos dit algemeen bekend staan, kan 'n belangrike verandering in die filosofie van Europese integrasie impliseer in die sin dat 'n klemverskuiwing vanaf 'n unifikasie van die volkere van Europa plaasvind. Met die verandering kon mense van hulself begin dink as Europeërs eerste en nie meer as Belge, Engelse, ens. nie.

Alternatiewelik kon dit ook beteken dat die filosofie nie juis verander het nie, maar dat die mens se begrip van nasionale lidmaatskap verander het of besig is om te verander.

Nieteenstaande bostaande verwickelinge, word dit steeds geargumenteer dat Europa nog vir 'n baie lang tyd 'n "Europe des patries" gaan bly omdat in meer as 2000 jaar daar nog steeds nie daarin geslaag is om verskille tussen die kulture van die Lidstate uit te wis nie<sup>16</sup> en hier word byvoorbeeld verwys na die heersende programme oor geestesgesondheid van Nederlandssprekende bevolkings aan beide kante van die Belgies-Nederlandse grens.

Voortspruitend hieruit volg dit verder dat Patricia Mayo van mening is, dat, omdat die mens 'n sosiale dier is asook sy eie gebied nodig het, daar 'n opstand in Europa begin ontwikkel teen toenemende dogmatiese sentralisasie wat deur die burokraat en die ortodokse

---

<sup>15</sup> M. Martiniello : European Citizenship, European Identity and Migrants : Towards the Post-National State (R. Miles & D. Thränhardt (red) : Migration and European Integration), pp. 39 - 40.

<sup>16</sup> S. Gustavson en L. Lewin - The Future of the Nation-state, p. 44.



Europese linksgesindes bewerkstellig word.<sup>17</sup> Die burger is te ver verwyderd van diegene wat sy toekoms bepaal. Onlangse Euro-barometer verslae toon byvoorbeeld dat steun vir Europese Unie lidmaatskap gedaal het van 72% in 1991 tot 46%, dit wil sê dit is nou minder as op enige tydstip in die laaste 20 jaar terwyl 8 uit elke 10 Europeërs erken dat hulle nie baie goed ingelig is of glad nie ingelig is oor die Europese Unie nie. Selde het die Europese Unie so ongewild of irrelevant tot die behoeftes van die burgers geblyk te wees.<sup>18</sup> Daarom gryp die Wallieser, die Baske, die geleentheid aan om die eiesoortigheid van sy streek te beskerm deur die bevordering van die gedagte van streeksoutonomie, veral omdat dit aan sy bure individuele betekenis verleen.<sup>19</sup> Die blote logika van Europa werk tot die voordeel van die substaat-nasies en -streek. Die eenvoudige daad om die nasiestaat te verswak, skep 'n vakuum wat deur die laer vlakke van politieke instellings mettertyd ingeneem kan word. Die beginsel van subsidiariteit (dat besluite geneem moet word so na as moontlik aan die mense) kan ook ageer as 'n aansporing vir devolusie, vir die druk van besluitneming laer as die nasiestaat.<sup>20</sup> Die beginsel van subsidiariteit was vervat in die Amsterdam Ooreenkoms wat ten doel het om die Europese Unie nader te bring aan die mense van Europa deur die herbelyning van die Europese instellings. Hierdie meganisme is doelbewus ingestel om die vrees van toenemende sentralisasie te weerlê.

Gesien egter vanuit 'n ander hoek, word daar geargumenteer dat indien daar so 'n ding is soos 'n Europese identiteit, dit van 'n multi-kulturele aard moet wees. Selfs indien dit gesê kan word dat dit 'n Europese kultuur (instellings, 'n enkel geldeenheid, ens.) omvat wat die ander kulture oorbrug, bly hierdie kulture van die einste Europese identiteit wat nog ontdek moet word. Dit kan ook beskou word as 'n kollektiewe identiteit. So 'n identiteit is onafwendbaar in twee verdeel : aan die een kant vind ons die supranasionale identiteit wat bekend staan as die Europese identiteit. Aan die ander kant vind ons die identiteite

---

<sup>17</sup> P. E. Mayo : The Roots of Identity, p. 1.

<sup>18</sup> C. Shore : Building Europe, p. 224.

<sup>19</sup> P. E. Mayo : The Roots of Identity, p. 2.

<sup>20</sup> S. Haseler : The English Tribe, pp. 156 - 157.



waaruit dit saamgestel is.<sup>21</sup> Bykomstig moet daar verstaan word dat terwyl etniese, linguistiese en/of religieuse groepe veg vir hulle onafhanklikheid in die naam van hulle identiteit en streekverskille, internasionale integrasie nog steeds plaasvind.<sup>22</sup> Ten einde Europa as 'n publieke en politieke gebied te vestig, moet 'n nuwe model van kollektiewe identiteit ontwikkel word, maar nie deur dieselfde proses waardeur nasionale identiteite gevorm is nie. Die Europa van die toekoms sal nie 'n massiewe nasiestaat op 'n kontinentale skaal kan wees nie. Dit is nie moontlik om 'n enkele taal of unitêre geskiedenis soortgelyk in doel as nasionale geskiedenis te vestig nie. Of Europa nou beskou word as 'n federasie of 'n post-nasionale entiteit wat nog gedefinieer moet word, kon Europese identiteit nie eenvoudig die grootste gemene deler van nasionale identiteite wees nie. Dit is te eenvoudig.<sup>23</sup>

Binne bostaande konteks, is dit ook noodsaaklik om te bepaal hoe geskiedenis tans aangebied word, aangesien dit een van verskeie metodes is om 'n identiteitsbewussyn te skep.<sup>24</sup>

Vanuit 'n politieke oogpunt gesien, het die Raad van Europa by die Komitee van Ministers in 1996 aanbeveel dat die bestudering van geskiedenis in Europa die geskiedenis van die hele Europa, die van die hoof politieke en ekonomiese momente, asook die filosofiese en kulturele bewegings wat gelei het tot die skep van 'n Europese identiteit, in die sillabusse ingesluit moet word.<sup>25</sup> Die klem moet veral op die nasionale geskiedenis van elke volk

---

<sup>21</sup> Dr. M. Crepon : Heterogenous Identities, p. 1.

<sup>22</sup> G. Hofsteede : The Nation State, p. 43.

<sup>23</sup> A. M. Thiesse : Formation of National Identities; Regional and Transnational identities, p. 4.

<sup>24</sup> Council of Europe: Parliamentary Assembly, Document 7446, Report of the Committee on Culture and Education, Strasbourg, 1996, p. 3.

<sup>25</sup> Ibid : p. 5.



geplaas word, maar nie op die nasionalistiese aard daarvan nie.<sup>26</sup> Openbare liggame moet ook gunstige omstandighede skep vir geskiedkundige navorsing mits dit onafhanklik is van amptelike beleid<sup>27</sup> en kontroversiële onderwerpe, soos die kwessie van nasionale identiteite, moet veral aandag geniet.<sup>28</sup>

Met die totstandkoming van die Raad van Europa, en die Europese Gemeenskap ingevolge die Verdrag van Rome, is die aandag gevestig op die aanbod van geskiedenis binne die besondere nuwe milieu. Een van die bronne vir die daarstel van die nuwe benadering, is die Raad van Europa wat vanaf ongeveer die 1950's 'n breë forum geskep het vir die bespreking van die wyse waarop geskiedenis in skole aangebied behoort te word.

Die eerste vergaderings wat georganiseer is deur die Raad van Europa in 1950's en 1960's het begin deur te kyk na die handboeke, maar spoedig gevorder na die oorweging van die wyse waarop geskiedenis aangebied word in sekondêre skole. Die oorhoofse bevinding was dat skool kurrikula oorheers is deur nasionale geskiedenis en weinig aandag geskenk is aan Europese geskiedenis.<sup>29</sup>

Gesien dat ekonomiese en politieke unifikasie besig is om vorentoe te beweeg, is dit baie belangrik dat die mense van Europa 'n begrip ontwikkel van 'n gedeelde geskiedenis, andersins sal hulle fundamenteel vervreem voel van die prosesse, aangesien hulle nie 'n gepaardgaande gevoel van kulturele en historiese identifikasie opbou nie. Laasgenoemde is weer eens onontbeerlik vir die toekomstige vrede en sekuriteit in Europa. Tensy die

---

<sup>26</sup> Council of Europe: Parliamentary Assembly, Document 7446, Report of the Committee on Culture and Education, Strasbourg, 1996, p. 11.

<sup>27</sup> Ibid : p. 18.

<sup>28</sup> Ibid : p. 18.

<sup>29</sup> Ann Low Beer : European History in Schools, (S. Macdonald : Approaches to European Historical Consciousness : Reflections and Provocations), p. 125 - 127.



mense van Europa 'n sekere sin van gemeenskaplike identiteit het - 'n sin wat op sy sterkste sal wees indien dit gevestig is in die idees van 'n gedeelde geskiedenis - sal die kans om in enige soort harmonie met mekaar te lewe inaggenome die veranderinge wat onderweg is, baie verminder word.

In sulke argumente ten gunste van supranasionale identifikasie word nasionale identiteite somtyds gelykgestel met "nasionalistiese" feite waarteen "Europees" gekontrasteer en as oper bevorder word, minder etnosentries en aggressief van aard. Andere wys egter daarop dat Europa en Europese unifikasie moontlik nie heeltemal gesien word in dié lig deur almal wat in Europa bly nie en nogtemeer deur diegene wat buite Europa is.

In baie dele van Europa kon die term "Europa" gebruik word om "hulle" te beteken en nie "ons" nie; dit verwys na gesiglose en inmengerige burokrasieë in Brussel en Strasbourg; na 'n gulsige monster wat oorheers word deur 'n klein aantal nasies en wat dreig om plaaslike verskille te onderdruk.

Vanuit hierdie perspektief en meer in besonder vanuit daardie lande waar nasionale outonomie slegs onlangs verkry is, selfs na ellelange opposisie, of vanuit diegene vir wie nasionale identiteit gesien word as 'n bevrydende alternatief vir party-ideologieë - sal waarskuwende opmerkings oor die trots vir nasionale identiteit en nasionale metodes om geskiedenis te skryf maklik gesien word as 'n pro-Europese standpunt wat gesetel is in 'n dom-astrante beterweterigheid.<sup>30</sup>

Gegewe die integrasieproses volg dit natuurlik dat die vraag ontstaan hoe geskiedenis binne dié Europese tendens benader moet word, ofte wel watter soort model gevolg moet word. Baie van die negatiewe kommentaar oor die 19de eeuse nasionalisme en die skryf van gloeiende oorwinnings-geskiedskrifte wat deel daarvan gevorm het, is juis gemik teen die daarstelling van 'n identiteitsmodel wat weer eens net 'n herhaling van die vroeër

---

<sup>30</sup>

S. MacDonald : Approaches to European Historical Consciousness, p. 15.



ervaring is en wel om 'n nuwe Europese identiteit te ontwikkel. Die problematiese eienskappe van hierdie nasionale identiteitsmodel is sy neiging om uiteenlopende kulturele verskille binne 'n nasie mis te kyk, die neiging het om 'n antagonistiese houding in te neem jeens diegene wat "anders" is, en die doelbewuste eliminasië van ingewikkeldhede en verskille in die samestelling van nasionale mitologiese geskiedenis. Dus, terwyl geskiedenis selektief moet wees ten einde kommunikeerbaar te wees, is daar 'n wêreldse verskil tussen kru manipulasie en die weergawe van eerlike feite. Daar moet onthou word dat die skepping van 'n identiteit wel relatief en nie eksklusief is nie: mense kan en behoort, inderdaad, gelyktydig aan verskillende vlakke van kollektiwiteit sonder enige moeilikheid. 'n Mens kan, met ander woorde, gelyktydig Frans en Europeër, Pools en Europeër of selfs Engels en Europeër wees. Modelle hoef nie "of - of" te wees nie, maar "beide - - en". Europese identiteit hoef dus nie meer op dieselfde wyse gesien te word as nasionale identiteit nie en gevolglik hoef Europese geskiedenis nie op dieselfde wyse geskryf te word nie.<sup>31</sup>

Voortspruitend hieruit ontstaan die vraag na die wyse hoe Europese geskiedenis aangebied moet word. Dit lei ook tot die vraag oor die rol van die geskiedkundiges, geskiedkundige opvoeders en geskiedskrywing. Almal intens belangrike onderwerpe veral omdat 'n gevaar bestaan dat suksesvolle nasie-staat strategie aangewend kan word om die geskiedenis so te plooi dat dit 'n gees van Europeanisme kan bevorder.<sup>32</sup>

Daar is diegene wat sou wou redeneer dat op die huidige oomblik daar vergeet moet word van die skrywe van geskiedenis oor die nuwe Europa, omdat dit is wat dit is, naamlik 'n nuwe Europa. Die probleem is dat ons nie die verlede kan wegtor nie - dit is te duidelik teenwoordig. Dit is teenwoordig in beide huidige stof, sosiale en politieke realiteite sowel as in 'n historiese bewussyn (Geschichtsbewusstsein). Deur oor die verlede na te dink is deel van die manier waarop 'n persoon oor homself dink vir die hede, en toekomstige

---

<sup>31</sup> S. MacDonald : Approaches to European Historical Consciousness , pp. 17 - 18.

<sup>32</sup> C. Shore : Building Europe, p. 225.



moontlikhede veronderstel. 'n Historiese bewussyn en inderdaad geskiedenis self, moet nie gesien word as iets net oor die verlede nie. Inteendeel, dit word inderdaad verwek met die komplekse en multi-dimensionele tussenverhouding tussen die verlede, die hede en die toekoms.<sup>33</sup>

In baie instellings, in die besonder skole, word daar gewerk daaraan om ten minste 'n mate van vertroudheid met plaaslike nasionale en Europese geskiedenis op te bou. Verskeie pogings is aangewend om geskiedenis-onderrig by skole te hervorm met die doel om 'n Europese dimensie te ontwikkel en te versterk. Aangesien geskiedenis 'n belangrike rol speel in die vorming van identiteite op alle vlakke, vanaf individuele biografieë tot nasionale identiteite, het geskiedenisonderrig die moontlikheid om die wyse waarop mense in Europa saamleef, te beïnvloed.<sup>34</sup>

In hierdie verband het Jörn Rüsen<sup>35</sup> dit gestel dat die samevloei van Europa 'n kulturele dimensie het. Die unifikasieproses laat vrae ontstaan oor die geskiedkundige identiteite van diegene wat besig is om die verenigde Europa te skep.

Die vraag oor wat "Europa" in sy kulturele en politieke dimensie regtig is, is nie iets wat net vandag gevra word nie, maar is al baie lank onder bespreking. Die vordering met politieke en ekonomiese integrasie het dit net dringender gemaak. Wanneer 'n mens navraag doen na die kulturele ekwivalent van Europese unifikasie in die sfeer van historiese kultuur, ontdek 'n mens gou die uitdagende feit van so 'n wanbalans. Dit is inderdaad besig om toe te neem en daar is 'n gevaar van 'n groterwordende gaping tussen kulturele identiteit aan die een kant en gemeenskaplike ekonomiese en politieke instellings aan die ander kant.

---

<sup>33</sup> C. Shore : Building Europe, p. 19.

<sup>34</sup> Katja Fausser : Dimensions of a Complex Concept, (S. MacDonald : Approaches to European Historical Consciousness), p. 48.

<sup>35</sup> Jörn Rüsen : Cultural Currency - The Nature of Historical Consciousness in Europe (S. Macdonald : Approaches to European Historical Consciousness), p. 76.



Om te “behoort” as ‘n identiteitsfaktor is ‘n eiesoortige vereiste. Dit volg dat dit sy eie reëls en riglyne het sodat politieke en selfs nog meer so, ekonomiese ontwikkelinge en strategieë nie sommer oorgedra word aan die historiese kulture van die betrokke lande nie. Netso die aflegging van die diepgesetelde historiese identiteit van ‘n volk of ‘n streek. Dit sal nooit saamsmelt met ‘n oorhoofse Europese identiteit nie. Gevolglik sal die ontwikkeling van ‘n Europese identiteit ‘n baie komplekse mengsel van elemente wees: dit sal ‘n verskeidenheid van vorme behou in die samesnoeringsproses. Dit sal ‘n baie hoë graad van buigsaamheid en dinamika moet bevat om die tradisionele geestelike instelling van wat “Europees” en wat “eie” is, te oorkom.

Hoe dit gaan plaasvind, is moeilik om te voorspel. By skoolboeke en die geskiedenis sillabus is dit moontlik om ‘n model te ontwikkel wat sulke veelvoudige dinamikas in aanmerking kan neem. Dit is ook moontlik om kern-elemente van ‘n sillabus wat identies vir alle geskiedkundige kulture is te definieer, sodat dit kan dien as ‘n basis vir die vorming van ‘n Europese bewustheid. Geskiedenis moet gebaseer wees op hierdie elemente en hierdie gedagte moet die fondasie wees vir die onderrig en leerprosesse in Europa.

Wat sal hierdie kern-elemente van ‘n geskiedkundige geheue wees? Die eerste gedagte wat na vore kom, is onderwerpe en temas. Wat ter sake is, is konkrete historiese feite oor aspekte wat Europa histories omskryf. Maar dit is nie genoeg nie. Praktiese oriëntering en identiteitskepping is die beslissende funksies van identiteitskepping. Dit bepaal wat die sentrale elemente van ‘n Europese geskiedenisbewussyn in vorm en inhoud sal wees.

Wat die inhoud van ‘n Europese geskiedenisbewussyn betref, kan daar begin word met die diepgesetelde faktor van historiese identiteit: halsstarrige gebeurtenisse van die verlede wat skeppend was vir vandag se leefwyse. Daar is ‘n groot verskeidenheid van tipe gebeurtenisse eie aan elke land in Europa, maar tog is daar sekeres wat maklik geïdentifiseer kan word as synde van algemene belang vir die meeste mense in Europa.



Maar dit is nie genoeg nie en sou fataal wees as slegs dit in aanmerking geneem sou word. Ten minste twee verdere aspekte moet ook in gedagte gehou word. Eerstens, dat Europa gedefinieer word deur 'n geskiedenis waarin 'n netwerk van verhoudings tussen en oor lande en kulture besig is om uit te brei en toe te neem. Tweedens, die geskiedkundige las van Europa se geskiedenis. 'n Toekomstige geskiedenisbewussyn sal slegs geldig wees wanneer die tradisionele etnosentriese strukture deurdringbaar raak, veral omdat hulle geskryf is volgens 'n streng patroon waarin die "eie" belangriker is as die "ander". Volgens die kulturele logika word daar 'n staat van spanning geskep wat maklik tot uitbarsting kan lei. Die geskiedenis van Europa was altyd die geskiedenis van konflikte. Die ontbinding van 'n gemeenskaplike Europa sowel as die unifikasie is nog altyd daardeur beïnvloed. Dit word veral duidelik as 'n mens kyk na die twee wêreldoorloë. Sulke negatiewe geskiedkundige ervarings moet altyd lewend gehou word, tesame met die behoefte om steun te verleen aan die mag van mediasie in 'n Europa wat poog om sulke konflikte te omvorm in 'n vreedsame naasbestaan.

Indien hierdie Europese geskiedenisbewussyn die oorheersende faktor word, sal die verskeie nasies mekaar se suksesse meer ruitelik erken. Hierdie suksesse is verwant aan daardie verskille wat die hooforsake was van die groot konflikte. Met so 'n bewussyn kan Europa gedefinieer word as 'n Gemeenskap "verenig in sy verskeidenheid".<sup>36</sup>

Opsommenderwys wil dit voorkom asof die enigste homogene kultuur wat regtig in staat is om oor sulke verdeelde gemeenskappe te sny, populêre kultuur is, naamlik Westerse gebruikersgoedere, advertering, TV en die vermaaklikheidsindustrie. Daar is slegs 'n samekoms van waardes op die vlak van populêre kultuur. Die paradoks is dus, dat terwyl die formele bo-na-onder institusioneel-gedrewe integrasieprogramme momentum verloor, die informele onder-na-bo Europeanisering voortduur. Volgens navorsing by die Londense Henley Centre, bestaan daar nou 'n geïdentifiseerde versameling van handelsmerke, ervarings en ikone wat 'n gedeelde ervaring tot stand bring en dus 'n definitiewe Europese

---

<sup>36</sup>

Jörn Rüsen : Cultural Currency - The Nature of Historical Consciousness in Europe (S. Macdonald : Approaches to Historical Consciousness), pp. 76 - 83.



identiteit aan Wes-Europese verbruikers aanbied soos James Bond, Chanel, Nestle, Benetton. Kom dit egter neer op 'n ontluikende Europese identiteit? Die gevaar lê daarin gesetel dat verbruikerspatrone verwar kan word met identiteitsvormingsprosesse. Die vraag is op watter stadium verander die "Europese ervaring" in 'n "Europese bewustheid"? Volgens meningsopnames is daar nog 'n lang pad na Europese identiteit. Tale blyk die grootste hindernis te wees tot verdere integrasie.<sup>37</sup> Met Europa wat herskep word in die beeld van die Europese Gemeenskap, is dit nie verbasend dat die Oos-Europeërs wat nog slegs die hardheid van kapitalisme ervaar het, hulle identiteit begin soek in neonasionalisme nie.<sup>38</sup>

Tans lyk dit egter of die Europese Unie slegs 'n "ever closer union" tussen tegniese, politieke en finansiële elites in Europa geskep het, en nie die volk nie.<sup>39</sup>

---

<sup>37</sup> C. Shore : Building Europe, p. 229.

<sup>38</sup> G. Delanty : Inventing Europe - Idea, identity, reality, p. 147.

<sup>39</sup> Ibid : p. 232.

## **BRONNE**

### **SEKONDÊRE BRONNE**

ACHESON, D: Present at the Creation, Hamish Hamilton, 1970.

ADENHAUER, K: Memoirs 1945 - 1953, Weidenfeld and Nicholson, London, 1965.

ANGVIK, M en VON BORRIES, B: Youth and History, Edition Korber - Stiftung, Vols A en B, Hamburg, 1997.

BALL, G: The Discipline of Power, Little, Brown and Co., 1968.

BALL, G: The Past has another Pattern : Memoirs, W. W. Norton & Company, New York, 1982.

BALL, S en SELDON, A (reds): The Heath Government, 1970 - 1974, A Reappraisal, Longman, 1996.

BARKER, E: Britain in a Divided Europe :1945 - 1970, Weidenfield and Nicholson, London, 1971.

BAUERMEISTER, RF: Identity, cultural change and the struggle for self, New York, NY., Oxford University Press, 1986.

BEKKER, S en PRINSLOO, R: Identity, Theory, Politics, History, HSRC Publishers, Pretoria, 1999.

BLOOM, W: Personal identity, National Identity, and International relations, Cambridge, England, Cambridge University Press, 1990.

BODENHEIMER, SJ: Political Union : A microcosm of European politics, 1960 - 1966, Leyden. A.W. Sijthoff, 1967.



BOWLE, J: A History of Europe : A cultural and political survey, London, Secker and Warburg, 1979.

BRY SINCK, R, BOUDART, M, BOUDART, M (reds): Modern Belgium, Belgium, 1990.

BURKE, M: The European Community : Italy, Belgium, Denmark, Netherlands, United Kingdom, Luxemburg, Germany, Glasgow : Blackie, 1983.

CALLMANN, J: The Common Market, The Treaty of Rome explained, Anthony Bland, London, 1976.

CHURCH, C en HENDRIKS, G: Continuity and Change in Contemporary Europe, Edward Elgar Publishing Ltd, 1995.

CLOETE, F: Gemeenskapsoutonomie in Estland, Ciprus en België, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1984.

COHEN, R: Frontiers of Destiny, The British and the Others, Longman Group Limited, 1994.

COSGRAVE, P: The Lives of Enoch Powell, The Bodley Head, London, 1989.

COUNCIL OF EUROPE: European Treaties, [WWW.EUR.IND](http://WWW.EUR.IND).

COUNCIL OF EUROPE: Parliamentary Assembly, Document 7446, Report of the Committee.

COUNCIL OF EUROPE: History and the learning of history in Europe, Strasbourg, 1996.

COUNCIL OF EUROPE: Against Bias and Prejudice, Council for Cultural Cooperation, Strasbourg, 1995.

CRAIG GA: From Bismarck to Adenauer : aspects of German statecraft, Baltimore: John Hopkins Press, 1958.

CRAWLEY, A: De Gaulle : A Biography, Collins, St. James Place, London, 1969.

CREPON, M: Heterogenous Identities, in a Colloquy: "European Identities"@ [www. coe. int](http://www.coe.int), 24.17.01.

CULTURE: Current state and prospects@ <http://europa.eu.int/> scadplus, 10.08.2001.

DAVIES, N: A History of Europe, Oxford University Press, 1966.

DELANTY, G: Inventing Europe, MacMillan Press, London, 1995.

DE MEEUWS, A: History of the Belgians, Praeger, New York, 1962.

DEPREZ, K en VOS, L: Nationalism in Belgium : Shifting identities, 1780 - 1995, Basingstoke, Hampshire, 1998.

DE VILLIERS, B en DELMARTINO, F: Institutional development in divided societies. HSRC, Pretoria, 1998.

DE WINTER, L en TURSAN, H: The Belgian Presidency, Research and Policy Paper no 13, Groupement D 'Etudes Et De Recherches, Notre Europe, Junie 2001.

DIEBOLD, W: The Schumann Plan, Praeger, New York, 1959.

DUCHENE, F: Jean Monnet : The first statesman of inter-dependence, New York, N.Y. Norton, 1994.

EDUCATION COMMITTEE OF COUNCIL OF EUROPE: Learning and teaching about the history of Europe in the 20<sup>th</sup> Century in secondary schools, Strasbourg, 1996.

EGGES MULDER, C: Twee maal Europa : Handboek vir die Europaraad en die Europese Gemeenskap, Van Schaik, Pretoria, 1980.

EINZIG, P: The case against joining the Common Market, London, MacMillan, 1971.



ETZIONI, A: Political Unification : A comparative study of leaders and forces, New York, Holt, Rinehart, 1965.

EUROPEAN PARLIAMENT FACT SHEETS 1.1.1: The First Treaties  
[@www.europarl.eu.int](http://www.europarl.eu.int), 19.01.2001.

EUROPEAN PARLIAMENT FACT SHEETS 1.1.2: Developments up to the Treaty of Maastricht [@www.europarl.eu.int](http://www.europarl.eu.int), 19.01.2001.

FOWLER, S: National identity and the renewal of democracy, Potchefstroom : Institute of Reformational Studies, Potchefstroom University for CHE, 1991.

FRIEDMAN, J: Cultural Identity and global processes, London, Sage, 1994.

FURSDON, E: The European Defence Community : A History, London, Macmillan, 1980.

GEORGE, S: Britain and European integration since 1945, Historical Association Studies, Blackwell, Oxford 1991.

GUSTAVSON, S en LEWIN, L (reds): The future of the nation-state; Nerenius and Sonterus Publishers, 1996; Publishers. 1996.

HAAS, EB: The Uniting of Europe: Political, Social, and Economic Forces, Stanford University Press, Stanford, 1958.

HALL, S en DU GAY, P: Questions of cultural identity, London, Sage, 1996.

HALLSTEIN, W: Europe in the making, London, Allen and Unwin, 1972.

HARRISON, RJ: Europe in Question, George Allen and Unwin, Birkenhead, Great Britain, 1974.

HASELER, S: The English Tribe : Identity, Nation and Europe, MacMillan Press, London, 1996.

HEATER, D: The Idea of European Unity, Leicester University Press, London, 1992.

HEATH, E: Old World, New Horizons : Britain, the Common Market, and the Atlantic Alliance, London, Oxford University Press, 1970.

HELLER, FH en GILLINGHAM, JR (reds): Nato : The founding of the Atlantic Alliance and the integration of Europe, Basingstoke, 1992.

HELMREICH, J: Belgium and Europe : A Study in small power diplomacy, The Hague, 1976.

HEUSER, B en O'NEILL, R (reds): Securing peace in Europe, 1945-62, Thoughts for the post-Cold War era, Basingstoke, 1992.

HEYLIGHEN, F: Belgium : Society Character and Culture - an essay on the Belgium identity, Principia Cybernetica Web, @ <http://pespmc1.vub.ac.be/BELGCUL2.html>, June 1991 modified Dec.

HINSLEY, FH: Sovereignty, 2<sup>nd</sup> edition, Cambridge University Press, Cambridge, 1986, Reprinted, 1989.

HOFFMANN, C: Language, Culture, and communication in contemporary Europe, Cleveland, England, 1996.

JOHNSON, P (red): Twentieth Century Britain : Economic, Social and Cultural Change, Longman Group, Harlow, Essex, 1994.

JUNOR, P : The Major Enigma, Michael Joseph Ltd, Great Britain, 1993.

KITZINGER, UW: Diplomacy and Persuasion : How Britain joined the Common Market, London, Thames and Hudson, 1973.



KOCHLER, H: "How can Democratic citizenship be exercised on the Transnational Level, in Decision-making procedures of the European Institutions and Democratic Legitimacy", in 'n verslag voorberei vir die Raad van Europa se navorsingsprojek "European Studies for Democratic Citizenship", Innsbruck, 1999.

KOTZE, DvZ: Winston S Churchill - sy visie vir Europese eenheid, Universiteit van Stellenbosch, 1994.

KYMLICKA, W: Multi-cultural citizenship : a liberal theory of minority rights, Oxford, Clarendon, 1996.

MACDONALD, S (red): Approaches to European historical consciousness : Reflections and provocations, edition Korber Stiftung, Hamburg, 2000.

MACMILLAN, H: Tides of Fortune 1945 -1955, London, 1969.

MACMILLAN, H: Riding the Storm 1956 - 1959, London, 1971.

MACMILLAN, H: Pointing the Way 1961 - 1963, London, 1973.

MAJOR, J: John Major, The Autobiography, Harper Collins, New York, 1999.

MAYO, PE: The Roots of Identity; Penguin Books, London, 1974.

MCCORMICK, N: Sovereignty, Democracy and Subsidiarity in R. Bellamy, V. Bufacchi, en D. Castiglione (eds); Democracy and Constitutional Culture in the Union of Europe, Lothian Foundation, London, 1995.

MCCORMICK, N: Beyond the Sovereign State, Modern Law Review, 56 (1990, 1).

MEEHAN, E: Citizenship and the European Community, Routledge, London, 1993.

MILES, R en THRÄNHARDT, D (reds): Migration and European Integration, Pinter Publishers, London, 1995.

MURPHY, AB: The regional dynamics of language differentiation in Belgium : A study in cultural-political geography, University of Chicago, Ill., 1988.

NELSON, B: The Idea of Europe : Problems of National and Transnational Identity, Oxford, 1992.

OOMMEN, TK: Citizenship and National Identity : from colonialism to globalism, New Delhi, Sage, 1970.

PATTEN, C: Sovereignty and Democracy in the European Union, The European Commission, [http:// europa.eu.int](http://europa.eu.int), 10.08.2001.

PETERSMAN, EU: The Moral foundation of the European Union's Foreign Policy Constitution defining "European Identity "for the benefit of E U citizens, University of St. Gallen, Biblio Europe.

PINDER, J: Britain and the Common Market, London: Cresset, 1961.

POOLE, R: Nation and Identity, Routledge, London, 1999.

PRESTON, PW: Political / Cultural Identity : Citizens and Nations in a global era, Sage Publications, London, 1997.

REX, J: Ethnic minorities in the modern nation state : working papers in the modern theory of multi-culturalism, Basingstoke, Hampshire, MacMillan, 1996.

RIDDELL, P: The Thatcher Era and its legacy, Basil Blackwell Inc., Cambridge, second edition, 1991.

SCHLESINGER, AJ : A Thousand Days : John F Kennedy in the White House, Andre Deutsch, 1965.

SCHOPFLIN, G: Nations, Identity and Power, The new politics of Europe, C Hurst and Co., May 2000.



SHAW, J: Citizenship of the Union, Towards post-National membership?, Harvard Jean Monnet Working Paper 6/97, 1997.

SHORE, C: Building Europe, Routledge, London, 2000.

SLATER, J: Teaching history in the new Europe, Cassel, 1995.

SOLEDAD, G (red): European Identity and the search for legitimacy, London, 1993.

SPAACK, PHC: The Continuing Battle : Memoirs of a European, 1933 -1966, London, Weidenfeld, 1971.

SPINELLI, A: The Eurocrats : Conflict and Crisis in the EEC, John Hopkins, Baltimore, 1966.

STRADLING, R: Mutual Understanding and the Teaching of European History: Challenges, Problems, and Approaches, Council for Cultural Cooperation, Prague, Czech Republic, 24 - 28 October, 1995, Strasbourg, 1996.

STRYDOM, HA: The International & Public Law Debate, Bloemfontein, 1996.

THATCHER, M: The Downing Street Years, Harper Collins Publishers, London, 1993.

THIESE, AM: Formation of National Identities; Regional and Transnational Identities, in a Colloquy : The European Identity @ [www. coe](http://www.coe).

THE EUROPEAN TASK FORCE ON CULTURE AND DEVELOPMENT: In from the Margins, Council of Europe, Council of Europe Publishing, Germany, 1997.

THE ABC OF THE EUROPEAN UNION: Citizenship@ <http://europa.eu.int>, 1999.

THORPE, A: A History of the British Labour Party, MacMillan Press Ltd, London, 1997.

URWIN, D: The Community of Europe : A History of European Integration since 1945, Longman, 1992.

URWIN, D: Western Europe since 1945, Longman, London, 1978.

VAN DER LEEUW-ROORD, J: The State of History Education in Europe, Edition Korber - Stiftung, Hamburg, 1998.

VERDRAG VAN ROME : <http://www.europa.eu.int/eur-lex/en/treaties/index.html>

WEILER, JJH: To be a European Citizen-Eros and Civilization, Journal of European Public Policy, vol 4, no. 4, Biblio Europe, 1997.

WEILER, JJH: The Constitution Of Europe - Cambridge University Press, United Kingdom, 1999.

WINAND, P: Eisenhower, Kennedy, and the United States of Europe, London, 1993.

WURM, C (red) : Western Europe and Germany, German Historical Perspectives IX, Berg Publishers, Oxford, 1995.

WERTS, J: The European Council, Amsterdam: North-Holland, 1992.

WIECHERS, M: Die Staat, Teorie en Praktyk, Pretoria, Van Schaik, 1996.

WILLIS, FR: Italy chooses Europe, Oxford University Press, New York, 1971.

YOUNG, JW: Britain, France and the Unity of Europe, Leicester University Press, Leicester, 1984.

ZETTERHOLM, S: National Cultures and European integration, Berg Publishers, 1994, Oxford.



**PERIODIEKE PUBLIKASIES**

KAPP, PH: M.A. Geskiedenis Voorlesings, Universiteit Stellenbosch.

LAURENT, PH: The Diplomacy of the Rome Treaty, *Journal of Contemporary History*, 1972, 7.

SMITH, A: National Identity and the Idea of European Unity, *International Affairs*, 68(1), 1992.